

**NIE-FORMELE OPLEIDINGSGELEENTHEDE VIR  
VROUVEGANGENES IN DIE WES-KAAP**

deur

**YVETTE CHARMAINE BASSON-REGUE**

Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad

**MAGISTER IN TECHNOLOGIE: ONDERWYS**

Skool vir Onderwysersopleiding  
aan die

**KAAPSE TECHNIKON**

**STUDIELEIER: PROF SM WELGEMOED**


**OKTOBER 1999**

---

## VERKLARING

---

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie voorheen in die geheel of gedeeltelik by enige ander technikon ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.



---

Handtekening

---

Datum

---

## **VERKLARING**

---

Ek, Ursula Smith, verklaar hiermee dat die taalversorging in hierdie tesis deur my gedoen is.



✓ Handtekening

1.11.99

Datum

---

## BEDANKINGS

---

Ek wil graag my opregte dank en waardering teenoor die volgende persone uitspreek:

- Prof Marietha Welgemoed, my studieleier, wat kon begryp voordat daar nog woorde was, vir haar geduld, motivering en bekwame leiding.
- Dr J Coetzee, Hoof van Onderwys: Korrektiewe Dienste Wes-Kaap, vir sy belangstelling, ondersteuning en samewerking.
- Hagard Trust, vir hul finansiële bystand om hierdie projek moontlik te kon maak.
- Mn Chris Lombard, Departement van Openbare Betrekkinge aan die Kaapse Technikon, vir sy bemiddeling en die administrasie van bogenoemde befondsing.
- Departement van Korrektiewe Dienste vir hul ondersteuning en toestemming om steekproewe by verskeie gevangenisse te doen.
- Gevangenisse (Worcester, Pollsmoor, George en Pretoria) vir hul gasvryheid en ondersteuning tydens persoonlike besoeke afgelê.
- My ouers vir hulle groot liefde, ondersteuning en geloof in my.
- My man, Edward, vir sy liefde, geduld, motivering, opofferings en ondersteuning.

Ek is dankbaar teenoor my Hemelse Vader sonder wie niks bereik kon word nie. Aan Hom al die eer.

Yvette

---

## OPSOMMING

---

Toenemende getalle vroue word gevagensisstraf opgelê. Ook verhoorafwagtendes moet 'n tyd in 'n gevagensis deurbring. Daar word aanvaar dat misdaad gestraf moet word, maar terselfdertyd kan en behoort dit omskep te word sodat menslike potensiaal in leergeleenthede ontwikkel kan word.

Persoonlike belangstelling en empatie met vroue aan wie gevangestraf opgelê word, het as motivering tot hierdie studie gedien. Die verdere oortuiging dat sodanige vroue reeds gestraf is wanneer hulle hulle vonnis begin uitdien en dat gevängestraf van dan af op rehabiliterasie behoort te fokus, was die uitgangspunt vir die navorsing.

Die vraag wat gevra is, is watter leergeleenthede word vir vroue in die gevagensis geskep, en indien onvoldoende wat individuele behoeftes betref, wat kan gedoen word om rehabiliterasie en die gevolglike inskakeling by die samelewing na ontslag te vergemaklik en/of te bevorder.

Twee empiriese studies is onderneem om die data soos in 'n situasie-analise geïdentifiseer, te bekom. Eerstens is 'n landwyse opname met behulp van die opleidingshoof van die Departement van Korrekiewe Dienste gedoen om te bepaal watter opleiding beskikbaar is. Die bevinding wat in hoofstuk twee van hierdie tesis aangebied word, toon dat sodanige geleenthede skraal en ongestructureerd is. Dit is inderdaad besonder onvoldoende en selfs ondoeltreffend in vergelyking met wat vir manlike gevangenes beskikbaar is.

Hierdie algemene, nasionale opname is vervolgens aangevul met besoeke aan Wes-Kaap gevagensse waar dames aangehou word. Onderhoude is met laasgenoemde sowel as beheerbeamptes gevoer. Spesifieke behoeftes is geïdentifiseer, wat saam met die eerste opname die navorsing staat gestel het om sinvolle aanbevelings te kon maak.

Hoofstuk drie van die studie is gewy aan programontwerp, 'n kurrikulummodel is geïmplementeer om bogenoemde data te struktureer en menslike werklikheidsaspekte is as kriterium benut.

‘n Opsomming en aanbevelings tot verbeterde leergeleenthede vir vrouegevangenisse rond die studie af. Kriteria vir die ontwerp van opleidingsprogramme word aangebied en daar word spesifiek verwys na die rol van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk en die akkreditering van leeruitkomste in die vorm van eenheidstandaarde.

Die hoop word uitgespreek dat bogenoemde ‘n verskil sal maak, nie slegs tot die rehabilitasie van die vrou in die gevangenis nie, maar ook vir die bestuurder(s) van die leergeleenthede en vir die vrou om na ontslag haar leefwêreld positief te kan verander.

---

## SUMMARY

---

Imprisonment is imposed on increasing numbers of women. Women on trial are also spending time in prisons. It is accepted that crime must be punished but it should and can simultaneously be transformed so that human potential can develop into learning opportunities.

Personal interest and empathy with imprisoned women served as motivation for this study; the starting-point being a further conviction that such women have already been punished when starting to serve their sentence and that imprisonment should from then on focus on rehabilitation.

The question is what learning opportunities are created for women in prisons, and if insufficient as far as individual needs are concerned, what can be done to facilitate and/or contribute to rehabilitation and the subsequent re-admittance to society upon discharge.

Two empirical studies were undertaken in order to obtain the data identified in a situation analysis. A national survey was undertaken in the first place with the aid of the Chief of Training, Department of Correctional Services, in order to determine the training available. The finding provided in Chapter Two of this thesis, shows such opportunities to be rare and unstructured. In comparison with that available to male prisoners, it is indeed quite insufficient and even ineffective.

In addition to this general national survey, visits were made to Western Cape prisons where ladies were held. Interviews were conducted with the latter as well as with control officers. Specific needs were identified, which, together with the first survey, enabled the researcher to make meaningful recommendations.

Chapter Three of this study was devoted to programme design, a curriculum model was implemented in order to provide structure to the above data, and aspects of human reality was utilised as criterium.

A summary and recommendations for improved learning opportunities for female prisons complete the study. Criteria for the design of training programmes are provided and specific mention is made of the role of the National Qualification Framework and accreditation of learning outcomes in the form of unit standards.

It is hoped that the above will make a difference, not only as far as the rehabilitation of women in prisons is concerned, but also with regard to the manager(s) of the learning opportunities as well as the women to enable them to make a positive change to their living environment upon discharge.

---

## **AFKORTINGS**

---

CEPD	-	Centre for Education Policy Development
NGO'S	-	Nie-regeringsorganisasie
NICRO	-	National Institute for Crime Prevention and Rehabilitation of Offenders
NIMRO	-	Nasionale Instituut vir Misdaadvoorkoming en Rehabilitasie van Oortreders
NKR	-	Nasionale Kwalifikasieraamwerk
NQF	-	National Qualification Framework
NSB	-	National Standards Bodies
OBE	-	Outcomes-based Education
OBL	-	Outcomes-based Learning
POPCRU	-	Police and Prison Civil Rights Union
RPL	-	Recognition of Prior Learning
SAQA	-	South African Qualification Authority
SGB	-	Standards Generating Bodies
UBL	-	Uitkomsgebaseerde Leer

---

## INHOUDSOPGawe

---

### **HOOFSTUK 1**

#### **PROBLEEMSTELLING EN ORIËNTERING**

#### **BLADSY**

	<b>BLADSY</b>
1.1 Inleiding	2
1.2 Doel van die ondersoek	4
1.3 Probleemstelling	4
1.4 Metodologie	5
1.5 Relevante begrippe	7
1.5.1 Rehabilitasie	7
1.5.2 Opleiding, onderrig en onderwys	8
1.5.3 Gevangenis	8
1.5.4 Gevangene	9
1.5.5 Opvoeding	9
1.5.6 NKR (NQF)	9
1.5.7 UBL (OBE)	10
1.5.8 Kritiese uitkomste	10
1.5.9 RPL	11
1.5.10 SAQA	11

**HOOFSTUK 2****OPLEIDINGSGELEENTHEDE VIR VROUEGEVANGENES****BLADSY**

2.1	Inleiding	13
2.2	Onderwys en opleiding in die Departement van Korrektiewe Dienste: ‘n oorsig	13
2.3	Bestaande opleidingsgeleenthede vir vroue in gevangenisse (nasionaal)	19
2.3.1	Metodologie	19
2.3.2	Bevinding	27
2.4	Bestaande opleidingsgeleenthede vir vroue in Wes-Kaapse gevangenisse (Worcester, George, Pollsmoor)	28
2.4.1	Metodologie	28
2.4.1.1	Data-insameling d.m.v. onderhoudvoering	29
2.4.2	Toepassing	31
2.4.2.1	‘n Model vir onderhoudvoering	32
2.4.2.2	Magtiging vir besoeke aan gevangenisse en gesprekvoering met gevangenes	33
2.4.2.3	Besoekpunte en skakelpersone	35
2.4.2.4	Bevinding: data uit onderhoude bekom	36
2.5	Samevatting	46

## **HOOFSTUK 3**

### **KURRIKULERING VIR LEERGELEENTHEDE VIR VROUEGEVANGENES IN WES-KAAPSE GEVANGENISSE**

#### **BLADSY**

3.1	Oorsig en beplanning	50
3.1.1	Opleiding en leer: ‘n perspektief	51
3.2	Filosofieë oor kurrikulering	55
3.2.1	‘n Filosofiese grondslag	55
3.2.2	Kurrikulumbenaderings	57
3.3	Die keuse van ‘n model vir kurrikulering vir opleiding aan vrouegevangenes	60
3.3.1	Oop sisteemmodel	60
3.3.2	Gesloten sisteemmodel	61
3.3.3	‘n Ontleding van die komponente van die voorgestelde model	64
3.3.3.1	Situasie-analise/behoeftepeiling (komponent 1)	65
3.3.3.2	Doelformulering (komponent 2)	70
3.3.3.2.1	Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)	71
3.3.3.3	Seleksie en ordening van leerinhoud (komponent 3)	76
3.3.3.4	Implementering (komponent 4)	81
3.3.3.5	Evaluering (komponent 5)	82
3.4	Samevatting	87

## **HOOFSTUK 4**

### **SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS**

#### **BLADSY**

4.1	Samevatting	89
4.2	Gevolgtrekking	91
4.3	Aanbevelings	93
4.3.1	Die strukturering van leergeleenthede	93
4.3.2	Andragogies-didaktiese verantwoordbaarheid	97
4.3.3	Diversiteit, verskeidenheid en behoeftegerigtheid	99
4.3.4	Holisme en balans in leerprogramsamestelling en -aanbieding	99
4.4	Temas vir verdere navorsing	100
4.5	Slot	101
	<b>BRONNELYS</b>	102

BYLAAG A	Brief, vraelys, tabel	106
BYLAAG B	Navorsingsaansoek	110
BYLAAG C	Aansoekbriewe	118

---

**LYS VAN FIGURE**

---

**BLADSY**

Figuur 2.1	Onderwys en opleiding in die Departement van Korrektiewe Dienste	17
Figuur 2.2	'n Model vir onderhoudvoering	32
Figuur 3.1	'n Kurrikulummodel vir volwassene-opleiding	62
Figuur 3.2	Fases in kurrikulumontwerp met strukturerende vrae	63
Figuur 3.3	Nasionale Kwalifikasieraamwerk	72

**TABELLE****BLADSY**

Tabel 2.1	Vraelys/tabel	20
Tabel 2.2	Opsomming van terugvoering	21 - 26
Tabel 2.3	Besoekpunte en skakelpersone	35
Tabel 2.4	Worcester Vrouegevangenis: 'n opsomming	41
Tabel 2.5	George Gevangenis: 'n opsomming	44
Tabel 3.1	'n Opsomming van perspektiewe op didaktiese beginsels	54
Tabel 3.2	Filosofieë wat kurrikulering beïnvloed	56
Tabel 3.3	'n Oorsig van kurrikulumbenaderings	58
Tabel 3.4	Vergelyking van oop en gesloten modelle	61
Tabel 3.5	Menslike werklikheidsaspekte	78
Tabel 4.1	Menslike werklikheidsaspekte: kriteria vir programontwerp	98
Tabel 4.2	Leergeleenthede	99

# **HOOFSTUK 1**

## **PROBLEEMSTELLING EN ORIËNTERING**

### **BLADSY**

1.1	Inleiding	2
1.2	Doel van die ondersoek	4
1.3	Probleemstelling	4
1.4	Metodologie	5
1.5	Relevante begrippe	7
1.5.1	Rehabilitasie	7
1.5.2	Opleiding, onderrig en onderwys	8
1.5.3	Gevangenis	8
1.5.4	Gevangene	9
1.5.5	Opvoeding	9
1.5.6	NQF	9
1.5.7	UBL (OBE)	10
1.5.8	Kritiese uitkomste	10
1.5.9	RPL	11
1.5.10	SAQA	11

---

## HOOFSTUK

### 1

---

#### 1.1 INLEIDING

“No man is voluntarily bad, but the bad becomes bad by reason of ill disposition and bad education, things which are hateful to every man and happen to him against his will.”

Plato.

Vroue net soos mans, word gevangersstraf opgelê weens ‘n verskeidenheid misdade wat gepleeg word. Tydens vonnisoplegging word ‘n spektrum van versagtende omstandighede in berekening gebring, maar die oortreder word gevennis en “verdwyn” in gevangeskap. Hierdie “verdwyning” wat vir aansienlike tydperke van hulle lewens duur, gee aanleiding tot die kwessie van rehabilitasie. Wat word vir dié vroue gedoen, noudat hulle gestraf is, om hulle “op te help” sodat hulle weer kan probeer om waardige lede van die samelewing te wees?

Hierdie vraag word beantwoord aan die hand van die visie van die Departement van Korrektiewe Dienste:

“... to be an excellent correctional (navorsing se beklemtoning) service in the interest of the community and those that are entrusted to our care.”

asook deur die missie:

“... to render a correctional service in order to contribute to community protection, stability and development” (navorsing se beklemtoning).

As die twee beklemtoonde aspekte naamlik korreksie en ontwikkeling uit bogenoemde aanhalings uitgelig word, word die gedagtes van die didaktikus by uitstek geprikkel. Uit hoofde van sy/haar toewyding tot die aksie van onderrig en leer spreek die rol van ontwikkeling pertinent met betrekking tot die lot van ‘n gevangene. As “korreksie” en “ontwikkeling” voorgestaan word, is dit onvermydelik dat die intervensie van opleiding

(onderrig en opvoeding) nie slegs wenslik nie, maar noodsaaklik is. Daar bestaan nie twyfel oor die feit dat opleiding ‘n “oplossing” bied vir hierdie vrou wat moet aanvaar dat sy, weens haar oortreding, in ’n nuwe modus moet inbeweeg nie. Sy moet die beste daarvan maak sodat sy, ter wille van haarself, maar ook van haar naastes, weer by ontslag die wêreld “in die gesig kan kyk”.

Kritiek oor die doeltreffendheid van ‘n gevangenis om “misdaadvoorkomend en korrektief” te reageer, is onder ander deur Fox (1977) en Toch (1976) gelewer. Toch (1976:114) voer onder ander aan: “Whatever else prisons are, they are wasteful.... The investment is too large for the result”.

Dit is egter hier waar dikwels unieke geleenthede bestaan om te kompenseer vir gebrekkige, onbenutte of nie-bestaaende geleenthede tot persoonsontwikkeling, waarvan misdadige gedrag waarskynlik ‘n manifestasie kan wees.

Weldeurdagte, geldige, andragogies-didaktiese leergeleenthede beskik oor aansienlike potensiaal om “korrektief” en “misdaadvoorkomend” te wees. Die motivering vir hierdie projek is dus gerig op opleiding en die rehabilitasieprognose wat dit vir ‘n gevangene bied. Die sinvolheid daarvan om aan ‘n oortreder wat deur die reg gevangenisstraf opgelê is, programme beskikbaar te stel wat holistiese ontwikkeling d.w.s. kognitief, affektief en psigomotoriese groei ten doel het, verdien beklemtoning en regverdig die lewensvatbaarheid van hierdie navorsing.

Deur die beskikbaarstelling van opvoedende onderrig kan die gevangene die geleentheid gebied word om die negatiewe ervaring van gevangesettin, om te skakel in ‘n positiewe geleentheid om haar ongerealiseerde potensiaal te ontwikkel. Terselfdertyd kan die aanwending van fondse om gevangenes in aanhouding te hou, met ‘n relatief geringe verdere inset as ‘n belegging in bevolkingsontwikkeling beskou word.

Wanneer die sinvolheid daarvan aanvaar word dat meer leergeleenthede aan die bœe Suid-Afrikaanse gevangenebevolking beskikbaar gestel behoort te word, en wanneer dit die verbetering van lewenskwaliteit en die bevordering van geestesgesondheid ten doel het. ontstaan die vraag: Hoe moet hierdie “leergeleenthede” beplan, gestructureer,

geïmplementeer, geëvalueer en bestuur word, ten einde effektiief te wees? Dit is hierdie aspekte wat in hierdie studie nagevors word.

## 1.2 DOEL VAN HIERDIE ONDERSOEK

Die studie stel ten doel:

- om die rol van opleiding ten opsigte van vrouegevangenes te verifieer, en
- om aanbevelings tot verantwoordbare, uitkomsgerigte opleidingsgeleenthede te aktualiseer.

Die betekenisvolheid van hierdie navorsing lê dus daarin dat dit daarop gerig is om 'n behoeftapeiling ten opsigte van opleidingsprogramme vir vrouegevangenes te doen, om tot verbeterde opleidingsprogramme te kurrikuleer en/of om nuwe opleidingsgeleenthede te skep, en sodoende aktueel by te dra tot opbouende gevangeskap en die rehabilisatie van gevangenes.

## 1.3 PROBLEEMSTELLING

Hierdie studie bevraagteken die geldigheid en/of didaktiese verantwoordbaarheid van opleiding vir vrouegevangenes. Benewens die vereiste herstrukturering van opleiding om dit in ooreenstemming met die nuwe Nasionale Kwalifikasieraamwerk en die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid te bring, kan daar intrinsiek baie gedoen word om opleidingsgeleenthede vir gevangenes, veral vroue, te verbeter. 'n Herkunlikuleringsaksie is inderdaad nie slegs wenslik nie, maar noodsaaklik.

Een aanvaarde strategie wat geïmplementeer kan word om op "veranderde gedrag" te dui, is dié van normatiewe, doelgerigte en doelbewuste OPLEIDING volgens 'n bestaande behoefte. In 'n loodsstudie is bevind dat daar beduidende ruimte vir verbetering in die huidige opleidingsgeleenthede vir vrouegevangenes bestaan. 'n Aanvoorgesprek tot die huidige navorsing (Rabie, 1997) het die intensiteit van die probleem uitgelig naamlik dat talle vroue, onder andere jong vroue wat baie by opleiding kan baat, nooi: 'n geleentheid

tot die aanleer van “korrektiewe” veranderde gedrag kry nie.

Dit dui daarop dat die potensiaal van bogenoemde leergeleenthede (opleiding) nog nie na behore ontgin of benut is nie. Hierdie navorsing poog om die talte probleme van ledigheid, aggressie ensomeer wat uiteraard die gevangene se emosies kenmerk, in ‘n positiewe rigting te kanaliseer deur deelname aan motiverende, sinvolle leergeleenthede.

Opleidingsbehoeftes sal dus vervolgens gepeil en strategieë bedink word om sodanige leergeleenthede vir vrouegevangenes te kan aanbeveel.

#### 1.4 METODOLOGIE

Die metodologie wat geïmplementeer sal word, behels die volgende.

- ‘n Literatuurstudie, om lig te werp op die gevangeris as onderrig- en leermilieu en om insig te bekom in die vrou se omstandighede as gevangene. Hiervoor sal op die hulp van die Departement van Korrektiewe Dienste en spesifiek die Departement van Navorsingsadministrasie, staatgemaak word
- ‘n Analise van bestaande, beskikbare opleidingsprogramme spesifiek vir vroue in ‘n gevangeris.
- Die literatuur sal bestudeer word om lig te werp op kurrikulering. Verskillende benaderings tot hierdie proses sal ondersoek word om die mees toepaslike modus te kan selekteer om as onderbou te dien vir die aktiwiteit wat onderneem sal word.
- Gevangenisse in die Wes-Kaap (waar vroue aangehou word) sal besoek word, onderhoude met opleiers in gevangenis gevoer en ‘n vraelys gebruik word om eerstehandse kennis en insig te bekom oor die werklike huidige scenario en behoeftte ten opsigte van opleiding (en bes moontlik opvoeding) ten einde ‘n geldige behoeftapeiling as eerste stap vir kurrikulering te doen.

- Antwoorde op byvoorbeeld die onderstaande vrae sal gesoek word:
  - (a) Wat is die huidige stand van opleiding vir vroue in 'n gevangenis?
  - (b) Hoe sien opleidingsprogramme inhoudelik daar uit?
  - (c) Wie bied die programme aan?
  - (d) Waar word dit aangebied?
  - (e) Watter uitkomste word beoog?
  - (f) Wie is die leerder; wie neem aan die opleiding deel?
  - (g) Wanneer word dit aangebied?
  - (h) Watter fasilitete is beskikbaar?
  - (i) In watter mate word prestasie gepeil en/of erken?
- Die toepassing van 'n kurrikulummodel om kriteria vir 'n kurrikulum te kan aanbied. Ten aanvang sal 'n analise van kurrikuleringsmodelle gedoen word ten einde die navorser in staat te stel om 'n toepaslike, spesifieke model saam te stel, wat geïmplementeer sal word vir die kurrikulering van die opleidingsprogram wat beoog word. Inligting deur die literatuurstudie ingewin en aangevul deur die bevinding van die empiriese studie, sal dan benut word vir die strukturering van die program na aanleiding van die komponente van die model.
- 'n Databasissoektog sal gedoen word met betrekking tot voltooide en lopende navorsing oor vroue in die gevangenis en aangetekende opleidingsaangeleenthede vir hulle. Dit sal opgevolg word deur 'n algemene literatuurstudie om die temas opleiding, programontwerp, andragogiek en volwasseneleer en kurrikulering te belig. Ten einde agtergrondkennis vir die studie in te win, is hoofsaaklik sekondêre bronne geraadpleeg. Verskeie indekse en databases soos INTERNET, SABINET en INTERNE-LENINGSBIBLIOTEEK gaan gebruik word om inligting te bekom. Tot op hede is min of geen beduidende navorsing ten opsigte van die toepassing van opleidingsprogramme vir vrouegevangenisse in Suid-Afrika gedoen nie, wat duidelik 'n leemte op hierdie gebied aandui en die huidige studie des te meer relevant maak.

Die empiriese studie wat beoog word, sal spesifiek gemik wees op:

- 'n opname van bestaande leergeleenthede vir vroue in die gevangenis;
- vrouegevangenes se deelname aan bestaande programme;
- die behoeft(s) van gevangenes, deur by hulself te verneem wat hul behoeftes met betrekking tot leergeleenthede is. Besoek sal gebring word aan gevangenis om hierdie data te kan bekom;
- insette van gevangenisowerhede, en omstandighede in die interne en eksterne omgewing wat opleiding beïnvloed;
- die bronre (menslike hulpbronre), fasilitete en logistieke wat in die gevangenis beskikbaar is;
- die beleid ten opsigte van opleiding vir gevangenes; en
- onderwys- en opleidingsgeleenthede in gevangenissoe oor die algemeen.

Die bevinding van bovenoemde studie sal aangewend word as data vir die situasie-analise-fase, wat as vertrekpunt in die voorgestelde kurrikuleringsoefening sal dien.

## 1.5 RELEVANTE BEGRIPPE

### 1.5.1 **Rehabilitasie**

Wat 'n outeur ook al as "rehabilitasie" bedoel, dit bly tog 'n onontkombare feit dat die begrip in die eerste plek op 'n "terugkeer" of "herstelling in 'n vroeëre staat of stand" dui, soos ook in die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal aangedui word (1985:890). Die vraag is tot welke "vroeëre stand" daar "teruggekeer" wil word met hierdie gevangenes van wie baie ongeletterd is en nie oor die nodige lewensvaardighede beskik om aan die eise van die industrieel-gevorderde samelewing te voldoen nie.

### **1.5.2 Opleiding, onderrig en onderwys**

Die doel van opleiding is om nuwe vaardighede en kennis of kundigheid te ontwikkel en 'n verbetering in prestasie tot gevolg te hê. Patrick (1992:2) definieer opleiding as: "... the systematic development of the attitudes/knowledge/skills behaviour pattern required by an individual in order to perform adequately, a given task or job...". Hieruit kan dan afgelei word dat opleiding ten nouste met die teorieë of beginsels van leer en die verwerwing van vaardighede gemoeid is. Opleiding behoort dus 'n leerproses tot gevolg te hê.

Aangesien dit aangewend word om werkprestasie te verbeter deur werknemers in die geïdentifiseerde probleemareas op te lei (Patrick, 1992:111), kan opleiding dus 'n besonder beduidende rol in die lewe van 'n gevangene speel. Dit kan daartoe lei dat die gevangene haarself sover kan motiveer dat sy nie weer na die negatiwiteit van 'n samelewing sal terugkeer nie, maar in staat sal wees om haar kennis en vaardighede positief in die samelewing te kan aanwend.

Vir die doel van hierdie studie sal onderrig, onderwys en opleiding as sinoniem gesien word. Dit verwys na die leiding deur 'n opleier aan 'n vrouegevangene met die oog op die bereiking van 'n spesifieke en/of voorafbepaalde kritiese generiese uitkoms. Dit is dus die aktiwiteit wat ten doel het om 'n bepaalde leerinhoud by wyse van onderrig op so 'n wyse vir 'n persoon aan te bied, dat die persoon daaruit leer.

### **1.5.3 Gevangenis**

Dit is 'n inrigting waarin mense wat tot gevangenisstraf gevonnis is, aangehou word. In hierdie teks sal op vroue in Wes-Kaap gevangenisse gefokus wora. Die bevindings van die studie sal egter van toepassing wees op enige vrouegevangene. Die aanbevole opleidingsgeleenthede sal dus op die genoemde breeteikengroep van toepassing wees

#### **1.5.4 Gevangene**

‘n Gevangene is iemand wat deur die geregt gevange geneem is vir ‘n misdaad gepleeg. Die gevangenes waarna verwys word, is dames wat tydens die ondersoek (1998) ouderdomsgewys van jong volwassenes tot middeljarig gewissel het.

#### **1.5.5 Opvoeding**

Wanneer na opvoeding verwys word, impliseer dit die aktiwiteit wat plaasvind wanneer ‘n volwassene met meerdere kennis en insig doelbewus ‘n adolescent of ander volwassene-leerder met mindere kennis en insig onderrig, ten einde hom of haar te lei tot affektiewe onafhanklikheid en sosiale verantwoordelikheid, dit wil sê volwassenewording. Met betrekking tot die vrou in die gevangenis sal opvoeding, wanneer dit doelgerig en doelbewus tydens onderrig-leersessies ter sprake is, op die verwerwing/aanleer van lewensvaardighede fokus.

Laasgenoemde sal in die kurrikulering wat onderneem word, geplaas word teenoor kritiese (generiese) uitkomste soos deur die South African Qualifications Authority (SAQA) voorgestel (SAQA-bulletin). Hierdie uitkomste word in hoofstuk 3 in groter detail bespreek.

#### **1.5.6 NKR (NQF)**

Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) (NQF: National Qualification Framework) is gemik op levenslange leer, die integrering van onderwys en opleiding, erkenning van leer buite formele onderriginstellings en buigsaamheid en mobiliteit wat moontlik gemaak word deur krediettoedeling aan spesifieke leerresultate.

“An integrated approach to education and training, linked to the development of a new National Qualifications Framework (NQF) based on a system of credits for learning outcomes achieved, will encourage creative work on the design of curricula and the recognition of learning attainments wherever education and training are offered” (White Paper 1995:15)

### **1.5.7 UBL (OBE)**

UBL (Uitkomsgbaseerde Leer - “Outcomes-based Learning - OBL ”). Daar word algemeen na OBE (“Outcomes-based Education”) verwys. Die navorser is egter van mening dat uitkomste op leerresultate dui en dat dit meer toepaslik sou wees om na uitkomsgbaseerde leer te verwys. Vir die verwysing in hierdie studie sal dus na uitkomsgbaseerde leer verwys word.

### **1.5.8 Kritiese uitkomste**

Hierdie generiese, kritiese leeruitkomste, deur SAQA voorgestel, lui soos volg:

- “Identify and solve problems in which responses display that responsible decisions using critical and creative thinking have been made.
- Work effectively with others and one’s activities responsibly and effectively.
- Organise and manage oneself and critically evaluate information.
- Collect, analyse, organise and critically evaluate information.
- Communicate effectively using visual, mathematical and/or language skills in the modes of oral and/or written and health of others.
- Use science and technology effectively and critically, showing responsibility towards the environment and health of others
- Demonstrate an understanding of the world as a set of related systems by recognising that problem-solving contexts do not exist in isolation.”

In order to contribute to the full personal development of each learner and the social and economic development of the society at large, it must be the intention underlying any programme of learning to make an individual aware of the importance of:

- “Reflecting on and exploring a variety of strategies to learn more effectively;
- Participating as responsible citizens in the life of local, national and global communities;

- Being culturally and aesthetically sensitive across a range of social contexts;
- Exploring education and career opportunities, and
- Developing entrepreneurial opportunities” (SAQA - bulletin, 1997:4).

#### **1.5.9 RPL**

Een van die vernaamste eienskappe van die NKR is die “naatloosheid” daarvan. Hiervolgens kan die kennis en vaardighede wat tydens vorige leerervarings opgedoen is, ten opsigte van huidige leer erken word, en vandaar die spesifieke eienskapbenaming RPL (“Recognition of Prior Learning”).

“Outcomes-based learning makes it possible to credit learners’ achievements at every level, whatever learning pathway they may have followed, and at whatever rate they may have acquired the necessary competence. Consequently, it provides for the recognition of prior learning (RPL) and experience, awarding credits to learners who have had no formal education or training, provided they can demonstrate that they are able to meet the registered outcomes for the appropriate unit standards” (SAQA - bulletin, 1997:7).

#### **1.5.10 SAQA**

Die NQF is deur die HOP Witskrif (1994) en die Onderwys en Opleiding Witskrif (1995) goedgekeur (SAQA-bulletin, 1997:4).

Uit bogenoemde wetgewing het die SAQA (“South African Qualifications Authority”) tot stand gekom, met die oorkoepelende taak van die stel van standaarde en die kwaliteitskontrole daarvan.

## **HOOFSTUK 2**

### **OPLEIDINGSGELEENTHEDE VIR VROUEGEVANGENES**

	<b>BLADSY</b>
2.1 Inleiding	13
2.2 Onderwys en opleiding in die Departement van Korrektiewe Dienste: 'n oorsig	13
2.3 Bestaande opleidingsgeleenthede vir vroue in gevangenis (nasionaal)	19
2.3.1 Metodologie	19
2.3.2 Bevinding	27
2.4 Bestaande opleidingsgeleenthede vir vroue in Wes-Kaapse gevangenis (Worcester, George, Pollsmoor)	28
2.4.1 Metodologie	28
2.4.1.1 Data-insameling d.m.v. onderhoudvoering	29
2.4.2 Toepassing	31
2.4.2.1 'n Model vir onderhoudvoering	32
2.4.2.2 Magtiging vir besoeke aan gevangenis en gesprekvoering met gevangenes	33
2.4.2.3 Besoekpunte en skakelpersone	35
2.4.2.4 Bevinding: data uit onderhoude bekom	36
2.5 Samevatting	46
 TABEL 2.1 Vraelys/tabel	20
TABEL 2.2 Opsomming van terugvoering	21 - 26
TABEL 2.3 Besoekpunte en skakelpersone	35
TABEL 2.4 Worcester Vrougevangenis: 'n opsomming	41
TABEL 2.5 George Gevangenis: 'n opsomming	44
 FIGUUR 2.1 Onderwys en opleiding in die Departement van Korrektiewe Dienste	17
FIGUUR 2.2 'n Model vir onderhoudvoering	32

---

## HOOFSTUK

2

---

### OPLEIDINGSGELEENTHEDE VIR VROUEGEVANGENES: 'N ANDRAGOGIES-DIDAKTIESE PERSPEKTIEF

#### 2.1 INLEIDING

Die opleiding waarop gefokus word, is volwassene-opleiding en nie-formele opleiding, wat byvoorbeeld nie tot formele kwalifikasies sal lei nie.

Die doel van opleiding oor die algemeen is om nuwe vaardighede en kennis of kundigheid te ontwikkel en 'n verbetering in prestasie tot gevolg te hê. Patrick (1992:2) definieer opleiding as

“... the systematic development of the attitudes/knowledge/skills behaviour pattern required by an individual in order to perform adequately, a given task or job.”

So 'n stelling het besondere toepassingwaarde vir die vrou in die gevangenis. Die klem wat op “kennis, vaardighede en gedragspatrone” geplaas word, is van toepassing. Ander terme wat analise regverdig, is “perform adequately” wat op slegs die basiese bemeesterung van 'n leeraktiwiteit dui. Wat verder van belang is, is dat 'n taak “gegewe” is - weereens veral op die vrouegevangene van toepassing.

Programme word voorts gedefinieer as “*enige gestruukture rde aksie wat daarop gerig is om gevangenes positief te beïnvloed met die doel om die kwaliteit van hul lewe te verbeter en in stand te hou*” (Neser, 1989: 252).

#### 2.2 ONDERWYS EN OPLEIDING IN DIE DEPARTEMENT VAN KORREKTIEWE DIENSTE: 'N OORSIG

Die doel van ontwikkelingsprogramme in die gevangenis is om residivisme tot die minimum te beperk om daardeur beheer oor misdaad te probeer bewerkstellig. Sodoende word 'n bydrae tot die handhawing van samelewingsorde gelewer. Die “programme” se

uiteindelike doel is dus die hervorming van ‘n gevangene om te verseker dat hy/sy ná vrylating as goed aangepaste individu na die samelewing sal terugkeer. Vir die didaktikus kan “opleidingsprogramme” as sinoniem met “leergeleenthede” gestel word. Om leer te verseker, met ander woorde, om so ‘n program met effektiewe resultate te kan afsluit, beteken vir die opleier dat die persoon wat betrokke is inderdaad aktief sal deelneem; op eie oorweging, omdat sy **wil**. Die benaming “behandelingsprogram” soos na hierdie programme oor die algemeen verwys word (Jaarverslag, 1995:17), sal dus deur die didaktikus/opleier vervang word deur “opleiding” omdat dit nie eksterne “behandeling”, deur iemand anders, sonder die samewerking van die leerder (die persoon wat opgelei word), voorveronderstel nie.

Daar kan as’t ware van “terapie” gepraat word eerder as “behandeling”, omdat dit inderdaad van “twee kante af” kom en dus nie op “eensydige behandeling” dui nie.

Merton & Nisbet (1977:93, 94) plaas ‘n besondere klem op wat die werklike fokus van genoemde opleiding-cum-terapie behoort te wees, naamlik “veranderde gedrag” wat op “veranderde waardes” gemik moet wees. Hulle skryf soos volg:

“Probably the most prevalent conception of people who commit crimes is that they are special kinds of people: that they suffer from some illness or personality defect, or that they are committed to a culture that removes their moral inhibitions on certain kinds of criminal or delinquent behaviour. This suggests that we should seek to change their behaviour by trying to provide them with experiences that will correct the defect or change their values” (Merton & Nisbet, 1977:93.94).

Kragtens die bepaling van artikel 2 van die Wet op Korrektiewe Dienste, Wet 111 van 1998, word die werksaamhede van die Departement van Korrektiewe Dienste soos volg beskryf:

- “om te verseker dat elke gevangene wat in ‘n gevangenis aangehou word, daarin in veilige bewaring gehou word totdat hy wettiglik daaruit ontslaan of verwyder word;
- om, sover doenlik, sodanige behandeling op veroordeelde gevangenes toe te pas

as wat tot hul verbetering en rehabilitasie mag lei, en om hulle in **gewoontes van vlyt en arbeid op te lei**, (navorser se beklemtoning);

- die verrigting van alle werk wat nodig is vir, voortvloei uit, of in verband staan met die doeltreffende bestuur van die gevangenis, en
- om sodanige ander pligte te verrig as wat die Minister van tyd tot tyd aan die Diens opdra.”

Uit bogenoemde blyk dus duidelik, onder andere, die verbintenis van die Departement tot **opleiding**.

Verdere aspekte wat telkens genoem word, en spesifieke relevansie vir hierdie teks het, is:

- Menswaardige aanhouding en versorging van gevangenes met die erkenning en toepassing van die beginsels van menswaardigheid en menseregte,
- Beskikbaarstelling van ontwikkeling- en rehabiliteziedienste, en
- Suksesvolle herinskakeling van oortreders in die gemeenskap.

Die Departement ondersteun dus die standpunt dat oortreders die potensiaal het om as wetsgehoorsame burgers te funksioneer. Derhalwe word geleenthede geskep deur die daarstelling van fasilitete en die instelling van aansporingsmaatreëls met die oog op die ontwikkeling en rehabilitasie van die oortreder (Departement van Korrektiewe Dienste, Jaarverslag, 1995:3)

Een metode om genoemde onderneming van dié Departement te realiseer, indien nie die “enigste” of “belangrikste” nie, is **opleiding**. “Geleenthede”, “fasilitete” en “aansporingsmaatreëls” is goed en wel, maar as opleiding nie doelgerig, gestruktureerd en gekontroleerd onderneem word nie, sal die missie blote woorde bly en sal die voorneme met betrekking tot beide die samelewing en die individu in die gevangenis, ‘n onvrugbare poging wees.

Genoemde taak en verantwoordelikheid van die Departement van Korrektiewe Dienste word verder omskryf as om toe te sien dat in elke gevangenis **behoeftegerigte programme** daargestel word ten einde 'n gevangene se lewensvaardighede te verbeter en sodoende residivisme te beperk of te probeer voorkom. Hiermee word die belang van die gemeenskap beskerm, maar nie ten koste van die individu nie.

Die oorkoepelende vakkundige dienste wat deur die Departement van Korrektiewe Dienste aangebied word, was in 1997 soos volg:

- Onderwys- en opleidingsprogramme
- Godsdienssorgprogramme
- Maatskaplike werk
- Sielkundige dienste (Jaarverslag, 1997:17)

Ten einde onderwys (-dienste) te realiseer stel die Direktoraat van Onderwys en Opleiding die volgende opleidingstrategie aan gevangenes beskikbaar:

**FIGUUR 2.1: Onderwys en opleiding in die Departement van Korrektiewe Dienste**

**ONDERWYS**

**FORMELE ONDERWYS**

- \* Geletterdheidsprogramme
- \* Primêre Onderwys
- \* Sekondêre Onderwys
- \* Korrespondensiekursusse

**NIE-FORMELE ONDERWYS**

- \* Rekreasievaardighede  
(sokker, vlugbal en tafeltennis word aangeleer)
- \* Lewensvaardigheid (bv. Begrotingsbestuur)
- \* Biblioteekopvoeding

**OPLEIDING:** "Slegs beskikbaar vir gevangenes met geen opleiding om na ontslag in die arbeidsmark geakkommodeer te kan word."

**OPLEIDING**

**BEROEPSOPLEIDING**

- \* Bouwerk
- \* Werkwinkel  
(hout/metaalwerk)
- \* Dameshaarkappy

**ENTREPRENEURSAARDIGHDE**

**BEROEPGERIGTHEID  
VAARDIGHEIDSOPLEIDING**

Kokke
Kliners
Blokmanné
Kombuiswerskers
Slagpalewerk
Kantienwerk
Petroljoggies

Sweiswerk ("shoeing of horses")
Gassweiswerk ("melk van koeie")
Messelwerk
Houtwerk
Nasilwerk
Laslapwerk
Leerwerk

Pontebakkery
Macraméwerk
Kleutersorg
Tuinmaak
Winkelassisteante
Blommeerangskikking

Bron: (DKD: Jaarverslag, 1997:17-21)

Met bogenoemde strategie beoog die Direktoraat van Onderwys en Opleiding om gevangenes die geleentheid te bied om in die eerste plek hul skoolkwalifikasies te verbeter ten einde hul herinskakeling in die gemeenskap te vergemaklik. In die tweede plek bied die nie-formele onderwysprogramme 'n geleentheid om 'n sinvolle rekreatiewe lewenswyse te vestig.

Jeugprogramme word onder onderwys- en opleidingsprogramme ingedeel. Die Departement van Korrektiewe Dienste beskou die behandeling van jeugdiges as baie belangrik omdat dit die groep met die meeste hervormingspotensiaal is. Die opleidingsprogram bestaan uit vakopleiding, beroepsgerigte vaardighedsopleiding en entrepreneurskapvaardigheid. Die teikengroep is gevonniste gevangenes wat nie oor die nodige opleidingspeil beskik om na ontslag in die arbeidsmark opgeneem te word nie (Departement van Korrektiewe Dienste, Jaarverslag, 1995:17).

Volgens die 1997 Jaarverslag van die Departement van Korrektiewe Dienste word opleiding onder andere in samewerking met die volgende eksterne rolspelers verskaf:

- Departement van Arbeid: Skema vir opleiding van werklose persone
- Nege opleidingsentra: nie-regeringsorganisasies vir beroepsgerigte vaardighedsopleiding
- Boskop opleidingsgroep: landbou-opleiding
- Haarkappery en kosmetologie-industrie: haarkappery
- Metaal- en houtindustrie: werkswinkelambagte
- Opleidingsraad vir bou-industrie: bou-opleiding
- Technikon SA: Intreprenursopleiding.

(Jaarverslag, 1997:18)

Hier volg 'n spesifieke analise soos aangedui in die jaarverslae van die Departement (1995-1997) met betrekking tot wat vir vroue beskikbaar is:

- naaldwerk
- laslapwerk
- leerwerk
- blommerangskikking
- pottebakery
- macramewerk
- kleutersorg
- tuinmaak

In die afdeling wat volg, sal die opleiding ter sprake van nader toegelig word

## 2.3 BESTAANDE OPLEIDINGSMOONTLIKHEDE VIR VROUË IN GEVANGENISSE.

Vir die doel van hierdie projek, naamlik die voorgenome kurrikuleringsaksie, sal dan soos pas vermeld 'n aanvangspeiling onderneem moet word met betrekking tot watter opleidingsgeleenhede reeds in gevangenisse vir **vroue** beskikbaar is. Sodanige data sal die navorsers in staat stel om verder te kurrikuleer.

### 2.3.1 Metodologie

Die metodologie wat geïmplementeer sal word, is dié van 'n vraelys, 'n gestruktureerde tabel, wat aan gevangenisowerhede gestuur sal word. Hul'z sal versoek word om hul bestaande opleidingsgeleenhede vir vrouegevangenes daarop in te vul.

Die genoemde tabel en meegaande versoek asook instruksies word as bylaag 1 aangeheg. Verskeie beheeramptenare in die Departement van Korrektiewe Dienste is genader en geraadpleeg totdat skakeling verkry is met die mees aangewese persoon, naamlik dr J. Coetzee, die Hoof: Onderwys en Opleiding in die Wes-Kaap.

Die vraelys/tabel is op 'n nasionale basis aan die volgende kontakpersone gestuur, ten einde dit in vrouegevangenis te versprei. Die vraelys/tabel is in Engels uitgegee en word onveranderd tesame met die respons in hierdie teks aangebied:

**Tabel 2.1**

KONTAKPERSOON	GEVANGENIS
Provinsiale Kommissaris: Noord-Kaap Mnr M Z I Modise	Kuruman Victoria-Wes
Provinsiale Kommissaris: Wes-Kaap Mnr P O C Gillingham	
Provinsiale Kommissaris: KwaZulu/ Natal Me T F M Kgosidintsi	
Provinsiale Kommissaris: Mpumalanga Me R S T Mthabela	Bethal Nelspruit Middelburg
Provinsiale Kommissaris: Gauteng Mnr T E Nxumalo	
Provinsiale Kommissaris: Noord-Wes Me N F Tseana	
Provinsiale Kommissaris: Noordelike Provinsie Mnr R E Mataka	Thohoyandou
Provinsiale Kommissaris: Oos-Kaap Mnr M T Ntoni	Port Elizabeth
Provinsiale Kommissaris: Vrystaat Mnr W Damons	Med C Saconde Kroonstad Wepener Frankfort Senekal Grootvlei Ficksburg

'n Opsomming van die terugvoer bied die volgende:

**Tabel 2.2**

Name of Institution	Type of programme	Participants (learners)	Numbers (estimated)	Duration	Facilities	Outcome of training	Contents	Testing of results/ award
<b>MPUMALANGA:</b>								
<i>Bethal</i>	Hair salon	Ladies: age 20 - 40	5 - 10	3 months	Lunch hours, hair dryers, tongs.	Learn to do customers' hair	Plat of hair, perms, cutting of hair, styling of hair	Pass, get certificate
<i>Bethal</i>	Sewing	Ladies: age 21 - 43	13 - 27	3 - 4 months	Sewing machines, material, cotton, tables	Learn to make: curtains, dresses, track suits and jerseys	Measurements, cutting, hems, seams	Pass, get certificate
<i>Bethal</i>	Cooking & baking	Ladies: age 19 - 38	9 - 18	3 - 4 months	Stove, baking pans, measurement equipment	Learn to cook and bake	Create measurements for cakes & hygiene	Pass, get certificate
<i>Nelspruit</i>	Needlework	Ladies. age 18 - 50	10 - 15	5 months	Small room, machines, materials, cotton, tables, chairs	Valentine cushions, denim, toilet bags, duvet, money income.		Evaluation by checking the work. Issueing of certificate

Name of Institution	Type of programme	Participants (learners)	Numbers (estimated)	Duration	Facilities	Outcome of training	Contents	Testing of results/ award
<b>MPUMALANGA:</b> <i>Nelspruit</i>	Hairdressing	Ladies: age 18 - 40	8 - 10	3 months	Product, room, basins, chairs, dryer, curls, dolls, healthy environment and attractive	Braiding, relaxing, styling, wash		Evaluation. Issueing of certificate
<i>Nelspruit</i>	Flower planting	Ladies: age 18 - 40	4 - 6	3 months	Land, seedlings, tables, chairs, materials, baskets	Spraying, arranging, dyeing, selling/income, planting, care beautifying and attractive watering		Evaluation. Issueing of certificate
<i>Nelspruit</i>	Baking and cooking	Ladies: age 18 - 50	5 - 8	3 months	Kitchen, stoves, pans, pots, all baking equipment	Cakes, biscuits, food, nutrition, health, income		Evaluation. Issueing of certificate
<i>Nelspruit</i>	Permaculture - Earth Care	Ladies: age 18 - 50	5 - 8	6 months	Natural resources, water, land, mind, tools, e.g. rakes, shades, books, seedlings, information and new ideas	Vegetables, balanced diet, poorly alleviation, money, education, protection of irrigation, recycling, woman, challenges for year 2000		Evaluation by outsiders.
<i>Middelburg</i>	Sewing Needlework	Ladies: age 20 - 40	10 - 12	12 sessions	Sewing machine	Bags, shirts, track suits, toilet sets, jewellery boxes, comforters, frills, tv patch, blankets, skirts, blouses, country dresses, adult dresses	Cutting out, seams, attach band, hems	Give out certificates

Name of Institution	Type of programme	Participants (learners)	Numbers (estimated)	Duration	Facilities	Outcome of training	Contents	Testing of results/ award
<b>MPUMALANGA:</b> <b>Middelburg</b>	Salon hair braiding	Ladies: age 20 - 40	3 - 6	12 sessions	Hair dryer, washing basin, hot stove, tongs, practising on dolls' heads	Braiding, perm, relaxing, setting hair cutting, popcorn, singles, human hair	Planting and styling, hair styles, popcorn	Give out certificates
<b>Middelburg</b>	Baking-cooking	Ladies: age 20 - 40	4 - 6	12 sessions	Stoves, kettle, frying pan, mixer, toaster	Cooking and baking	Curry & rice, muffins, bread, ginger cake, etc.	Give out certificates
<b>NORTHERN CAPE:</b>  <b>Kuruman</b>	Knitting, sewing, needlework	Ladies: age 20 - 40	4	Occasionally	None	Making dresses and jerseys		No certificates
<b>Victoria West</b>	Needlework, knitting	Ladies, age 20 - 25	1 - 5		By hand	Make small items		
<b>NORTHERN PROVINCE:</b>  <b>Thohoyandou</b>	Tailoring	Ladies: age 20 - 47	16	2 years	Work room, sewing machines	Make shirts, trousers and handkerchiefs	Pattern, seams, cutting, hems, overlocking	No certificates
<b>Thohoyandou</b>	Hand knitting, sewing, crocheting, machine knitting	Ladies age 15 - 50	6	1 month	Work room, sewing machine, knitting machines	Jerseys, trousers, napkins, holders, baby hats, pillow cases and bootees.	Pattern, hems, seams, casting	No certificates

Name of Institution	Type of programme	Participants (learners)	Numbers (estimated)	Duration	Facilities	Outcome of training	Contents	Testing of results/ award
<b>FREE STATE:</b>								
<i>Med C Saconde Prison</i>	Hair salon, hair styling	Ladies: age 21 - 55	8	3 years before qualification	Formal and informal training area. Toilet and wash basin facilities	Hair stylist qualification	Styling of ethnic and caucasian hair, cutting, relax, perm, colour, set, blow dry, comb out	Module 1,2,3,4,5,6, Board examination by ITB, qualification of ethnic and caucasian hair styling
<i>Kroonstad</i>	Pottery	Ladies: age 20 - 30	12	14 days	Chalet	Making pots, ashtrays	Working with clay, forming articles	Complete article. Certificate
	Pottery	Ladies: age 20 - 30	12	3 weeks	Ironing room	Making small pots with clay	Clay	Complete article. Certificate
<i>Kroonstad</i>	Basket weaving	Ladies: age 20 - 30	12	15 days	Chalet	Basket making	Working with bamboo	Complete article. Certificate
<i>Kroonstad</i>	Flower arrangements	Ladies: age 20 - 30	12	15 days	Chalet	Making of cards, boxes, flower arrangements	Working with flowers	Complete article. Certificate
<i>Kroonstad</i>	Cutting, overlocking, stitching	Ladies: age 20 - 40	8	2 hours	Chalet room cutting room sewing room	Pajama pants, women & men	Cutting, overlocking, sewing	Complete pajama pants
<i>Kroonstad</i>	Knitting, sewing	Ladies: age 20 - 60	2	4 days	Chalet room	Cut a uniform, trousers, knit a baby jersey	Knitting, sewing	Complete uniform and baby jersey
<i>Kroonstad</i>	Material painting	Ladies: age 20 - 30	12	10 days	OAI hospital	Making of cushions	Painting, sewing	Complete article. No certificate

Name of Institution	Type of programme	Participants (learners)	Numbers (estimated)	Duration	Facilities	Outcome of training	Contents	Testing of results/ award
<b>FREE STATE:</b>								
<i>Wepener</i>	None	None	None	None	None	None	None	None
* <i>Frankfort</i>	Needle work	Ladies: age 20 - 50	2 - 8	10 - 15 sessions	Working in cells and court yard	Reparation work by hand	Seams, holes, sew on buttons	They teach women to help themselves to do reparations to own pieces of clothing, to look neat and nice
* <i>Frankfort</i>	Knitting	Ladies: age 20 - 50	2 - 8	10 - 15 sessions	Working in cells and court yard	Making jerseys	The basics of knitting	How to use remainders of wool
* <i>Frankfort</i>	Crochet work	Ladies: age 20 - 50	2 - 8	10 - 15 sessions	Working in cells and court yard	Making socks and scarves	The basics of crochet	To complete a whole article
<i>Senekal</i>	Sewing, Needlework	Ladies: age 23 - 57	23 - 30	15 - 30 sessions	Needlework	Duvet and pillowcases	Not applicable	Complete article. Display in female section for decoration
<i>Ficksburg</i>	Sewing, Handwork (embroidery)	Ladies: age 18 - 50	15 - 20	20 - 30 sessions	Female section, sewing machines, overlocker	Cushions, place mats	Cutting out, embroidery, seams	Complete article means pass. No certificate
<i>Grootvlei</i>	Sewing, Needlework	Ladies: age 21 - 42	4 - 6	3 x per week	Cell 3, sewing machines, other equipment	Make a blouse and duvet	Cutting out, seams, attach band, hems buttons	Complete article. Pass, no certificate
<i>Grootvlei</i>	Crochet	Ladies: age 18 - 35	7 - 10	3 x per week	Cell 3, crochet needle, and other equipment	Make a jersey, hat, baby boots and table cloth	Different kinds of stitches	Completed article pass. No certificate

\* In Frankfort Prison only eight women can be locked up. Almost all of them are unsentenced. As soon as they are sentenced they are transferred to Kroonstad Women's Prison

Name of Institution	Type of programme	Participants (learners)	Numbers (estimated)	Duration	Facilities	Outcome of training	Contents	Testing of results/ award
<b>PORT ELIZABETH:</b>								
<b>Port Elizabeth Prison</b>	Spinning	Juveniles and adults	Maximum ratio of 01:12	15 days	Workshop	<i>Familiarise with terminology and with equipment and materials and their safe use. Sort raw fibre, prepare the fibre, comb and card the fibre, maintain the spinning wheel, span the threads, wash the yarn, dye the yarn.</i>	None	None
<b>Port Elizabeth Prison</b>	Weaving on a frame	Juveniles and adults	Maximum ratio of 01:12	15 days	Workshop	<i>Familiarise with terminology and with equipment and materials and their safe use. Introduction to loom and weaving terms, measure the warp, attach bottom fringes (optional), build a portfolio containing the following samples: plain weave, joining a thread, vertical joins, interwoven joins, dovetailing, weave different patterns, diagonals, curves, circles, apply different textures in horizontal stripes, vertical stripes, turkish knots, loops, weft looping, weft chaining, finishing and displaying, attached top fringes (optional).</i>	None	None

### 2.3.2 Bevinding

Die volgende **bevinding** word aangestip:

- Die opleiding wat aangebied word, is streekgebonden, wat as 'n positiewe aspek beskou word. In die Port Elizabeth gevangenis word byvoorbeeld opleiding in spin en weef aangebied, wat direk verband hou met die streek se wolbedryf en die feit dat wol en sybokhaar moontlik geredelik verkrybaar is. Die verdere aanbieding van leerprogramme in byvoorbeeld die was en kleur van wol is sinvol omdat dit 'n entrepreneursingesteldheid by die dames kweek.
- Die genoemde leerprogram in weeftegnieke is egter 'n ingewikkeld proses wat sekerlik nie vir alle vroue aanloklik sal wees nie; intendeel, weefkuns sal besmoontlik net vir party van die dames kan motiveer om betrokke te raak.
- Die enigste program met betrekking tot persoonlike versorging en ontwikkeling wat aangebied word, is dié in haarversorging en wat eintlik net haarverfraaiing is
- 'n Hele aantal aanbiedinge in kunsvaardighede ("crafts") is beskikbaar. byvoorbeeld: mandjievlegwerk, pottebakery, naaldwerk, breiwerk, hekelwerk, blommerangskikking, materiaalverf, borduurwerk, snyerswerk en die maak van kaartjies.
- Programme in voedselvoorbereiding word aangebied. Dit sluit byvoorbeeld die bak van koekies en beskuit in. Een gevangene het melding gemaak van opleiding in "gesondheid" en "voeding".
- Een interessante program naamlik in "Permaculture - Earth Care" word vermeld.
- Tuinbou, spesifiek die aanplant van blomme, word in een gevangenis (Nelspruit) aangebied.

## 2.4 BESTAANDE OPLEIDINGSGELEENTHEDE VIR VROUË IN WES-KAAPSE GEVANGENISSE (WORCESTER, GEORGE, POLLSMOOR)

Benewens hierdie teoretiese oorsig, blyk dit ook verder nodig te wees om die mening van die “kliënt”, die vrouegevangene self, te peil. Sodanige data word as besonder geldig beskou aangesien dit die werklike behoefté aan die navorsing oordra. Genoemde data sal dan ook die kern vorm van die beoogde situasie-analisefase (behoeftepeiling) van die kurrikulering wat volg.

Die vraag het ontstaan: “Hoe word ‘n opleidingsbehoefte (leerbehoefte) geïdentifiseer?”

Die antwoord was ooglopend: **Vra die gevangene self**.

### 2.4.1 Metodologie

Die volgende afdeling van hierdie hoofstuk word dus aan sodanige opname afgestaan. Ten aanvang is die literatuur geraadpleeg om ‘n geldige navorsingsinstrument vir die verkryging van die nodige data te selekteer. Daar is op onderhoudvoering besluit omdat dit meer effektiewe en betroubare resultate sou oplewer as om dit deur middel van vraelyste te probeer bekom. Laasgenoemde sou uiteraard nie sonder probleme in ‘n gevangeniskonteks deurgevoer kon word nie.

Die volgende aktiwiteit was dus om besoeke aan gevangenisse te reël, waartydens bovenoemde onderhoude gevoer sou kon word. Uit die aard van die saak moes die nodige toestemming verkry word, skakelpersone geïdentifiseer word en oor tye en datums onderhandel word. Relevante logistieke reellings moes ook getref word.

Aangesien die aard van die data-insameling op die onderhoud gedui het, is die literatuur geraadpleeg om die voorgenome aktiwiteit so wetenskaplik en geldig moontlik te maak.

#### **2.4.1.1 *Data-insameling deur middel van onderhoudvoering***

‘n Vraelys vir die meningspeiling onder die genoemde teikengroep sou nie uitvoerbaar wees nie, gesien in die lig van beperkings geplaas deur gevangenisowerhede. Kort, gestruktureerde, beplande, vooraf gereëlde onderhoude met dames in aanhouding sou dus die verlangde uitkoms kon laat realiseer.

Moser & Kalton (1971) beskryf ‘n onderhoud as ‘n gesprek tussen die onderhoudvoerder en die respondent met die doel om informasie aangaande die respondent in te samel.

##### **Tipe onderhoude**

Toe daar besluit is oor watter inligting in die geval van hierdie navorsing benodig word, die **wat** en **hoe** van opleiding vir vrouegevangenes, moes daar besluit word watter tipe onderhoud die mees effektiewe manier sou wees om lewensvatbare data te kan bekom.

Die volgende tipe onderhoude is bestudeer:

- Formele onderhoude

In die geval van ‘n formele onderhoud word alle vrae vooraf bedink en beplan, en wanneer die onderhoud gevoer word, spits die onderhoudvoerder haar slegs op die opgestelde vrae toe.

- Informele onderhoude

‘n Informele onderhoud is gebaseer op individuele reaksie. In hierdie soort onderhoud is die respondent meer op haar gemak en kan sy haarself op haar eie manier uitdruk.

Hoe meer gestandaardiseerd die onderhoud is, hoe makliker is dit om die resultate bymekaar te maak.

- **Gestruktureerde onderhoud**

‘n Gestruktureerde onderhoud kan die vorm van ‘n vraelys aanneem wat verkieslik deur die onderhoudvoerder ingevul moet word. Wanneer die navors vir die eerste keer ‘n onderhoud voer, sal ‘n gestruktureerde formaat die aangewese metode wees.

- **Ongestruktureerde onderhoud**

Hierdie soort onderhoud sentreer rondom ‘n spesifieke onderwerp en daar word voorveronderstel dat die aanbieder ‘n deskundige op die vakgebied is, sodat waardevolle data ingewin mag word ongeag die ongestruktureerdheid van die onderhoud. Baie tyd moet daaraan afgestaan word om die data te analiseer

Moser & Kalton (1971) waarsku dat gesprekke omtrent ‘n onderwerp baie interessant mag wees en bruikbare inligting mag verskaf, maar dat daar onthou moet word dat ‘n onderhoud veel meer as ‘n gesprek behels.

- **Inleidende onderhoud**

Hierdie soort onderhoud word gehou om idees te vorm oor watter onderwerpe in ‘n studie ingesluit kan word. Om dit te kan doen, moet ‘n ongestruktureerde benadering gevolg word. Hierdie onderhoud word ook gevolg om mense wat direk oor die onderwerp omgee te motiveer om te praat oor wat van kardinale belang vir hulle is. By sulke onderhoude word die minimum notas geneem, en solank sodanige notas duidelik en leesbaar genoeg is om interessante en belangrike punte uit te lig, sal dit die gewenste resultate lewer.

- **Leidende/samevattende onderhoud**

Hierdie tipe onderhoud word gehou deur vooraf ‘n raamwerk te formuleer wat analise kan vereenvoudig. Dit dien as gids vir die onderhoudvoerder om binne die

raamwerk te bly, en nog steeds die respondent genoeg ruimte te laat om te praat oor onderwerpe wat vir hom/haar belangrik is.

## 2.4.2 Toepassing


Wat duidelik word uit die bestaande beskrywing van onderhoude is dat eienskappe uit byna elke tipe geneem kan word om uiteindelik vir die navorsing as't ware 'n "ideale" instrument te bied. Sodanige fundamentele eienskappe van onderhoudvoering, aangevul deur die praktiese wenke van Schoell & Ivy (1982:252), het dit vir die navorsing moontlik gemaak om die onderstaande kontrolelys met betrekking tot onderhoudvoering te kon saamstel:

- Identifiseer die inligting wat benodig word.
- Gee by elke item 'n rede waarom dit nodig is.
- Verfyn die inligting en formuleer dit wat bekom moet word in vraagvorm.
- Gaan die bewoording na.
- Moenie té veel vrae in die vooruitsig stel nie.
- Toets die uitkoms deur 'n oefenlopie met byvoorbeeld 'n kollega te simuleer
- Maak 'n vooruitskatting van die tydskede.
- Maak seker dat die voorgenome vrae objektief is, met ander woorde skakel subjektiwiteit in die vraagformulering uit deur direkte stellings te beplan
- Besluit of die onderhoud op band geplaas gaan word en bekom die nodige magtiging.

#### 2.4.2.1 ‘n Model vir onderhoudvoering

Die onderstaande model is vir die doel van die onderhoud ontwerp. Dit sou konsekwentheid verseker deurdat dieselfde vrae in dieselfde volgorde aan respondenten gevra word. Omdat die respons gestruktureerd verskaf sou word, sou dit op geordende wyse aangeteken en later weergegee kon word. Daar moet gelet word op die feit dat vrae gedifferensieerd gestel is, met ander woorde sommige is aan “opleiers” en/of opsiener, administratiewe personeel en personele in beheer gestel, terwyl ander aan gevangenes gestel is.

**FIGUUR 2.2: ‘n Model vir onderhoudvoering**



Bestaande model is spesifiek so gestruktureer dat dit relevansie aan die kurrikuleringsoefening (hoofstuk 3) sou bied. Vrae is derhalwe benut om die data soos verlang, direk en onomwonne te verskaf.

#### **2.4.2.2 *Magtiging vir besoeke aan gevangenis en gesprekvoering met gevangenes***

Voelers is uitgesteek na die mees gesikte (toepaslike) kontakpersone met betrekking tot die studie.

Hulpmiddels soos telefoongidse, telefone, faksmasjiene, briewe ensovoorts is gebruik om die betrokke kontakpersone te bekom.

‘n Brief is op 5 Junie 1996 aan die Provinciale Minister van Gesondheid en Welsyn: Wes-Kaap, mnr Ebrahim Rasool geskryf. Op 28 Junie 1996 is terugvoer van mnr Rasool se kantoor ontvang waarin daar gemeld word dat die Kantoor van die Minister nie behulpsaam kan wees nie aangesien proefbeampies en/of maatskaplike werkers van die Departement van Welsyn geen programme in die gevangenis aanbied nie. Maatskaplike werkers van NIMRO het egter vir ‘n baie kort tyd programme aan verhoorafwagende jeugdiges in Pollsmoor gevangenis aangebied. Die programme is egter meer as vyf jaar gelede reeds gestaak weens probleme met mannekrag asook toegangsbewyse.

Volgens die Kantoor van die Minister van Gesondheid en Welsyn behoort die personeel van die Departement van Korrektiewe Dienste na hulle mening die programme aan veroordeelde gevangenes, insluitende vrouens, in die gevangenis aan te bied. Die Departement van Welsyn is egter net verantwoordelik vir verhoorafwagende jeugdiges, maar nie vir volwassenes nie. Daar word ook genoem dat die betrokke taak weens ‘n tekort aan mannekrag nie behoorlik deur proefbeampies uitgevoer kan word nie.

Hiermee is toe voorgestel dat die navorser by die Departement van Korrektiewe Dienste moes gaan aanklop om die beoogde navorsingstudie te onderneem. Volgens die Kantoor van die Minister bied die Departement van Korrektiewe Dienste geen opleidingsprogramme vir vrouegevangenes aan nie, en kan ook geen inligting rakende die kinders en moeders in die gevangenis verskaf word nie.

Die tweede brief van 5 Junie 1996 is gerig aan me Geraldine Fraser-Moleketi, Adjunkminister vir Welsyn en Bevolkingsontwikkeling. Op 14 Junie 1996 is terugvoer van die Adjunkminister verkry waarin die navorser na die Departement van Korrektiewe Dienste verwys word wat die verantwoordelikheid vir so 'n aangeleentheid dra. Die administratiewe sekretaris het die vrymoedigheid geneem om die skrywe na die Minister van Korrektiewe Dienste, dr S E Mzimela, te verwys. Hiermee is die adres van die Minister van Korrektiewe Dienste in die skrywe ingesluit.

Op 19 Junie 1996 is 'n skrywe vanaf die Kantoor van die Minister van Korrektiewe Dienste ontvang, waarin erkenning van ontvangs verkry word van die skrywe gedateer 5 Junie 1996 wat deur die Adjunk-ministerie vir Welsyn en Bevolkingsontwikkeling na hierdie Ministerie verwys is.

Die betrokke aangeleentheid is na die Kommissaris van Korrektiewe Dienste verwys.

Op 12 Julie 1996 is 'n skrywe ontvang waarin gemeld is dat die aansoek om toestemming om by die Korrektiewe Dienste navorsing te doen, en so ook by die betrokke gevangenis, ontvang is en dat dit verwys is na die relevante Direktoraat vir goedkeuring.

Daarna is die aansoekvorm deur die navorser ingevul en na die Departement van Korrektiewe Dienste verwys.

Op 27 Augustus 1996 is 'n skrywe ontvang vir goedkeuring om die genoemde navorsing in die Departement van Korrektiewe Dienste te onderneem. Mev Anette de Vries by die Brandvlei Jeugsentrum is as interne begeleier vir die projek aangewys. 'n Dokument met die onderneming wat die voorwaardes vir die navorsing bevat, is opgestel en na die Departement van Korrektiewe Dienste gestuur.

#### **2.4.2.3 Besoekpunte en skakelpersone**

Die drie vernaamste gevanganisse in die Wes-Kaap waar vroue aangehou word, is die Worcester, George en Pollsmoor Gevangenis. Uiteraard sou besoeke dus aan hierdie inrigtings gebring moes word om gesprekke met die vrouegevangenes te kon voer. 'n Wes-Kaapse teikengroep sou verder in hierdie stadium aangewese wees, in teenstelling met dié van die eerste peiling (verwys na 2.3.1) wat 'n nasionale opname behels het. Die doel met die besoeke en gesprekke moes juis wees om spesifiek op die behoeftes in die Wes-Kaapstreek te kon fokus.

**Tabel 2.3: Besoekpunte en skakelpersone**

NAAM VAN GEVANGENIS	SKAKELPERSOON	ONDERHOUDE GEVOER
1. Worcester	Mev Barbara Hoffmeester Mev Esther Letsie	75 vrouegevangenes
2. George	Mnr Koos Barnard Mev Boshoff	20 vrouegevangenes
3. Pollsmoor	Mev M van der Merwe	Geen vrouegevangenes

#### Besoek aan Worcester Gevangenis

Skrywes is gerig aan me Barbara Hoffmeester van die Worcester Gevangenis ter reëling van 'n besoek aan die gemelde gevangenis. Die aansoek is toegestaan en op Donderdag, 4 Julie 1996 is die eerste besoek aan die Worcester Gevangenis afgelê.

Hierdie besoek was hoofsaaklik gereël om 'n oorsig te kry oor die gevangenis, die gevangene, die bewaarders en die opset van die gevangenis.

Daar is 'n geleentheid gebied om deur die gevangenis te toer waar waargeneem is dat die belangrikste doel van die bewaarder dié van 'n toesighouer is wat die gevangenes heeldag konstruktief moet besig hou. Die gevangenes is onder andere besig gehou

deur naaldwerk wat in die werkinkel gedoen word, asook hekelwerk en breiwerk. Van die gevangenes hou hulself besig in die wassery, waar al die wasgoed gedoen word.

‘n Tweede skrywe is gerig aan mnr Williams van die Worcester Gevangenis ten opsigte van toestemming vir ‘n tweede besoek aan die betrokke gevangenis vir ‘n tydperk van drie dae. Die doel van die besoek was om eerstehandse ondervinding en inligting op te doen i.v.m die gevangenes se gedrag, werkvermoëns en om in te luister by die vrylatingsprogramme wat aangebied word.

Op Maandag, 10 Februarie 1997 ongeveer nege-uur het die navorsers by die gevangenis aangemeld. Mnr Esterhuyse het haar na die Vrougevangenis vergesel, waar ‘n ontmoeting met mev Marais, die waarnemende hoof van die vrougevangenis, plaasgevind het. Tydens ‘n hartlike verwelkoming is haar personeel voorgestel. Mev Esther Letsie, ontwikkelingsbeampte, is as gasvrou vir die week voorgestel en sy het dit moontlik gemaak dat vyftien gevangenes per dag toegespreek kon word. Individuele onderhoude is gereël. Die gesprekke met die vroue is baie suksesvol afgehandel. Gedurende die onderhoudvoering en gesprekke is duidelik uitgebeeld dat daar ‘n groot behoefte aan ontwikkeling en rehabilitasie bestaan.

#### **2.4.2.4 *Bevinding: data uit onderhoude bekom***

##### **WORCESTER GEVANGENIS**

Gedurende die onderhoudvoering en gesprekke is die volgende bevind:

- Daar bestaan ‘n groot behoefte aan ontwikkeling en rehabilitasie.
- Ongeveer tien uit die vyftien vroue sal graag verder wil studeer terwyl twee uit die vyftien baie graag hul skoolloopbaan sou wou voltooi.

- Hulle stel baie belang om standerd ses tot standerd tien te voltooi. Hulle is bereid om dit gedurende hul vonnistydperk en/of nadat hulle vonnis uitgedien is, te doen.
  
- Die vroue het die volgende opleidingsbehoeftes vermeld:
  - Stoffeerdery
  - Kookkuns
  - Kindersorg
  - Rekenaargeletterdheid
  - Masjienwerk
  - Tikkursus
  - Tapisserie
  - Borduur (meer gevorderd as wat in die gevangenis aangebied word, veral fynere detail)
  - Velsorg (wil meer weet oor hoe om haargroei te bevorder; wat die oorsake is van hare wat afbreek en uitval)
  - Knoopwerk
  - Aandskool (graad 8 - 12) (kortkursus - "opstop" van kussings), ensovoorts
  - Verpleging
  - Blommerangskikking
  - Leerkursus
  - Stel belang om geestelike werk te doen, sendingwerk by die gevangenis
  
- Die gevangenes sal graag die kursusse wil voltooi, maar hulle stel nie belang om dit "na-ure" te doen nie. Hulle sou verkieks om dit vanaf nege-uur tot drie-uur daagliks te doen.
  
- Hulle noem dat dit té uitputtend is wanneer hulle na-ure moet studeer. Hul dagtake vereis dit nie.
  
- Hulle sou graag kursusse in leerwerk en kersmaak wou doen.

- ‘n Algemene gevoel was dat die kursusse wat aangebied word, nie net by die basiese moet volstaan nie, maar dat daar opvolgkursusse moet wees wat meer gevorderd is.
- Van die gevangenes noem dat daar ook finansiële steun en hulp verleen moet word. Volgens die gevangenes is dit die gevangenis se beleid dat wanneer ‘n student ‘n kursus in geletterdheid doen vanaf graad 1 tot graad 7, die kursus gratis deur die Staat aangebied word, maar indien die gevangene sy/haar skoolloopbaan wil voortsit vanaf graad 8 tot graad 12, die gevangene hom/haarself finansieel self moet ondersteun, bv. met die hulp van familie, vriende, ensovoorts. Die gevangenes doen ‘n beroep dat die Departement van Arbeid meer kursusse moet aanbied.
- ‘n Beduidende groep vroue het geen behoefte aan verdere studie nie. Omdat hulle verantwoordelikheid teenoor hul afhanklikes het, wil hulle nie die kursusse doen nie, want wanneer hulle kursusse doen en nie hulle dagtake nie, kry hulle nie daarvoor betaling nie. Hulle moet dus in ‘n mate kies wat hulle wil doen, en dan verkies die vroue liever om hul dagtake (soos waswerk, hekelwerk, masjienwerk) te doen, as om vir ‘n kursus te gaan. Hulle het die vergoeding meer nodig vir hulle kinders se opvoeding en hulle persoonlike benodighede, en het geen inkomste nie. Hulle steun die gedagte dat daar in ‘n periode van drie weke ‘n kursus aangebied word. Hulle het voorts ook ‘n groot behoefte aan geestelike en sosiale aktiwiteite byvoorbeeld sang en drama.
- Veertig uit die vyf-en-sewentig gevangenes wil graag weet of die Staat hul nie finansiell kan ondersteun deur die helfte van die kursusgelde vir ‘n rekenaarkursus te voorsien nie. Die res sal deur die gevangene self betaal word.
- Gevangenes is entoesiasties oor opleiding. Dit is vir hulle ‘n nuwigheid om hulle besig te hou. Soos die een gevangene noem: “Wanneer ek my besig hou en werk, neem dit my gedagtes weg en ek dink nie so baie nie”. Hulle stel voor dat die werk wat hulle in die gevangenis doen, onder andere masjienwerk, hekelwerk

en pligte in die washuis, geroteer of afgewissel word. So byvoorbeeld moet langtermyngevangenes jaarliks vanaf een afdeling na 'n ander geroteer word en die korttermyngevangenes maandeliks.

- Die gevangenes voel sterk dat opleiding deur buite-instansies gedoen moet word en nie deur die bewaarders nie. Die rede hiervoor is dat die bewaarders nie oor die nodige kwalifikasies beskik om die spesifieke opleiding aan te bied nie en sodoende nie volledige opleiding verskaf nie.

#### 'n Ontwikkelingsbeampte se bydrae:

- Sy is in 'n pos wat nog nie 'n amptelike pos is nie, maar dra wel die werklading daarvan. Saam met die pos het sy onder andere baie ad hoc-pligte van die stoorkamer en hekke wat haar beperk om haar volle aandag en al haar energie in haar pos te sit. Daar is 'n groot tekort aan personeel.
- Sy het 'n behoefte daaraan om meer met vrye inisiatief die ontwikkelingsprogram te bestuur. Ongelukkig moet sy wag totdat die Staat die nodige kursusse goedkeur en finansiële steun aanbied.
- Daar is 'n noodkreet om die owerhede tot "ander idees en insigte" bring. "Wanneer die kop reg is, kan die res van die liggaam funksioneer."

#### 'n Besoek aan die biblioteek:

- Daar is 'n verskeidenheid van fiksie, onder andere liefdesverhale.
- Beperkte opvoedkundige boeke, naamlik:
  - Ensiklopedieë (Kennis 1983) - verouderde materiaal.
  - Jane Fonda, Ann Carpenter - aërobiese oefeninge
  - Kersmaak

- **Hekel**
- **Borduur**
- **Macrame**
- **“Creative Knotting”**

Daar is ‘n groot behoefte aan opgedateerde leesstof in die biblioteek. Meer opvoedkundige boeke sal ‘n groot aanwinst wees vir die gevangene wat belangstel om verder te studeer, maar in dieselfde mate vir algemene leestyd en die beoefening van vaardighede (kunsvorme of sogenaamde “crafts”).

**Tabel 2.4: WORCESTER VROUVEGANGENIS : 'N OPSOMMING**

NAAM VAN INSTANSIE	TIPE PROGRAMME	DEELNEMERS	GETAL	TYDPERK	FASILITEITE	UITKOMSTE VAN OPLEIDING	INHOUD	TOETSING VAN RESULTATE
Worcester	Kuns	Vroue	25	Elke Dinsdag 09:00 - 11:30	Skool-klaskamer	Verf op materiaal	Kleurdruk	Geen sertifikate
	Naaldwerk	Vroue	16	Elke Vrydag 09:00 - 11:30	Skool-klaskamer	Maak sekere voorwerpe bv. poppe	Knipwerk	Voltooï artikels. Geen sertifikate
	Masjienwerk	Vroue	80	Elke dag 09:00 - 11:15	Werkswinkel	Produksie		Geen sertifikate

## GEORGE GEVANGENIS

- Reëlings is getref vir 'n besoek aan die George Gevangenis gedurende 6 Oktober 1997 tot 8 Oktober 1997. Onder leiding van mnr Koos Barnard, personeelopleidingsbeampte van die George Gevangenis, is die besoek suksesvol afgelê.
- Daar is 'n aansienlike behoefté aan opleidingsgeleenthede by die George Vroue-afdeling omdat daar 61 vroue is wat besig gehou moet word.
- Tans is daar slegs ongeveer 10 vroue wat deelneem aan die vaardighheidskursusse wat aangebied word, onder ander “fabric painting” en die ontwerp van kaartjies bv. Kers-, uitnodigings- en verjaardagkaartjies. Slegs diogene wat gewillig is om skool te gaan (vanaf graad 1 tot graad 6) kwalifiseer vir die vaardighheidskursusse soos hierbo genoem.
- Tans heers daar 'n groot mate van bekommernis onder die gevangenes omdat die vroue volgens 'n besluit van die Hoofkantoor hulself nie meer mag besig hou met die wasgoed en strykwerk van die personeellede nie. Daarom is 80 % van die vroue ledig. Die vroue hou hulself besig deur die beddegoed van die gastehuise netjies en skoon te hou.
- Die vroue is blybaar ledig omdat daar geen afleiding of opleiding vir hulle is nie. Slegs dié vroue wat skoolgaan, mag vaardighheidsklasse bywoon. Daar bestaan 'n duidelike werkafbakening tussen wat die twee aangewiese “opleiers” blybaar kan/moet doen.
- Uit die onderhoude het die volgende behoeftes geblyk:
  - Rekenaars en tikwerk
  - Entrepreneurskap
  - Blommerangskikking
  - Kookkuns

- Klere-ontwerp
  - Patroonwerk
  - Hekel
  - Naaldwerk
  - Krale maak
  - Kerskursus
- Die gevoel van een van die gevangenes was dat ook die personeelde opleiding benodig. Opvoedkundiges moet die gevangene kan oplei om die doel van gevangenisskap te kan verstaan en te verwerk.

**Tabel 2.5: George Gevangenis: 'n Opsomming**

NAAM VAN INSTANSIE	TIPE PROGRAMME	DEELNEMERS	GETAL	TYDPERK	FASILITEITE	UITKOMSTE VAN OPLEIDING	INHOUD	TOETS VAN RESULTATE
George	Naaldwerk, verf, maak van Kers-, verjaardagkaartjies	Vroue : Ouderdom 21 - 25	5 - 10	10 - 15 ure	Naaimasjien, breinaalde, toerusting vir die maak van kaartjies	Maak van kussings, kussingslope, tafeldoeke, wasgoedpen- netjiesakke en kaartjies	Uitknipwerk	Geen sertifikaat voltooi. Artikel deur gevangene gemaak dien as resultaat.

## POLLSMOOR GEVANGENIS

- Gevangenes benut die biblioteek.
- Hulle mag televisie kyk en na musiek luister.
- Min programme word op 'n deurlopende basis aangebied.
- Hulle word egter by geleentheid betrek, deur byvoorbeeld die kies van 'n Mej Polsmoor en twee prinsesse (Die Burger, 10 Augustus 1998).
- "Periodieke programme" soos byvoorbeeld "om hare volgens etniese styl te vleg" word deur die Tygerberg Kollege aangebied.
- 'n "Opleidingsbeampte" is pas aangestel en voorsien dat daar in die toekoms meer opleidingsgeleenthede geskep sal word.
- Rekenaarkursusse is vir langtermyngevangenes beskikbaar. Vyf gevangenes op 'n dag woon die kursus by.
- Twee gevangenes doen korrespondensiekursusse. Tans is daar 'n tekort aan fondse en gevangenes moet op familiebydraes staatmaak. NIKRO het gevangenes van beurse voorsien.
- Prysuitdelings word gehou om die gevangene erkenning te gee vir kursusse voltooi.
- Dramakursusse word elke tweede Saterdag aangebied. Hierdie kursus het byval gevind onder die gevangenes, veral die jeugdiges.
- Ontspanningsgeleenthede soos 'n sportdag, vlugbal, suikerkaskenades en 'n modeparade is gereël.

- Modeparades en ander gesellighede is gehou om Vrouedag te vier.

## 2.5 SAMEVATTING

Hoofstuk 2 van hierdie projek is gewy aan data-insameling oor bestaande opleidingsgeleenthede vir gevangenes in Suid-Afrikaanse gevangenisse. Ten aanvrag is ‘n missie van die Departement van Korrektiewe Dienste en die implementering daarvan geanalyseer en opgesom (figuur 2.1). Aangesien die tesis op leergeleenthede vir vrouegevangenes fokus, is ‘n opname gemaak van die opleidingsgeleenthede vir vrouegevangenes op ‘n nasionale basis. ‘n Opsomming van die data wat uit vryelyste bekom is, word in tabel 2.2 aangebied.

Die navorsing onderneem egter om die leergeleenthede vir vroue in die Wes-Kaap gevangenisse te ondersoek en daarom is spesifieke data deur middel van onderhoude met onder andere gevangenes self, bekom. Die bevinding hiervan is in 2.4.2.4 geboekstaaf.

Verder is die onderhoud as ‘n navorsingstegniek soos van toepassing in hierdie navorsing, bespreek. Verskillende tipes onderhoude wat gebruik kan word, is geanalyseer ten einde op die mees toepaslike tegniek te kon besluit. ‘n Kombinasie van verskillende soorte is inderdaad benut, omdat die relevante eienskappe uit verskillende tipes die ideale tegniek vir die insameling van data sou voorsien. Die beplanning en struktuur wat deur die navorsing aangewend is, is bespreek. Die nadade en voordele van onderhoudvoering het deurgaans as vertrekpunt tot die keuse van die mees gesikte tegniek gedien.

Tydens die besoeke aan die gevangenisse en die gesprekke met gevangenes het dit telkens geblyk dat laasgenoemde graag praktiese opleiding wil ontvang.

‘n Maatskaplike werkster het aangedui dat daar nie genoegsame tyd tot hulle beskikking is om soveel opleiding te verskaf dat al die vroue paraat sou wees om ‘n werk na afloop van hul vonnis te kan aanvaar nie, en dat sy meer hulp nodig het. Daar is tans net een maatskaplike werker wat aan al die vroue se behoeftes moet voldoen.

Die vrouegevangenes word nie verplig om aan ontwikkelingsaktiwiteite deel te neem nie.

Onvoldoende fondse sal uit die aard van die saak opleidingsgeleenthede rem. Die nodige basiese toerusting kan byvoorbeeld nie altyd aangekoop word nie, wat tot gevolg het dat opleiers nie die geleenthede kan skep om meer opleiding te verskaf nie.

Die drie substudies toon uiteraard beide ooreenkomste en verskille wat in die laaste hoofstuk van die teks verder uitgelig en bespreek word. Die data wat ingesamel is, vorm inderdaad die basis van die situasie-analise, wat op sy beurt die fundamentele fase in die kurrikulering wat volg, uitmaak.

## **HOOFSTUK 3**

### **KURRIKULERING VIR LEERGELEENTHEDE VIR VROUEGEVANGENES IN WES-KAAPSE GEVANGENISSE**

	<b>BLADSY</b>
3.1 Oorsig en beplanning	50
3.1.1 Opleiding en leer: ‘n perspektief	51
3.2 Filosofieë oor kurrikulering	55
3.2.1 ‘n Filosofiese grondslag	55
3.2.2 Kurrikulumbenaderings	57
3.3 Die keuse van ‘n model vir kurrikulering vir opleiding aan vrouegevangenes	60
3.3.1 Oop sisteemmodel	60
3.3.2 Geslote sisteemmodel	61
3.3.3 ‘n Ontleding van die komponente van die voorgestelde model	64
3.3.3.1 Situasie-analise/behoeftepeiling (komponent 1)	65
3.3.3.2 Doelformulering (komponent 2)	70
3.3.3.2.1 Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)	71
3.3.3.3 Seleksie en ordening van leerinhoud (komponent 3)	76
3.3.3.4 Implementering (komponent 4)	81
3.3.3.5 Evaluering (komponent 5)	82
3.4 Samevatting	87

**BLADSY**

Tabel 3.1	‘n Opsomming van perspektiewe op didaktiese beginsels	54
Tabel 3.2	Filosofieë wat kurrikulering beïnvloed	56
Tabel 3.3	‘n Oorsig van kurrikulumbenaderings	58
Tabel 3.4	Vergelyking van oop en gesloten modelle	61
Tabel 3.5	Menslike werklikheidsaspekte	78
FIGUUR 3.1	‘n Kurrikulummodel vir volwassene-opleiding	62
FIGUUR 3.2	Fases in kurrikulumontwerp met strukturerende vrae	63
FIGUUR 3.3	Nasionale Kwalifikasieraamwerk	72

---

## **HOOFSTUK**

### **3**

---

## **KURRIKULERING VIR LEERGELEENTHEDE VIR VROUEGEVANGENES IN WES-KAAPSE GEVANGENISSE**

### **3.1 OORSIG EN BEPLANNING**

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n opleidingskurrikulum vir leergeleenthede vir vroue in die gevangenis te ontwerp. Die vorige hoofstuk (hoofstuk 2) het die vorm aangeneem van 'n empiriese ondersoek na bestaande opleidingsprogramme vir in die eerste plek alle gevangenes, en tweedens spesifiek vir vrouegevangenes: 'n behoeftapeiling deur middel van vraelyste en persoonlike onderhoude met gevangenes om laasgenoemde se eie siening oor die huidige leergeleenthede en wat hulle graag sou wou leer, te peil.

In die kurrikulering wat vervolgens onderneem word, gaan die volgende plan van aksie gevolg word: ten aanvang sal agtergrondkennis met betrekking tot kurrikulering ingewin word deur kurrikulumfilosofieë en -benaderings te bestudeer. Opleiding en leer sal in perspektief geplaas word omdat die navorsers kennis hiervan as 'n noodsaaklike voorvereiste beskou.

'n Gesikte (andragogies-didakties verantwoordbare) kurrikulummodel sal geselekteer word as die volgende stap, gevolg deur 'n toepassing, inderdaad omskakeling, van teorie in praktyk, om die navorsers in staat te stel om kriteria vir die beoogde leerprogram te kan aanbeveel.

### 3.1.1 Opleiding en leer: ‘n perspektief

Een perspektief op leer is dié van Watson (1987), wat dit beskryf as die verandering van gedrag deur middel van kondisionering, ondervinding en praktiese oefening (Oosthuizen, 1994:76). Bower & Hilgard (1981) en Patrick (1992:2) voeg die voorwaarde van eksterne intervensie (bv. dat doelgerigte onderrig teenwoordig moet wees) by en verduidelik soos volg:

“Learning refers to the change in a subject’s [person’s] behaviour or behaviour potential to a given situation brought about by the subject’s [person’s] repeated experience in that situation, provided that the behaviour change cannot be explained on the basis of the subject’s [person’s] native response tendencies, maturation, or temporary states (such as fatigue, drunkenness, drives, and so on).”

Uit verdere leeswerk (Vrey 1992) kan afgelei word dat die leerproses die volgende inhoud:

- Vaslegging
- Gedragsverandering
- Kondisionering
- Ondervinding
- Oefening
- Leiding
- Assosiasie (Vrey, 1992: 219-222)

Leer is dus die handeling waarvolgens die persoon wat onderrig word by die onderrig wil baat en inderdaad bepaalde leerinhoude verwerk. Leer verwys dus na al daardie prosesse wat tot gedragsveranderinge bydra en uit oefening of ‘n herhaling van die verlangde respons voortspruit. As sulks is dit dus by uitstek dit wat aan ‘n gevangene die vertrekpunt tot rehabilitering en dus veranderde gedrag kan bied. Opleiding kan egter nie lukraak of op ‘n “nat vinger in die wind”-manier aangebied word nie. Die verklarings vir wat leer werklik impliseer, dui juis daarop dat dit baie omsigtig moet

geskied aangesien gevangenes se opleiding op die positiewe en die normatiewe moet fokus.

Daar kan dus aanvaar word dat leer in 'n gevangenis dieselfde is as leer in die milieu daarbuite, maar dat dit weens verskillende omgewingsfaktore meer gekompliseerd sal wees.

Wanneer 'n opleidingskurrikulum ontwikkel word met die einddoel om verbetering in die individu/gevangene se prestasie ten opsigte van 'n spesifieke taak te verseker, moet besondere aandag aan die aspekte van leer en wat dit behels, gegee word. Een toepaslike teorie is dié van Vrey (1992: 219-222), wat ses stappe identifiseer wat tot suksesvolle leer lei.

Hierdie leerstappe is soos volg:

- Motivering
- Leersoort
- Oplossing
- Vaslegging
- Retensie
- Oordrag (Vrey, 1992: 219-222)

Vir die opleier in die gevangenis impliseer dit dat:

- die leerder **gemotiveer** moet word;
- die mees toepaslike **leersoort** (tegniek, metodiek) geselekteer en aangebied word;
- die oplossing sal "**deurbreek**", met ander woorde dat die "aha erlebenis" (Vrey, 1992:261) vir die leerder werklikheid sal word;
- 'n geleentheid geskep sal word sodat die leerder kan "oefen" om **vaslegging** in die kognitiewe struktuur te verseker;
- nuwe kennis **onthou** sal word; en

- **oorgedra** kan word; in die geval van vrouegevangenes tydens en ná rehabilitasie.

Hoe daar geleer word en die sukses daarvan, het uit die aard van die saak besondere implikasies vir opleiding in die gevangenis. In die ontwerp van 'n opleidingsmodel vir die voorgenome kurrikulum sal genoemde aspekte dus vooropgestel word.

Dit is die primêre doel van enige opleidingskurrikulum om by te dra tot die bestaande kennis, insig, vaardighede of houdings van die individu deur gebruik te maak van sekere metodes en tegnieke. Dit is trouens dikwels die manier waarop inligting vir die leerder aangebied word wat leersukses bepaal, eerder as die inhoud van die leermateriaal.

Die aanbieding van leermateriaal, ten einde suksesvolle leer te bewerkstellig, kan en behoort volgens seker didaktiese beginsels gedoen te word.

Hierdie riglyne vir onderrig/opleiding word in die tabel hieronder soos volg saamgevat:

**Tabel 3.1: ‘n Opsomming van perspektiewe op didaktiese beginsels**

Cawood, et al. (1982)	Duminy, et al. (1981)
Doelgerigtheid Planmatigheid Motivering Individualisering Sosialisering Selfwerksaamheid Belewing Geheelsiening Bemeesteriging Evaluering	Totaliteit Individualisering Motivering Aanskouing Heembeginsel Moedertaalonderrig Eksemplaar
<b>Van der Stoep, et al. (1984)</b>	<b>Shipley, et al. (1972)</b>
Simpatie Duidelikheid Tempo Dinamiek Balans Probleemformulering Probleemstelling Beplanning Sistematisering Oorsigtelikheid Wetenskaplikheid Kontrole	Aktiewe leer Veelvoud van metodes Motivering Gebalanseerde kurrikulum Individualisering Lesbeplanning Suggestie Aanmoediging Demokratiese omgewing Stimulering Integrering Werklikheidsveraanskouliking Onafhanklikheid

Alhoewel verskillende onderrigstrategieë, -metodes en benaderingswyse aangewend kan word om vakinhoude te ontsluit, bly die voorwaardes waaraan effektiewe onderrig moet voldoen universeel, afhangende van die bepaalde perspektief waarmee die didaktikus na die onderrig- en leergebeure kyk. Vir die opleier wat vir die doel van hierdie projek, volwassenes en/of jong volwassenes sal oplei, bied genoemde riglyne ‘n duidelike plan van aksie aan. Dit sal dus aangewend kan word in die toepassingsfase van die kurrikulering wat volg, met ander woorde om die “HOE” van opleiding uit te klaar.

## 3.2 FILOSOFIEË OOR KURRIKULERING

Die konsep van kurrikumontwerp bring die wyses waarop 'n kurrikulum ontwikkel word en veral die organisering van die verskillende dele van die kurrikulum in fokus. Die ontwerp wat 'n kurrikulumontwikkelaar gebruik, word beïnvloed deur sy filosofie en kurrikulumbenadering (Ornstein & Hunkins, 1993:232).

Omdat dié kurrikulering in 'n mate uniek is as gevolg van die besondere leermilieu binne 'n gevangenis, is dit dus vir die navorsing nodig om met spesifieke aandag die rol van filosofie in kurrikulering te bestudeer.

### 3.2.1 Filosofiese grondslag

Die filosofie wat 'n instelling motiveer en rig sal uit die aard van die saak aan opleiers 'n raamwerk vir die organisering van die opleidingsinstansie verskaf. Die filosofie wat 'n opleidingsinstansie reflekter, beïnvloed dus soos bo genoem, die doelstellings, inhoud en organisering van die kurrikulum vir opleiding binne die instansie (Ornstein & Hunkins, 1993:34).

Daar is vier hooffilosofieë wat opleiding beïnvloed, naamlik **idealisme**, **realisme**, **pragmatisme** en **eksistensialisme**. Die eerste twee filosofieë is tradisioneel en die laaste twee kontemporêr (Ornstein & Hunkins, 1993:37). Vir die doel van hierdie studie gaan daar in Tabel 3.2 slegs 'n kort oorsig van hierdie filosofieë gegee word.

**Tabel 3.2: Filosofieë wat kurrikulering beïnvloed**

Filosofie	Realiteit	Kennis	Waardes	Fasilitateerder se rol	Klem op leer	Klem op kurrikulum
Idealisme	Geestelik, moreel, of verstandelik; onveranderd	Herdink latente idees	Absoluut en ewigdurend	Om bewus te word van latente kennis en idees; om 'n morele en geestelike leier te wees	Herroep van kennis en idees; abstrakte denke as die hoogste vorm	Kennisgebaseerd; onderwerpgebaseerd; klassieke of liberale kuns; hiërargie van vakke: filosofie, teologie en wiskunde is baie belangrik
Realisme	Gebaseer op wette van die natuur; objektief en bestaan uit inhoud	Bestaan uit gewaarwording en afleiding	Absoluut en ewigdurend; gebaseer op die wette van die natuur	Om rationele denke te kweek; om 'n morele en geestelike leier te wees; om 'n bron van mag te wees	Oefen die denke: logiese en abstrakte denke is die hoogste vorm van denke	Kennisgebaseerd; onderwerpgebaseerd; kuns en die wetenskap; hiérargie van vakke: humanistiese en wetenskaplike vakke
Pragmatisme	Interaksie tussen individu en omgewing; verander voortdurend	Gebaseer op ondervinding; gebruik van wetenskaplike metodes	Afhanglik van die situasie; is relatief; onderworpe aan verandering en bevestiging	Om kritiese denke en wetenskaplike prosesse te kweek	Metodes om met die veranderde omgewing te kan handel en wetenskaplike verklarings te kan maak	Geen permanente kennis of vakke; toepaslike ondervindings wat kultuur oordra en die individu vir verandering voorberei; onderwerpe wat koncentreer op probleemoplossing
Eksistensialisme	Subjektiel	Kennis vir persoonlike keuses	Kan vrylik kies; gebaseer op individu se persepsies	Om persoonlike keuses en individuele selfdefiniëring te ontwikkel	Kennis en beginsels van menslike omstandighede; leer hoe om keuses te maak	Keuses in leersituasies: emosionele, estetiese en filosofiese onderwerpe

Bron: Ornstein & Hunkins, 1993:41

‘n Analise van die verskillende komponente van elke filosofie oortuig die navorsers dat daar binne elk van die genoemde filosofieë aspekte is wat betrekking het op opleiding vir gevangenes. ‘n Holistiese benadering tot opleiding behoort dus onderskryf te word, wat beteken dat die kurrikuleerdeur die aktiwiteit wat ten doel gestel is, sal aanpak met ‘n breë visie wat ‘n verskeidenheid sienings sal kan akkommodeer, eerder as met “oogklappe aan”.

Saam met die filosofie wat die kurrikuleerdeur sal rig, is daar ook verskeie benaderings wat tydens die ontwerp van die kurrikulum gevolg kan word. Hier volg ‘n kort oorsig daarvan:

### 3.2.2 Kurrikulumbenaderings

Heersende opvattings oor kurrikulumontwerp en -ontwikkeling kan in verskillende benaderings ingedeel word aan die hand van die kenmerke van elke benadering. Die voorstanders van die benaderings het verskillende idees of wat onderrig moet word, en aan **wie, wanneer en hoe**. McNeil (1990:1) onderskei vier hoofbenaderings, naamlik die humanistiese, sosiaal-rekonstruktiewe tegnologiese en akademiese benaderings Pinar (Söhnge & Dreckmeyr, 1993:42) onderskei weer drie ander hoofbenaderings, naamlik die tradisionele, konseptueel-empiriese en rekonseptualistiese benaderings. Vir die doel van hierdie studie gaan daar in tabel 3.3 slegs ‘n kort oorsig van hierdie kurrikulumbenaderings gegee word.

**Tabel 3.3: 'n Oorsig van kurrikulumbenaderings**

Benadering	Doel	Klem by formulerung van doelstellings	Leerstof	Onderrigstrategie	Evaluering
Tegnologiese	Om deur gespesifiseerde programme, metodes en materiaal 'n spesifieke eindpunt te bereik	Behavioristies; moet tot verwagte leeruitkomste lei; vooraf bepaal word	Word in eenhede verdeel en in volgorde gerangskik; taakanalises is belangrik	Verskillende strategieë word sistematies gebruik	Program word beoordeel - dit bepaal leerprestasie
Konseptueel-empiriese	Navorsing wat tot verbetering van onderrigpraktyke lei	Geen	Word geanaliseer en volgens sleutelkonsepte georganiseer; moet leerstof verstaan; moet gedrag versterk	Beplanning en sistemativering	Kwalitatiewe en kwantitatiewe evaluering
Akademiese	Ontwikkeling van rationele denke	Formuleer vir elke vakgebied	Priinêr intellektueel; organiseer leerstof liniêr; konsepte moet progressief ontwikkel; sekere inhouds is voorvercistes vir ander	Ondersoek en verklaar	Leerderprestasies word deur doelwitte bepaal
Tradisionele	Diens aan die onderrigpraktyk	Pragmatics; beplan vooraf	Georganiseerd; klem op funksionele kennis	Praktykgerig	Leerdergedrag word deur doelwitte bepaal
Sosiaal-rekonstruktiewe	Om kritiese ingesteldheid by leerders te ontwikkel	Geen	Geen universele leerstof; leerders werk vanuit eie belangstellingsveld; soek oplossings vir gemeenskapsprobleme	Groepaktiwiteite	Omvattende evaluering om leerprestasie te bepaal
Humanistiese	Selfaktualisering; moet intrinsieke beloning bied; bevorder kreatiewe denke	Leerders moet uitdagings self in hanteerbare take indeel; aktief betrokke	Moet volledig wees en persoonlike en sosiale ontwikkeling aanmoedig	Selfstudie; koöperatiewe leer	Prosesevaluering
Rekonceptualistiese	Om nuwe denkwyses oor die kurrikulum te laat ontstaan	Wil 'n bewustheid by leerders oor hulself en die gemeenskap kweek	Moet 'n sterk verklarende tradisie hê	Geen; fokus eerder op kritiek as kurrikulumbeplanning	Introspektief en uitdagend

Bronne: Ornstein & Hunkins, 1993; Söhng & Dreckmeyr 1993; McNeil, 1990; Eisner, 1985

‘n Analise van genoemde benaderings bied perspektief en meer duidelikheid vir die kurrikuleerde ten opsigte van sy voorgenome aktiwiteit. Veral met betrekking tot **doelformulering** vir die navorsing ter sprake, bied die benaderings soos aangebied besondere insig.

Om opleiding in ooreenstemming te bring met die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR), en spesifieke uitkomsgebaseerde leer (UBL), moet daar huis in die besonder aandag gegee word aan die doel van die opleiding.

Die gebrekkige doelformulering wat die genoemde “kurrikulum”/programme kenmerk, blyk uit beide die analise van bestaande opleidingsprogramme wat vir vrouegevangenes beskikbaar is, en die opname wat deel van die empiriese studie (hoofstuk 2) gevorm het. Uitkomsgebaseerdheid kan besondere sin aan hierdie leergeleenthede gee en daarom word terme soos:

- “spesifieke eindpunt;
- verwagte leeruitkomste;
- pragmatiese aksie; en
- kwalitatiewe en kwantitatiewe evaluering” soos wat dit in die verskillende benaderings (tabel 3.3) beskryf is, hoog aangeslaan.

Wat UBL betref, sal ‘n heel nuwe benadering egter ingeslaan moet word. Die kurrikulering wat onderneem word, sal byvoorbeeld meer uitkomsgerig wees en terme uit die benaderings in tabel 3.3 soos “verbetering van praktyk”, sal vervang moet word omdat die term “verbetering” te vaag is.

Van besondere toepassing en nut in die analise (tabel 3.3) is egter die fokus op **kritiese uitkomste** soos blyk uit.

- “die kweek van ‘n bewustheid van hulself en die omgewing (hoewel bewustheid baie vaag is);
- selfaktualisering;
- die bevordering van kreatiewe denke;
- ontwikkeling van rasionele denke” ensovoorts.

Samevattend kan dus beklemtoon word dat die kurrikuleerde beslis baat deurdat kennis en veral insig bekom is deur die analyse van die pas bespreekte kurrikulumbenaderings, en dat die kurrikuleringsuitkomste hierdie insigte kan en sal reflekteer.

### 3.3 DIE KEUSE VAN 'N MODEL VIR KURRIKULERING VIR OPLEIDING AAN VROUEGEVANGENES

Die gebruik van opleidingsmodelle hou groot voordele vir die kurrikuleerde in. Nie alleen is die modelle uiters bruikbaar nie, maar dit verbeter ook die kans op sukses in die ontwerp van die opleiding. Nadler (Van Dyk *et al.*, 1993:157) beskryf die model as 'n padkaart of die beplanningsproses wat die ontwikkelaar volg. 'n Goeie model kan die gebruiker help om 'n komplekse proses te verstaan, omdat dit die realiteit in 'n vereenvoudigde en verstaanbare vorm verteenwoordig.

Modelle is waardevol in die opbou van teorie, omdat hulle die kurrikulumontwerper in staat stel om kurrikulumkomponente te visualiseer, in verhouding te plaas, te ontwikkel en te implementeer.

Opleidingsmodelle kan hoofsaaklik in twee groepe geklassifiseer word, naamlik:

- oop sisteemmodelle
- geslote sisteemmodelle

#### 3.3.1 **Oop sisteemmodel**

Die oop sisteemmodel erken die bestaan van eksterne faktore en dat dit 'n impak op die proses van beplanning kan hê (Van Dyk *et al.*, 1993:157). In hierdie model aanvaar die fasiliteerde dat van die eksterne faktore buite die raamwerk van die model mag val, maar dat hulle tydens die ontwikkelingsproses in berekening gebring moet word. Oosthuizen (1994:81) beskryf interaksie met die omgewing as die hoofkenmerk van 'n oop sisteemmodel.

Kenmerkend van die oop sisteemmodel is dat dit neig om eerder 'n verbale model te wees as 'n wiskundige een soos by geslote sisteemmodelle (Van Dyk *et al.*, 1993:157). Kritiek teen die oop sisteemmodel is dat terugvoer nie onmiddellik is nie, maar dat dit daarop ingestel is dat die toepasser/benutter die nodigheid van terugvoer sal identifiseer, en dit dan sal inbou (Patrick, 1992: 448-449).

'n Verdere kenmerk van die oop sisteemmodel is dat dit beskrywend van aard is, want dit poog om te beskryf wat sal gebeur indien die model gevolg word. Die uitkoms van die ontwerpproses kan egter nie gewaarborg word nie. Van Dyk *et al.* (1993:157) waarsku die kurrikuleerdeur om deurgaans hierop te let en aanpassings in die verloop van die prosesse te maak.

### 3.3.2 Geslote sisteemmodel

Die geslote sisteemmodel is gebaseer op die aanname dat alle insette geïdentifiseer kan word. Al die moontlike veranderlikes word normaalweg in die model ingebou. Kenmerkend van die geslote sisteemmodel is dat die uitkomste voorspel kan word en beweging deur die model liniêr is. Dit word uitgeken aan die gebruik van algoritmes of "ja/nee"-keuses en is wiskundig van aard (Van Dyk *et al.*, 1993:157).

'n Vergelyking tussen oop en geslote sisteemmodelle verskyn in tabel 3.4.

**Tabel 3.4: Vergelyking van oop en geslote modelle (Nadler, 1998:7)**

OOP	GESLOTE
Eksterne faktore kan nie geïdentifiseer word tydens ontwikkeling nie.	Alle faktore kan geïdentifiseer en verklaar word in die model.
Werk op veronderstellings.	Eindresultate voorafbepaal.
Beskrywend.	Voorspellend.
Verbaal.	Wiskundig

Uit tabel 3.4 blyk dit dus dat hierdie twee modelle vir die ontwikkeling van verskillende soorte opleidingskurrikulums voorsiening maak. Vir die ontwikkeling van 'n kurrikulum vir vroue in die gevangenis sal 'n oop sisteemmodel gebruik word, aangesien die inhoud van die kurrikulum as't ware as "kwesbaar" beskryf kan word, en omdat die kurrikulum


hom daartoe leen dat daar eksterne veranderlikes is wat 'n effek op die beplanning en aanbieding van die programme kan hê.

Volgens Welgemoed (1989:213) sal die samestelling van 'n kurrikulummodel vir 'n besondere opleidingsprogram, ooreenkomsdig die vakdidaktiese eis om verbesondering, meebring dat een model nie noodwendig vir alle opleiding toepaslik sal wees nie. Opleiding moet ooreenkomsdig die differensiasiebeginsel en integrasievoorwaarde behoeftegerig wees.

Zais (1976:93) doen aan die hand dat vrae in 'n kurrikulummodel ingebou word, omdat dit struktuur verskaf en vaagheid uitskakel. Dit bied ook besondere rigting aan.

Die geselekteerde model uit Fraser (Fraser *et al.* 1992:102), wat vervolgens toegepas sal word, sien skematis soos volg daar uit:

**FIGUUR 3.1 : 'N KURRIKULUMMODEL VIR VOLWASSENE-OPLEIDING**




Bron : Fraser *et al.* 1992:102

Om die proses van kurrikulumontwerp te vergemaklik, word op aanbeveling van Zais (1976:93), elke fase in die model met vrae ondersteun om begeleiding in die implementering daarvan te vergemaklik. Die strukturerende vrae word soos volg voorgestel:

**FIGUUR 3.2 :**

**FASES IN KURRIKULUMONTWERP MET STRUKTURERENDE VRAE**



Bron : Fraser *et al.* 1992:102

Bogenoemde model (Fraser *et al.*, 1992:102) wat volwassene-leerders spesifiek akkommodeer, toon besondere toepassingswaarde en hou die volgende voordele in:

- Dis **eenvoudig**, vertoon logies en is dus besonder lewensvatbaar;
- Dit **integreer** geldige voorstelle vanuit reeds beproefde modelle;
- Dit **akkommodeer** 'n analyse-, ontwerp-, implementerings- en evalueringsfase, met ander woorde, al die fases wat 'n sisteemfilosofie voorveronderstel (Nadler, 1982).

- **Holisme** word onderskryf deurdat dit die leerder, opleier, bedryf en die leefwêreld akkommodeer;
- **Aktuele vraagstelling** in die interne strukturering verhoed fragmentasie en die eensydige verloop van kurrikulering;
- Die **sisteembenadering** word gevolg sodat die samehang, interaksie en interafhanklikheid van verskillende komponente nie geïsoleer of oorbeklemtoon word nie;
- Daar is ruimte vir **individualiteit en individualisering** sodat elke komponent by veranderde omstandighede en spesifieke behoeftes aangepas kan word;
- Die leerder se **behoeftes en vermoëns** word spesifiek in aanmerking geneem en geakkommodeer in die vraagstelling; en
- Die **selektering van leerinhoud veronderstel funksionaliteit** ten opsigte van lewe en beroepsbeoefening omdat dit noodwendig deur die vraagstelling gestruktureer word.

### 3.3.3 ‘n Ontleding van die komponente van die voorgestelde model

Die komponente uit bogenoemde model verwys na:

- (i) ‘n Situasie-analise of behoeftapeiling om leerbehoeftes te bepaal (**analise**);
- (ii) Die doel met die opleiding, met ander woorde die uitkomste wat met onderrig en leer beoog word (**doelformulering**);
- (iii) Die seleksie van leermateriaal vir onderrig en leer wat die bereiking van die doel kan/sal verwesenlik (**ontwerp**);

- (iv) Die keuse van onderrigstrategieë vir die aanbieding van leermateriaal (**implementering**); en
- (v) Hoe die bereiking van die uitkoms geëvalueer (getoets) sal word (**evaluering**).

Die toepassing van die verskillende komponente van die model word vervolgens toegelig. Daar moet daarop gelet word dat die ontwerpfasie in die kurrikulering beide 'n doelformulering en 'n seleksie van leerinhoud insluit.

### **3.3.3.1 Situasie-analise/behoeftepeiling (komponent 1)**

Situasie-analise behels volgens Fraser *et al.* (1990:86) 'n deeglike perspektief op die teikengroep leerders op wie die kurrikulum/opleidingsprogram betrekking het. Die didaktiese handelinge moet aansluit by die leef- en ervaringswêreld van die leerder. Nuwe kennis en vaardighede kan slegs sinvol verwerf word indien dit doeltreffend by die leerder se bestaande ervaringsveld aansluit. Die opleier kan die didaktiese handelinge eers sinvol beplan, uitvoer en evaluateer as hy 'n geheelbeeld het van die bestaande leerervaringe, moontlikhede en behoeftes van die bepaalde teikengroep en van elke individuele leerder in die groep wat hy onderrig. Dit beteken dat die onderriggewer kennis moet neem van aspekte van die alledaagse milieu van die leerder.

Situasie-analise behels verder volgens Krüger (1980:35) die geheeloorsig van die terrein wat in 'n bepaalde onderrigsekvens gedek moet word, en die doelstelling of voorneme van die toepaslike onderrig.

'n Situasie-analise is dus 'n besinning oor al die faktore en veranderlikes wat voorskrifte en beperkings plaas open riglyne verskaf vir betekenisvolle implementering van die didaktiese handelinge in die didaktiese situasie.

Fraser *et al.* (1990:86) beklemtoon vyf belangrike kategorieë van veranderlikes wat aan die didaktiese beginsituasie gekoppel kan word. Hulle is die volgende:

- Leerder
- Onderriggewer

- Leerinhoude
- Samelewing
- Didaktiese omgewing

Vir die doel van hierdie studie is:

- Leerder - die vrou in die gevangeris
- Opvoedkundige - bewaarder, ander funksionaris
- Leerinhoude - materiaal wat gerig is op die verwerving van die voorgenome uitkoms
- Samelewing - omgewing soos in 'n gevangeris.

Sinoniem aan 'n situasie-analise is dus Kaufman & English (1979:9) se begrip, **behoeftebepaling**, die eerste stap in funksionele, beplande ontwerp vir verandering

Mostert (1985:154) som die verskeidenheid metodes vir die insameling van data vir 'n situasie-analise soos volg op:

- Vraelyste;
- Onderhoude;
- Openbare forum;
- Die analise van sosiale indikators;
- Observasie;
- Navorsingsondersteuning; en
- Dinkskrums.

Die leerder se sosiale groep en die omvang van haar assosiasie en samewerking in groepsverband tuis en in die samelewing, bepaal die omvang van deelname aan die didaktiese situasie en die mate waarin sy tot die didaktiese handelinge sal bydra. Dit is veral die wyse waarop hierdie aspekte in die leerder se sosiale agtergrond manifesteer, wat hier in ag geneem moet word. Haar verhouding met haar gesinslede en die wyse waarop sy met haar portuurgroep kompeteer, saamwerk en lewenservaring opdoen, is van groot belang. In samelewings waar sosiale wrywing algemeen is, word die didaktiese handelinge gewoonlik negatief beïnvloed.

Die samelewing bestaan uit 'n verskeidenheid kultuurgroepe. Elkeen volg verskillende lewenswyses en verskillende waardesisteme en handhaaf uiteenlopende sosiale standaarde. Die didaktiese handelinge moet hierdie verskille deeglik in ag neem, daarby aansluit en sover moontlik in berekening bring.

Die volgende vrae is gestel tydens onderhoude met gevangenes. Antwoorde daarop sou aan die kurrikuleerdeur die nodige data verskaf om die geselekteerde model te kan implementeer.

- Is daar 'n behoefte aan opleiding?
- Wie moet opgelei word?
- Oor watter voorkennis beskik die leerder/gevangene?
- Oor watter taal- en geletterdheidsvermoëns beskik die leerder?
- Wat/hoe is die kulturele agtergrond waarin sy gewortel is?
- Watter sosio-ekonomiese omstandighede kenmerk die gevangene se lewenswerklikheid?
- Wat is die ouderdom/geslag van die leerder? Watter (indien enige) implikasie hou dit vir die opleier in?
- Wie moet oplei?
- Wat moet opleiding beteken vir die gevangene? (Wat moet die uitkomste wees?)
- Wat is die behoeftes/verwagtinge van die gevangene?
- Wat is die filosofie, reëls en verwagtinge van die instelling?

Benewens voorafgaande vrae oor die betrokkenes moet die volgende inligting by opleiding ook ingewin word. Dit maak die implementering/irwerkingstelling van die geselekteerde model moontlik:

- Waarheen lei opleiding?
- Watter onderwerpe moet onderrig word?
- Hoe moet motivering vir onderrig aangevoer word?
- Wat sal die tydsduur van die opleidingsessies wees?
- Watter soort toerusting kan gebruik word?
- Wie kan/sal dit beskikbaar stel?
- Is die opleier en leerders bevoegd om die toerusting te gebruik?

- Is die relevante betrokkenes geraadpleeg oor die finansiële implikasies van die opleidingsprogramme?
- Word aanbiedinge geëvalueer?
- Word deelnemers erkenning gegee vir hul vordering?
- Word uitkomste gemeet (getoets, geëvalueer?)

Genoemde denkaktiwiteit, gekoppel aan die feitelike in die empiriese studie vervat, dwing die kurrikuleerde dus om aan die volgende kriteria gehoor te gee

- **Die uniekheid van die leerder:**

Vroue in die gevangenis word vir die doel van hierdie studie as volwassenes beskou. Volwassenheid is 'n dinamiese, vloeiende proses wat nie meganies verower word nie, maar op unieke wyse deur elke mens geopenbaar word (Cawood, 1976:78; Slabbert, 1982: 72-75). Dit is dus 'n "relatiewe begrip", waarvan die kenmerke weens die wisselende grade waarin dit teenwoordig is, veral soos in die teikengroep vir hierdie studie openbaar word, moeilik identifiseerbaar is.

Maar, behalwe vir die fisiese omstandighede (gevangenis) waarin dié vrou haar bevind, bly sy "vrou" en haar "menslike werklikheid" dieselfde (verwys na tabel 3.5).

- **Die uniekheid van die situasie/logistieke:**

Die beskikbaarheid van fondse, onderrigpersoneel, onderriglokale en fasiliteite bepaal die aantal leerders per sessie wat die opleiding mag meemaak. Hierby bepaal die beschikbare onderrigtyd en die klassifikasie van groepe gevangenes hoe die leerders ooreenkomsdig hulle aanleg, belangstelling en prestasies in homogene groepe ingedeel word. Hierdie aspekte bepaal dat die opleier in sy onderrig sal moet differensieer, en ook in watter mate daar van groeps- en geïndividualiseerde onderrig sprake sal wees. Die aard van die gevangenis se tegniese bronne en ondersteuningsdienste, en die beschikbaarheid en/of volledigheid van 'n biblioteek sal verder bepalend wees vir die wyse waarop, en die mate waartoe, die onderrig

ondersteun en aangevul kan word.

- **Administratiewe struktuur en beskikbaarheid van opleiers:**

Die doeltreffende funksionering van die kurrikulum word ook deur die aard van die interne administratiewe struktuur en die doeltreffendheid van die algemene organisasie van die inrigting bepaal. ‘n Opleidingsdepartement in ‘n gevangenis sal byvoorbeeld nie ‘n onderrig-leertaak effekief kan uitvoer nie, indien die opleiers met administratiewe en sleurwerk oorlaai word, of indien hulle byvoorbeeld onveilig voel.

- Die missie en die oorhoofse doelstellings van die inrigting verwoord die wyse waarop die inrigting sy mandaat in die samelewing vertolk. Die missie van die Departement van Korrektiewe Dienste is byvoorbeeld om ‘n korrektiewe diens te lewer tot die ontwikkeling, beskerming en stabiliteit van die gemeenskap (Departement van Korrektiewe Dienste Jaarverslag, 1995:3). Sy oorhoofse doelstelling kan dus geïnterpreteer word as om ener syds ‘n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van die gevangene, en andersyds tot beskerming en stabiliteit van die gemeenskap. Hierdie doelstellings bepaal weer die opleidingsbeleid, indien dit bestaan, van die bepaalde inrigting. In sodanige opleidingsbeleid sal aspekte vervat word soos die toelatingsvereistes (magtiging) vir bepaalde kursusse, asook die standaarde wat vir die suksesvolle voltooiing van ‘n kursus geld.
- Bogenoemde aspekte is medebepalend vir die realiseringspotensiaal wanneer daar gekurrikuleer word, en moet deeglik in ag geneem word. Hierdie beïnvloedende faktore funksioneer nie onafhanklik van mekaar nie, maar beïnvloed die kurrikulum en die didaktiese handelinge in interaksie met mekaar.

### 3.3.3.2 ***Doelformulering (komponent 2)***

Die tweede fase in die kurrikulumontwerp volgens die voorgestelde model (figuur 3.2) behels eerstens dat duidelike uitkomste(s) vir die leergebeure wat beoog word, beskryf word. Benewens doelformulering behels dié fase verder dat leerstof geselekteer en georden word om die bereiking van die beoogde leeruitkomste te verseker.

Een van die eerste redes vir die formulering van duidelike onderrig- en leerdoelwitte, is om die leerders te motiveer om aktief by die onderrig-leergebeure betrokke te raak en te bly. Inligting alleen sal min bydra om leerders te motiveer, maar die ontwerp en aankondiging van interessante en treffende doelwitte wat in die vooruitsig gestel word, sal motiverend wees. Volgens Fraser *et al.* (1990:58) handhaaf die volwassene-leerder ‘n meer pragmatiese benadering tot leer as ‘n jonger leerder; ‘n feit wat ‘n besondere rol sal speel in die bepaling van uitkomste, veral met betrekking tot die motivering van die vrouegevangene.

Hierdie leerder sal wil weet waarom sy die leerstof moet bemeester en hoe die verworwe insigte toegepas kan word. Doelwitte wat geen uitdaging of moontlikhede bied nie, buite die verwysingsraamwerk van die leerder val of vir toekomstige gebruik irrelevant voorkom, bied in elk geval volgens Fraser *et al.* (1990:58) geen motivering om met ‘n taak voort te gaan nie.

‘n Verdere, bepalende rede vir doelformulering (die formulering van leeruitkomste) is dat dit evaluering van die leeruitkomste moontlik maak. Na dié evaluering word in 3.4.3.4 verwys.

Davies (1976:12-13) se beskrywing oor wat doelstellings is, gee ‘n volgende dimensie aan die komponent van doelformulering as kurrikuleringsfase. Davies verklaar soos volg: “Aims are a starting point. They are ideal, an inspiration, a direction in which to go... Whatever form an aim takes, however, it tends to be broadly philosophical, if not timeless in its general applicability.”

Hierdie “breë, filosofiese, tydlose” leeruitkomste word geakkommodeer as kritiese uitkomste, ook generiese uitkomste genoem. Dit dui op die aanleer van

lewensvaardighede en vorm noodsaaklike ondersteuningsuitkomste ter bereiking van die spesifieke uitkomste of leerresultate. Hierdie kritiese uitkomste word in die teks wat volg, toegelig.

Wanneer die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR), die rigtinggewende, inderdaad voorgeskrewe onderrigbepaler, in ag geneem word, word dit moontlik vir die kurrikuleerde/navorser om besondere sin te gee aan 'n opleidingsaksie vir en saam met gevangenes. Genoemde "nuwe" struktuur, die implikasies en die implementering daarvan, word vervolgens kortliks aangebied:

### 3.3.3.2.1 Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)

Fundamentele verandering in die Suid-Afrikaanse samelewing, gerugsteun deur toenemende ontevredenheid in die handel en nywerheid oor die agterstand van onderwys en opleiding hier te lande teenoor dié oorsee, het 'n nuwe "oproep" om standarde tot gevolg gehad (SAQA-bulletin, 1997:3).

Toegewyde, volgehoue werk deur verskeie werkgroepe soos die CEPD (Centre for Education Policy Development) en nie-regeringsorganisasies (NGO's) met die goedkeuring van talle rolspelers, het geleid tot die daarstelling van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (figuur 3.3). Dit is gemik op levenslange leer, die integrering van onderwys en opleiding, erkenning van leer buite formele onderrig-instellings en buigsaamheid en mobiliteit wat moontlik gemaak word deur krediettoedeling aan spesifieke leerresultate.

**FIGUUR 3.3**

NASIONALE KWALIFIKASIERAAMWERK (NKR)

# PROPOSED STRUCTURE FOR AN NQF

NQF Level	Band	Types of Qualifications and Certificates	Locations of Learning for units and qualifications	
8	<b>Higher Education and Training Band</b>	Doctorates and Certificates	Tertiary / Research / Professional Institutions	
7		Higher Degrees Professional Qualification	Tertiary / Research / Professional Institutions	
6		First Degrees Higher Diplomas	Universities / Technikons / College / Private / Professional / Institutions / Workplace / etc.	
5		Diplomas Occupational Certificates	Universities / Technikons / College/ Private / Professional / Institutions / Workplace / etc.	
<b>Further Education and Training Certificates</b>				
4	<b>Further Education and Training Band</b>	School/ College/ Training Certificates Mix of units from all	Formal high schools/ Private/ State schools	
3		School/ College/ Training Certificates Mix of units from all	Technical/ Community Police/ Nursing/ Private colleges	
2		School/ College/ Training Certificates Mix of units from all	RDP and Labour Market schemes/ Industry Training Boards/ Union/ Workplace etc.	
<b>1 = General Education and Training Certificates = 4</b>				
	<b>General Education and Training Band</b>	Senior Phase	ABET Level 4	
		Intermediate Phase	ABET Level 3	
		Foundation Phase	ABET Level 2	
		Pre-school	ABET Level 1	
		Formal schools/ (Urban/ Rural/ Farm/ Special)	Occupation/ Work-based training/ RDP/ Labour Market schemes/ Upliftment programmes/ Community programmes	
			NGO's/ churches/Night schools/ ABET programmes Private providers/ Industry training boards Unions/ Workplace etc.	

Twee verdere kenmerke van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk is die erkenning van Vooraf-leer (“Recognition of Prior Learning - RPL”) en Uitkomsgebaseerde Leer (UBL) ( “Outcomes-based Learning - OBL ”). Die NKR is deur die HOP-Witskrif (1994) en die Witskrif oor Onderwys en Opleiding (1995) goedgekeur (SAQA-bulletin, 1997:4).

Uit bogenoemde wetgewing het die SAQA (“South African Qualifications Authority”) tot stand gekom, met die oorkoepelende taak van die stel van standaarde en die kwaliteitskontrole daarvan. Om hierdie taak te kan uitvoer is NSB’s (“National Standards Bodies”) en SGB’s (“Standards Generating Bodies”) in die lewe geroep. Soos wat die benaming aandui, sou SGB’s die standaarde en vervolgens die kwalifikasies of eenheidstandaarde (“Unit Standards”) beskryf of formuleer waar onderrigvoorsieners dit nie self kon genereer nie.

Een van die vernaamste eienskappe van die NKR is die “naatloosheid” daarvan. Hiervolgens kan die kennis en vaardighede wat tydens vorige leerervarings opgedoen is, erken word, en vandaar die spesifieke eienskapbenaming RPL (“Recognition of Prior Learning”).

Hierdie “erkennings”-moontlikheid het besondere implikasies vir die kurrikuleringsstaak wat in hierdie projek aangepak word. In die eerste plek gee dit sin aan opleiding: die standaard en/of eenheid van standaard wat deur opleiers korrek omskryf en vir registrasie by SAQA ingedien word. Indien dit vir registrasie aanvaar word, kan dit ‘n besondere sinnvolle opleidingsoefening tot gevolg hê. Die opleier self kan hierdeur sterker vir sy/haar taak gemotiveer word.

Andersyds kan dit die leerder positief motiveer om die leeruitkomste na te streef en te bemeester, want in so ‘n geval sou dit ook vir erkenningsdoeleindes as krediete aangebied kan word. Hierdie aspek hou sterk potensiaal in vir rehabilitasie en herinskakeling van die gevangene ná vrylating.

In ooreenstemming met die filosofie van die NKR en Uitkomsgebaseerde Leer, word leeruitkomste in twee hoofgroepe geklassifiseer: spesifieke uitkomste en kritiese uitkomste (“Specific and Critical/Essential/Crossfield Outcomes”). Van der Horst & McDonald (1997:1-26) bied die onderstaande verklaring van UBL (Uitkomsgebaseerde Leer) wat die formulering van spesifieke en kritiese uitkomste toelig:

- Spesifieke uitkomste is ‘n beskrywing van wat ‘n leerder moet kan doen (waartoe hy/sy in staat sal wees) na afloop van ‘n leergeleentheid.
- Kritiese uitkomste behels die generiese vaardighede waartoe hy/sy opgelei moet word en/of openbaar indien hy/sy reeds daaroor beskik, en wat die leerder in staat stel om die spesifieke uitkoms te kan bereik.

Sodanige kritiese uitkomste word soos volg deur SAQA voorgehou:

- “Identify and solve problems in which responses display that responsible decisions using critical and creative thinking have been made.
- Work effectively with others and one’s activities responsibly and effectively
- Organise and manage oneself and critically evaluate information.
- Collect, analyse, organise and critically evaluate information.
- Communicate effectively using visual, mathematical and/or language skills in the modes of oral and/or written and health of others.
- Use science and technology effectively and critically, showing responsibility towards the environment and health of others.
- Demonstrate an understanding of the world as a set of related systems by recognising that problem solving contexts do not exist in isolation.

“In order to contribute to the full personal development of each learner and the social and economic development of the society at large, it must be the intention underlying any programme of learning to make an individual aware of the importance of

- Reflecting on and exploring a variety of strategies to learn more effectively;
- Participating as responsible citizens in the life of local, national and global

- communities;
- Being culturally and aesthetically sensitive across a range of social contexts;
- Exploring education and career opportunities, and
- Developing entrepreneurial opportunities.” (SAQA, 1997)

SAQA stel dit duidelik dat genoemde uitkomste nie die enigste is wat opleiers vir leerders kan/moet voorhou nie. Vir die doel van hierdie studie sou die uitkomste soos deur Kelly (1997) en Van der Stoep en Louw (1982) opgesom, en deur Mostert (1985:180) aangeteken, beslis ook van toepassing wees.

- Waardering vir sommige aktiwiteite om hulle eie onthalwe (perspektief);
- Die vermoë om vir jouself te dink (selfontdekking, emansipasie);
- Die vermoë om die wêreld krities te beskou (rasionalisering, konstituering);
- Begrip vir verskillende aangeleenthede (rasionaliteit);
- Om insig te hê in verskillende ervaringe (transendering);
- Emosionele, estetiese, fisiese en intellektuele volwassenheid (emansipasie); en
- Om oor verskeie bekwaamhede en vaardighede te beskik (sekuriteit).

Leerinhoud moet sodanig oorgedra word dat dit tot intellektuele selfstandigheid kan lei, dit wil sê sodat die leerder nuwe kennis en vaardighede sal verwerf en dit verder op ‘n selfstandige wyse kan interpreteer en aanwend.

Doelstellings moet sowel die leerder as die leerhandelinge beklemtoon en nie die onderriggewer of leerinhoude self nie. Die leerder moet in sy totaliteit by die didaktiese handelinge betrek word, dit wil sê haar fisiese, sosiale en emosionele ontwikkeling moet ook verreken word

Volgens Weigand (1971:282-283) kan die opleier ook die volgende kritiese uitkomste insluit:

- Kreatiwiteit;
- Gemaklike kommunikasie;
- Omgewingswaarneming (“scanning”) (om die leerder in staat te stel om ‘n behoeftapeiling t.o.v. bv. entrepreneurskap te kan doen);

- Verantwoordelikheid;
- Onafhanklikheid;
- Probleemoplossing;
- Deursettingsvermoë; en
- Produktiwiteit.

Die langtermyndoel met die opleiding van vroue in die gevangenis moet veral gerig wees op die verkryging van lewensvaardighede, en nie slegs op leersukses wat nie noodwendig toepasbaar is nie en dikwels slegs korttermynresultate teweegbring. Daarom is die formulering van uitkomste nie slegs wenslik nie, maar noodsaaklik.

Die formulering van uitkomste bly 'n voorvereiste vir die onderrighandeling om sinvol te wees en om vas te stel in watter mate sukses behaal is. Welgemoed (1989:234) stel dit dat die formulering van doelwitte vir opleiding sy vertrekpunt en eindpunt in die totale milieu van die “**wie**”, die “**waarheen**” en die “**waartoe**” het. Hieraan behoort enige kurrikuleerde gehoor te gee.

Samevattend dus, beaam Dreckmeyr (1989:88) dat die doel, doelstellings en doelwitte of anders gestel, **uitkomste** as gids dien vir die ontwikkeling, implementering en evaluering van onderrigprogramme en dat hul waarde daarin lê dat dit rigtinggewend is vir alle onderrig-leer-aktiwiteite wat sal plaasvind.

### **3.3.3.3 Seleksie en ordening van leerinhoud (komponent 3)**

Daar word algemeen aanvaar dat die inherente aard van leerinhoud, dit wil sê die vakinhoud wat bemeester moet word, 'n belangrike kriterium is vir die seleksie daarvan. Drie moontlike redes word deur Doll (1986:124) aangevoer om hierdie bewering te staaf:

- Die kennisontploffing veroorsaak dat relevante inhoud vir bepaalde groepe leerders gekies moet word. Dit bring belangrike implikasies mee, aangesien die geselekteerde inhoud verteenwoordigend moet wees van die leefwerkliekheid waaruit dit gekies is.

- Opleiers moet die skepping van nuwe kennis op so ‘n wyse doen dat dit vir die leerder toeganklik is. Hierdie inligting moet verwerk word, sodat dit aansluiting kan vind by die ontwikkelingsvlak van die leerder, sonder dat die betekenis van die inhoud in die proses verander of verlore gaan. Die hoofsaak bly dat die leerder “iets” moet kan doen met die kennis wat bekom is.
- Dreckmeyr (1985:15) beweer dat alles in die skepping bepaalde bestaanswyses of sogenaamde modale aspekte besit (“modaliteit” dui op ‘n wyse van voorstelling of ‘n waarskynlikheid). Volgens Dreckmeyr (1985:17) en Schoeman (1975:133) kan sekere modaliteite (werklikheidsaspekte) geïdentifiseer word wanneer die lewensaktiwiteite en funksies van die mens geanaliseer word (vgl. tabel 3.4).
- Die kurrikuleerde moet gehoor gee aan hierdie werklikheidsaspekte wanneer leermateriaal vir ‘n opleidingsprogram geselekteer word. Veral vir die gevangene ter sprake, wat bes moontlik “afgestomp” is van aspekte van haar werklikheid, kan die regte leermateriaal besondere sin en rigting gee aan die uitkomste waarvoor dit benut gaan word. Die verryking daarvan kan dus maklik(er) realiseer.

**TABEL 3.5: Menslike werklikheidsaspekte**

<b>ASPEK</b>	<b>VERWERKLICKING</b>
► Geloofsaspek	Aanbidding, geloofsekerheid, vertroue
► Etiese aspek	Geloofwaardigheid, morele liefde, sedelikheid, naasteliefde
► Juridiese aspek	Reg en geregtigheid, vergelding, wetsgetrouheid, billikheid
► Estetiese aspek	Skoonheid, harmonie, netheid, kunsbeoefening
► Ekonomiese aspek	Handel, wins, besparing
► Sosiale aspek	Gesin, kerk, skool, interaksie met ander
► Linguistiese aspek	Kommunikasie, taal, woordeskat, letterkunde, taalkunde
► Kultuurhistoriese aspek	Geskiedenis, oorsprong, beskawingsontwikkeling, kulturele harmonie, tradisies
► Logiese of analitiese aspek	Logika, wetenskaplike ontleding, waarheid
► Psiogiese aspek	Gevoelslewe, geestesgesondheid, gemoedstemming, emosionele lewe
► Biotiese aspek	Lewe, groei, voortplanting, veroudering
► Fisies-chemiese aspek	Chemiese samestelling, natuurwette, fisiese eienskappe, massa
► Kinematiiese aspek	Beweging, snelheid, krag
► Ruimtelike aspek	Grootte, afstand, vormlike, simmetrie, voorkoms
► Getals- of numeriese aspek	Hoeveelheid, getal, aanta', kwantiteit, statistiek, rekenkunde, wiskunde

By die evaluering van die leergeleenthede wat in die vooruitsig gestel word, moet die verwesenliking al dan nie, van al die genoemde werklikheidsaspekte getoets word. In die afdeling: Evaluering (komponent 5) sal aandag hieraan gegee word.

Ter opsomming bied Krüger & Krause (1974:55), Meyer (1979:191) en Hill (1974:284-290) in Hill, 1974, die volgende kriteria vir die seleksie van leerinhoude:

- Leerinhoud moet in ooreenstemming wees met die lewens- en wêreldbeskouing van die selekteerde en die inrigting waaraan hy verbonde is. Die vormende waarde van die leerinhoud moet altyd in gedagte gehou word, aangesien dit moet aansluit by die leefwêreld waarin die leerder haar bevind. Leer en leerinhoud moet dus tred hou met die leefwerklikheid deur aan te sluit by die leerder se verwysingsraamwerk (Fraser *et al.*, 1990:125).
- Die leerinhoud moet in ooreenstemming wees met die doelstellings en uitkomste (spesifiek en krities) wat beoog word. Om lewensvatbaar te wees, beteken dat inhoudseleksie nie net moet gaan om die “verwerwing van kennis ter wille van kennis self nie”, maar dat die nuwe inhoud wat bemeester sal word, sal groei en ontwikkel om van die leerder ‘n ryper persoon te maak. Leermateriaal moet lewensvatbaar wees. (Gevangenes behoort nie daardeur méér geïsoleer te word nie. Dit moet intendeel die werklikheid vir hulle nader bring).
- Die leerinhoud moet funksioneel wees vir die lewe en beroepsbeoefening. Leerders moet dit kan benut. Inhoude moet geldig wees. Geldigheid impliseer dat wanneer die leerder ‘n bepaalde vaardigheid moet ontwikkel, die geselekteerde leerinhoud wel tot die ontwikkeling van so ‘n vaardigheid sal moet aanleiding gee (Fraser *et al.*, 1990:122).
- Volgens Du Toit (1999) moet die vak- of leerinhoud bydra tot sosiale rekonstruksie. Wanneer leer binne die gevangenis plaasvind en die gevangene terug in die gemeenskap geplaas word, moet die leerinhoud en vakinhoud wat die gevangene tydens opleiding in die gevangenis bekom het, ‘n belangrike verandering in haar teweegbring wat opmerklik in die gemeenskap sal wees.
- Die ideaal sou wees as daar gesamentlik besin word oor watter leerinhoud relevant is en gefokus word op watter leerinhoud vereis word om die bemeestering van die leeruitkoms te verseker.

- Die unieke behoeftes en vermoëns van die leerder moet in aanmerking geneem word.
- Inhoud moet 'n relatief lang lewensduur hê. Leerders moenie byvoorbeeld pas nadat 'n rekenaarprogram bemeester is, alweer uitvind dat dit nie meer gebruik word nie, omdat dit verouderd is.
- Die lewensduur van die leerinhoud lê daarin dat die leerinhoud vir 'n bepaalde aantal jare aan die orde gestel word en die geleentheid geskep word dat die kurrikulums gedurig gewysig en aangepas moet word om vir veranderinge voorsiening te maak. Wanneer inhoud gevoldglik vir onderrig geselekteer word, moet daardie komponente geselekteer word wat 'n relatief lang lewensduur sal hê.

Om die leerstof te organiseer, moet kurrikulumbeplanners twee organiseerders gebruik naamlik:

- Die logiese, waar leerstof in ooreenstemming met seker konsepte en reëls georganiseer word; en
- Die psigologiese, waar die leerstyl van die leerders in ag geneem word (Ornstein & Hunkins, 1993:280-281)

Uit die teorie, volgens die literatuurstudie (hoofstuk 2) geverifieer, en deur die werklikheid soos aangevul uit die toepassing van die empiriese studie (hoofstuk 3), blyk dit minstens die onderstaande leerinhoude in die kurrikulum moet verskyn:

- Opheffing in die algemeen (selfagting, selfrespek)
- Rehabilitasie
- Die aanleer van vaardighede ("crafts") met die oog op entrepreneurskap
- Die uitvoer van take
- Effektiewe tydsbesteding
- Werksgeleenthede by ontslag

- Die opstel van 'n begroting
- Wedersydse respek
- Onafhanklikheid

### 3.3.3.4 ***Implementering (komponent 4)***

Hierdie gedeelte van kurrikulering kan inderdaad as die toepassing van die HOE-gedeelte van die model beskou word.

Daar word besin oor die metodes en tegnieke wat aangewend en benut moet word om die bereiking van die genoemde leeruitkomste deur die vrou in die gevangenis te verseker.

Aanbiedingstrategiee kan in vier temas gegroepeer word, naamlik:

- a) Die vertelmetode (lesing);
- b) Die gespreks- of besprekingsmetode (groepwerk);
- c) Selfstudiemetodes (werkopdragte); en
- d) Ervaringsleermetodes (gevallestudies, simulasies, rollespel) (Strydom, 1981).

Aanbiedings van watter aard ook al moet steeds gerig word deur die didaktiese beginsels waarna in tabel 3.1 verwys is.

Die didaktiese besinning oor leerstof moet meer as blote feitekennis in ag neem, want feitekennis hou slegs verband met onderrig (Söhnge & Dreckmeyr, 1993:2). By die keuse van die leerstof moet die kurrikulumbeplanners in ag neem wat die potensiaal van die leerstof is, want die kognitiewe, sosiale en psigologiese dimensies van die leerder moet deur die leerstof aangespreek word (Ornstein & Hunkins, 1993:280).

Ook moet die bepaalde doelstellings wat met die onderrig beoog word, aan die hand van die leerstof bereik word (Söhnge & Dreckmeyr, 1993:5).

- **Metodes en media:**

Deur die onderrigmetodes en -media moet die bepaalde uitkomste bereik word. Dit sluit alle aksies in wat die opleier nodig het om die leerders se gedrag en veral hulle leer te beïnvloed. Alhoewel kurrikulumbeplanners soms die leerstof en metodes/media skei, vind dit in die praktyk gelyktydig plaas. Taba (Ornstein & Hunkins, 1993:284) stel dit soos volg: "...One can speak of effective learning only if both content and process are fruitful and significant".

Die opleier moet ernstig besin oor watter opleidingstrategie, -metode of -tegniek die geskikste sal wees om te verseker dat die uitkomste deur die leerder bereik word. Aanbieding moet dus direk, as't ware lynreg, gestel word teenoor wat dit is wat bereik moet word en verder hoe daar getoets gaan word of dit wel bereik is.

#### 3.3.3.5 ***Evaluering (komponent 5)***

Evaluering is 'n proses waartydens waardevoordele op grond van informasie afkomstig van een of meer bronne gemaak moet word. Hierdie informasie word gewoonlik bekom deur die gebruik van toetse as meetinstrumente en die interpretasie van die resultate aan die hand van voorafopgestelde kriteria. Die evalueringstegniek word uit die aard van die saak bepaal deur wat geëvalueer moet word, en andersom (Gronlund, 1971:5).

Die kurrikulum wat in hierdie projek aangebied gaan word, sal uiteraard formatief geëvalueer word, aangesien die voorgestelde opleidingsprogram vir vrougevangenes die uitkoms is waarna gemik word. Die kurrikulum sal dus voor sy implementering geëvalueer word met die oog op die verfyning en/of afronding daarvan. Die antwoorde daarop kan die onderrigprogram orden en evalueer.

Evaluering maak deel uit van die onderrigaktiwiteit en navorsing van elke onderriggewer, onderwysbeplanner en didaktikus. Onderrig en leer kan slegs effektief verloop indien die leerder, onderriggewer en verskillende vakinhoude geduring aan evaluering blootgestel word. Volgens Fraser *et al.* (1990) is evaluering

onlosmaaklik aan onderrig en leer gekoppel. Die meeste evalueringspogings in opvoedkundige verband beklemtoon verder dat dit daarop afgestem is om die resultaat van onderrig en leer te verbeter.

Evaluering is 'n essensiële aspek van kurrikulumontwikkeling, want dit is 'n proses wat in werking gestel word om die effektiwiteit van die voorafgaande kurrikulumaktiwiteit te evaluateer. Ornstein & Hunkins (1993:37) se formatiewe en summatiewe benadering word as toepaslik vir die doel van hierdie studie beskou. Dit kom kortliks op die volgende neer:

Formatiewe evaluering word gedurende 'n onderrigaksie op 'n gereelde basis onderneem of gedurende die ontwikkeling van 'n kurrikulum aangewend, met die doel om moontlike leemtes te identifiseer.

Summatiewe evaluering is die evaluering van die resultate van die leeraktiwiteite of van 'n kurrikulum wat ontwikkel is.

- **Noodsaaklikheid van evaluering:**

Verskeie skrywers (Oosthuizen, 1994:111; Patrick, 1992:516; Tracey, 1992:450; Phillips, 1987:33-35) wys op die redes waarom evaluering in opleiding nodig is

- Om die mate waarin leer plaasgevind het, te bepaal;
- Om die mate waarin oordrag van leer na die praktyk plaasgevind het, te bepaal;
- Om die toepaslikheid van die kurrikulum te bepaal;
- Om tekortkominge by die opleier en in die kurrikulum te bepaal; en
- Om die retensie van aanvaarbare kennis- en vaardigheidsvlakke te bepaal

Uit bostaande is dit duidelik dat evaluering noodsaaklik is.

Finch & Crunkilton (1984:294-296) bied die volgende bondige kriteria aan wat vir die evaluering van 'n kurrikulum aangewend kan word:

- Inhoud
- Insette (hulpbronne, fasiliteite)
- Proses en
- Produk

Na aanleiding van hierdie kriteria word die onderstaande vrae ter toepassing gevra. Die antwoorde daarop kan die onderrigprogram orden en evalueer.

- INHOUD

- Hoe sien die inhoud daar uit?
- Wie het bepaal wat ingesluit moet word?
- Hoeveel inhoud is ingevoeg?
- Waartoe moet die inhoud lei - dien dit die bereiking van die voorafbepaalde uitkoms?
- Dien dit, volgens Fraser *et al.*(1992:104) die opleidingsdoel op makro- (nasionale, provinsiale en die spesifieke didaktiese omgewing), meso- ('n spesifieke department/afdeling, kursus) en mikrovlak? (Mikrovlak impliseer die individu self.)
- Sal dit die leerder holisties bevordeel d.w.s. op kognitiewe, affektiewe en psigo-motoriese vlak?
- Sal dit aan die eise van die menslike werklikheid ('modaliteit) voldoen, bv. beantwoord dit aan die:
  - **estetiese**: - die feit dat elke mens 'n gevoel het vir die mooi, die netjiese, die harmonieuse;
  - **sosiale**: - die feit dat alle mense dinge vir en saam met ander wil doen;
  - **religieuse**: - dat mense wil en kan glo en vertrou en hoop;
  - **wetlike**: - word daar voorsiening gemaak vir regverdigheid,

- gelykwaardigheid en konformasie aan reëls en regulasies;
  - **ekonomiese**:- dat leerders sal weet van spaar en spaarsamigheid, die bestaan van entrepreneurskap en intrapreneurskap, die handel en nywerheid;
  - **psigiese**:- word aspekte ingebou wat die psigiese van die leerder akkommodeer? Voorsien dit vir vrese, angste, 'n gevoel van eiewaarde, sukses, ensovoorts;
  - **biotiese**:- word bv. moegheid, ouderdom, aandagspan, fisiese omstandighede in berekening gebring?
  - **kunsmatiese**:- voorsien opleiers en/of die program in die aspek van spoed, beweging, fisiese krag en spierhandeling?
- INSETTE
- Wat die “insette” volgens Finch & Crunkilton (1984:295) betref, kan die volgende struktuurgewende vrae enersyds en kontrollerende vrae andersyds ten opsigte van die geldigheid, geloofwaardigheid, lewensvatbaarheid en verantwoordbaarheid van die voorgestelde opleiding gevra word:
- Watter fondse is beskikbaar?
  - Watter fasiliteite vir leergeleenthede is beskikbaar?  
(Werkoppervlakte, apparatuur, leermateriaal, ensovoorts)
  - Hoeveel tyd word afgestaan?
  - Wanneer word die tyd afgestaan?
  - Watter leerruimte is beskikbaar (lokaal)?
- PROSES

Gewoonlik, onder “normale omstandighede”, (wat t.a onder andere motivering, sosio-kulturele agtergrond ensovoorts mag verwys), is die leerder se prestasie 'n aanduiding van die sukses en/of leemtes in 'n onderrigprogram. Om sukses te behaal, is egter slegs betekenisvol wanneer dit in die totale konteks van die mens-in-sy-wêreld gesien word (Finch & Crunkilton, 1984:297). Daarom moet daar beslis

gekyk word na die operasionalisering van prosesverwante leergeleenthede soos die aanleer van positiewe gesindhede, stiptelikheid, netheid en eerlikheid. Al is “karakterbou” ‘n kritiese uitkoms en inderdaad moeilik “meetbaar” of selfs onmeetbaar, moet die opleier hieraan gehoor gee om te kan verseker dat ‘n opleidingsgeleenthed didakties-andragogies verantwoordbaar is.

- PRODUKVERWANTE LEERGELEENTHEDE

Die eindproduk van enige kurrikulering is die leeruitkoms, dit wil sê dit wat die leerder kan doen na afloop van die leergeleenthed. Daarom word die stelling van Finch & Crunkilton (1984:297) as geldig beskou:

“Product evaluation is a focal point in determining this aspect of curriculum quality”

Daar moet dus voortdurend terugverwys word na die oorspronklike doelformulering wat omskryf is:

- Wat moet die leerder na afloop van die opleiding kan doen?
- Onder watter omstandighede moet sy dit kan doen?
- Hoe goed moet sy dit kan doen?

Ook die volgende:

- Wat is die mobiliteit van dié dames na ontslag?
- Berei die voorgenome opleiding hulle daadwerklik voor met die oog op rehabilitasie en inskakeling in die samelewing?
- Kan resultate as data beskou word wat aan bestuurders verskaf kan word oor die operasionalisering van aanbiedingsmetodes en -tegnieke, veral met die oog op die bepaling van resultate?
- Sal die aktiwiteit die leerder in ‘n rasioneel-kritiese stand teenoor die samelewing plaas sonder om haar daarvan te vervreem?
- Sal dit die leerder help om haar selfverwesenliking binne die opset van dienslewering uit te klaar?

- Sal die aktiwiteit die leerder se persepsie eerder verbreed as verskraal?
- Sal dit openheid tot leer, lewenservaring, eiekennis, mensekennis en leefwêreldkennis ontwikkel?
- Sal dit leerders help om verandering te verstaan, waardeer en te akkommodeer?

### 3.4 SAMEVATTING:

Soos die titel aandui, is in hierdie hoofstuk aandag gegee aan 'n kurrikuleringsaksie vir die ontwerp van leergeleenthede vir vroue in die gevangenis.

Ten aanvang is 'n gesikte model geselekteer, waarna die verskillende fases in die verloop daarvan omskryf en met mekaar in verband gebring is.

Daar is geillustreer hoe 'n aantal van die bekender leerteorieë op die didaktiese situasie van toepassing kan wees en een teorie, naamlik dié van Vrey, is uitgesonder om as vertrekpunt vir die kurrikuleerde se situasie-analise te dien.

Voordat voorstelle vir doelformulering, aanbieding, seleksie van leermateriaal ensovoorts gemaak kan word, maak dit uiteraard sin dat daar eers besin sou word oor hoe 'n leerder wel leer.

Daar is ook aangedui hoe verskillende onderrigstrategiee en -metodes aangewend kan word ten einde optimale leer te verseker. Dit wil egter voorkom asof die didaktiese teorie nie op 'n enkele leerteorie aangewese is nie, en dat 'n enkele leerteorie ook nie die doeltreffendheid van verskillende onderrigmetodes kan verklaar nie.

Die evalueringsfase van kurrikulering behels die evaluering van die kurrikulum self, en nie direk die evaluering van leerderprestasie nie. Die hoofstuk het dus 'n besinning oor hoe die suksespotensiaal van die leerprogram bepaal kan word, aangebied.

## **HOOFSTUK 4**

### **SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

	<b>BLADSY</b>
4.1      Samevatting	89
4.2      Gevolgtrekking	91
4.3      Aanbevelings	93
4.3.1    Die strukturering van leergeleenthede	93
4.3.2    Andragogies-didaktiese verantwoordbaarheid	97
4.3.3    Diversiteit, verskeidenheid en behoeftegerigtheid	99
4.3.4    Holisme en balans in leerprogramsamestelling en -aanbieding	99
4.4      Temas vir verdere navorsing	100
4.5      Slot	101
Tabel 4.1   Menslike werklikheidsaspekte	98
Tabel 4.2   Leergeleenthede	99

---

## **HOOFSTUK**

### **4**

---

#### **4.1 SAMEVATTING**

Met hierdie studie is beoog om, oorkoepelend gesien, die leergeleenthede wat vir die vroue in 'n gevangenis bestaan, onder die loep te neem. Dit sou uit die aard van die saak beteken dat dit eerstens geïdentifiseer moes word en daarna in perspektief geplaas word, wat impliseer dat 'n analise daarvan sou geskied sodat dit die navorsing in staat kon stel om aanbevelings vir regstellings en/of verbetering te kon maak.

Miskien moet daar weer gefokus word op die oorsprong van en motivering vir sodanige aktiwiteit, soos wat dit in die eerste hoofstuk van hierdie teks uitgespel is. 'n Loodsstudie wat as deel van die vak: Navorsingsmetodes en -tegnieke vir die voltooiing van 'n B.Tech Naskoolse Onderwys gedoen is, het op vroue in die gevangenis as studietema gefokus. Dit was 'n direkte uitvloeisel van die navorsing se persoonlike empatie vir en belangstelling in hierdie teikengroep.

Die bevinding van 'n beperkte ondersoek deur middel van 'n vraelys aan 'n klein teikengroep het reeds beduidende leemtes met betrekking tot opleiding vir hierdie groep aangedui. Dit sou die motivering verskaf om iets daadwerklik vir laasgenoemde te kon doen. Navorsing is dus onderneem om die werklikheid te verifieer en dan aanbevelings tot verbeterde praktyk te maak.

Hoofstuk een van hierdie tesis is gewy aan 'n uiteensetting van die probleem na aanleiding van die identifikasie daarvan. Die motivering vir die studie en dus die doel met die ondersoek is aangebied. Dit is opgevolg deur 'n verduideliking van hoe die navorsing te werk sou gaan om die probleem af te baken en te ondersoek. Die beoogde implementering van geselekteerde metodologie is omskryf.

‘n Verklaring van relevante begrippe wat in die teks benut sou word, is ten slotte aangebied.

In die daaropvolgende hoofstuk, hoofstuk twee, is die “probleem” uitgepluis. ‘n Indringende analyse van die opleidingscenario soos dit vir gevangenes bestaan, is onderneem. Drie tegnieke is hiervoor aangewend. Eerstens is ‘n literatuurstudie gedoen oor wat die Departement van Korrektyiewe Dienste se missie en doelwitte vir opleiding vir gevangenes behels. Aangesien dit nie genoeg lig gewerp het op wat spesifiek vir vrouegevangenes gedoen word nie, is ‘n landwye peiling gedoen om juis hierdie aspek toe te lig. Toestemming is deur die amptelike kanale verkry, skakelpersone en adresse is bekom en ‘n vraelys is uitgestuur na genoemde persone in die vorm van ‘n tabel, om die respons daarop duideliker en makliker verwerkbaar te maak. Die meeste van hierdie persone was direk met die opleiding vir dames in aanhouding gemoeid.

Die studie ter sprake was egter slegs afgestem op vroue in Wes-Kaapse gevangenisse en daarom is besoek gebring aan en onderhoude gevoer met hierdie teikengroep spesifiek. Dit het die navorsing in staat gestel om die probleem in perspektief te kon stel en om dit te kon verifieer. ‘n Heelwat kleiner teikengroep het inderdaad meer “persoonlike” data verskaf en dit dus moontlik gemaak om benewens die situasie-analise, inderdaad ‘n behoeftapeiling te kon doen.

Hoofstuk 3 is afgestaan aan die voorgenome kurrikuleringsaksie. ‘n Kurrikuleringstudie het verskillende filosofieë oor hierdie aangeleentheid aangebied en dit vir die navorsing moontlik gemaak om dié filosofie of benadering te kon selekteer wat die geskikste sou wees vir die spesifieke doel waarvoor dit aangewend sou word. naamlik vir die opleiding van vrouegevangenes.

‘n Toepaslike model is verder geïdentifiseer en inderdaad “in werking gestel” om geldige kriteria te kon bepaal as aanvangsfasie in die ontwerp van ‘n kurrikulum vir die gemelde opleiding.

In die slohoofstuk kon saamgevat en opgesom word, en oorkoepelende gevolgtrekkings gemaak word. Die “helderheid” wat die gevolg daarvan was, het dit moontlik gemaak om aanbevelings soos wat ten aanvang beoog is, te bied. Hierdie aanbevelings dui inderdaad op regstelling en verbetering deur middel van aanpassings. Daar word vertrou dat beplanners, strategiese bestuurders, didaktici en enige ander persone gemoeid met die opleiding ter sprake hieraan gehoor sal gee.

#### 4.2 GEVOLGTREKKING

Vanuit die staanspoor was dit moontlik om die afleiding te maak dat die leer/opleidingsbehoeftes van vrouegevangenes in die Wes-Kaap, dieselfde sal wees as vir vrouegevangenes landwyd, inderdaad wêreldwyd. Die hoop word dus uitgespreek dat die aanbevelings wat verderaan in die teks gemaak word, ook deur gevangerisowerhede buite die Wes-Kaap ter harte geneem sal word.

Enige aktiwiteit met betrekking tot die rehabilitering van en die vorming van positiewe gesindhede teenoor die vrou in die gevangenis, moet nie slegs as aanbevelenswaardig beskou word nie, maar inderdaad as noodsaaklik. Die uitkringeffek in die samelewing, van die doen en late van dié vrou, trouens enige vrou, kan beswaarlik onderskat word

‘n Aspek wat miskien in hierdie stadium genoem kan word, verwys na die **vroue in aanhouding**. Daar is verneem (Coetzee, persoonlike gesprek) dat dames vir korter tydperke tot drie jaar in agt opnamesentra in die Wes-Kaap aangehou word. Daar word dus reeds nou al aanbeveel dat opleiding ook vir hierdie persone beskore behoort te wees.

By die opnamesentra word verhoorafwagtendes aangehou totdat hulle voorkom en gestraf of vrygelaat word. Die tydperk van “verhoorafwagting” kan egter wissel van ‘n paar dae tot ‘n paar jaar - dit hang van die Departement van Justisie af. Opleiding aan hierdie kategorie persone is dus problematies, maar hulle behoort nie uitgesluit te word wat opleiding betref nie.

Om opleiding aan gevangenes te verskaf, is inderdaad een van die aspekte van die missiestelling van die Departement van Korrektiewe Dienste. Die potensiaal van oortreders om as “wetsgehoorsame burgers” te kan funksioneer (Wet op Korrektiewe Dienste, Wet 111 van 1998) word ingesien en aandag word aan die implementering daarvan gegee. Die gevolgtrekking, na aanleiding van die opname van bestaande opleidingsmoontlikhede vir vroue in gevangenis wat nasionaal gedoen is, dui egter daarop dat laasgenoemde groep erg afgeskeep word in vergelyking met hul manlike eweknieë. Hoewel leergeleenthede in stokperdjietipe kursusse of werksessies aangebied word, kan dit nie naastenby as “behoeftegerig” beskou word. Daar word trouens geen doelgerigte, gestruktureerde behoeftapeiling in hierdie verband gedoen nie. Daar kan aanvaar word dat die sogenaamde **“aanhoudings- en ontwikkelingsprogramme”** wat deur die Departement van Korrektiewe Dienste vir gevangenes beskikbaar gestel word en wat byvoorbeeld sport en rekreasieopvoeding, godsdienssorg en geestesgesondheidsprogramme (Jaarverslag, 1995:17) insluit, wel vir vroue beskikbaar is.

‘n Werklikheid wat kommer wek, is die feit dat volgens dr J Coetzee, Hoof: Onderwys en Opleiding in Korrektiewe Dienste in die Wes-Kaap, die meeste pogings tot opleiding op manlike gevangenes gerig is. Baie min gestruktureerde opleidingsaktiwiteite is vir vrouegevangenes beskore.

Vroue se deelname aan onder andere “korrespondensiekursusse” kon nie eksplisiet deur data wat in die opname of die besoek aan gevangenis (verwys hoofstuk 2) bekom is, waargeneem of vasgestel word nie. Indien dit wel die geval was, was dit eerder die uitsondering as die reël.

Die feit dat die leergeleenthede wat wel vir vroue in die gevangeris aangebied word oorwegend, indien nie uitsluitlik nie, op nie-formele leer dui, is betreurenswaardig. Van die beduidendste aspekte wat uit hierdie navorsingsaanbevelings spruit, is die feit dat daar keuses vir leerders beskikbaar moet wees. Vroue moet dus makliker aan formele leergeleenthede deel te kan hê. Die behoefte aan diversiteit word duidelik beklemtoon deur die verskil in ouderdom van gevangenes: 18 - 50 jaar (tabel 2.2 van hoofstuk 2).

Uit die opname van watter leergeleenthede vir vroue landwyd aangebied word, blyk dit dat die gevangenisse in die Wes-Kaap eintlik “agter” is by dié in ander provinsies. Genoemde waarneming word wel slegs gemaak na aanleiding van die omvang en verskeidenheid van aktiwiteite wat aangebied word, maar dit dui inderdaad op ‘n kwantitatiewe voorsprong van gevangenisse buite die Wes-Kaap.

Die verskil in vlakke van “opleiding” wat aan gevangenes gebied word, is inderdaad groot. Gemeet aan die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) wat vlakke van een tot agt voorhou, sou sommige aktiwiteite as OPLEIDING geklassifiseer kan word: Formele Onderwys (Jaarverslag, 1997:17) sal moontlik op vlakke 2 tot 4 en Beroepsonderwys indien deur byvoorbeeld die Boubedryfopleidingsraad geakkrediteer, op NKR-vlak 5 kan inskakel.

Juis omdat daar so ‘n onverenigbaarheid in die vlak van opleiding in gevangenisse bestaan, vind die navorser dit nodig om liefs na LEERGELEENTHEDE eerder as OPLEIDINGSGELEENTHEDE te verwys. Te veel van die programme wat aangebied word, veral dié wat vir vrouegevangenes moontlik is, is té stokperdjiegerig om as opleidingsprogramme geklassifiseer te word.

#### 4.3 AANBEVELINGS

In die lig van die bevindings uit die empiriese en literatuurstudie wat hierdie teks aanbied, kan die volgende aanbevelings gemaak word:

##### 4.3.1 Die strukturering van leergeleenthede

Die didaktiese/onderrig-leermodel wat vir die kurrikuleringsaksie in hoofstuk 3 toegepas is, is eenvoudig, lewensvatbaar en maklik aanwendbaar. Dit is inderdaad struktuurgewend omdat dit ‘n vrae-onderbou het wat rigtinggewend is vir die opleier/beplanner/aanbieder van ‘n leergeleentheid. Wanneer antwoorde op die volgende vrae verskaf word, bied dit struktuur aan ‘n opleidingsaksie wat geldigheid daaraan verleen; dit wil sê dat dit sal “doen wat dit veronderstel is om te doen”.

- Vir wie is die leergeleentheid bedoel?
- Wie gaan oplei?
- Waarom, waarnatoe sal opgelei word?
- Watter uitkomste gaan vooraf gestel word?
- Watter leerinhoude gaan nodig wees?
- Hoeveel leermateriaal sal ingesluit moet word om te verseker dat die leeruitkomste bereik word?
- Wanneer moet opgelei word?
- Hoe lank moet/kan 'n opleidingsessie duur?
- Watter voorkennis moet die leerder in pag hê?
- Watter fasiliteite moet beskikbaar wees; watter behoort beskikbaar te wees?
- Hoe sal bepaal word of die uitkomste bereik is? Aan watter kriteria sal uitkomste gemeet word?

Aanvullend hiertoe sal opleiers die volgende vraag moet vra:

- Watter kritiese uitkomste moet nagestreef word? In ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAQA) sou dit een of meer van die volgende kon wees:
  - “Identify and solve problems in which responses display that responsible decisions using critical and creative thinking have been made.
  - Work effectively with others and one’s activities responsibly and effectively.
  - Organise and manage oneself and critically evaluate information.
  - Collect, analyse, organise and critically evaluate information.
  - Communicate effectively using visual, mathematical and/or language skills in the modes of oral and/or written and health of others.
  - Use science and technology effectively and critically, showing responsibility towards the environment and health of others.
  - Demonstrate an understanding of the world as a set of related systems by recognising that problemsolving contexts do not exist in isolation.

- In order to contribute to the full personal development of each learner and the social and economic development of the society at large, it must be the intention underlying and programme of learning to make an individual aware of the importance of:
- Reflecting on and exploring a variety of strategies to learn more effectively;
- Participating as responsible citizens in the life of local, national and global communities;
- Being culturally and aesthetically sensitive across a range of social contexts;
- Exploring education and career opportunities, and
- Developing entrepreneurial opportunities.”

Die daarstelling van die NKR gee inderdaad ‘n nuwe dimensie aan opleiding - beide wat formele onderwys en beroepsonderwys betref.

Volgens die Wet op Nasionale Kwalifikasiestruktuur (Wet 58 van 1995) het dit die volgende ten doel:

- “create an integrated national framework for learning achievements,
- facilitate access to, and mobility and progression within education, training and career paths;
- enhance the quality of education and training;
- accelerate the redress of past unfair discrimination in education, training and employment opportunities; and thereby
- contribute to the full personal development of each learner and the social and economic development of the nation at large.”

Die werklike impak van die NKR op opleiding soos wat dit in die gevangenis mag realiseer, moenie onderskat word nie. In hierdie stadium is dit egter belangrik om op twee fundamentele eienskappe van die NKR te let naamlik “RPL” en “OBE” (**Erkenning van vorige leer en uitkomsgerigte leer**). As leerders sekere uitkomste wat deur opleiers geregistreer is by die SAQA (Die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid), sou kon bemeester, dan sou die “mobiliteit” en “artikulasie” en inderdaad die “erkenning van vooraf leer” van die NKR dit vir gevangenes moontlik maak om van die uitkomsgebaseerde

modules, genoem "Unit Standards", ná ontslag as leerprestasie(s) te kan aanbied.

Aangesien die voorgestelde registrasiedatum vir kwalifikasie by die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid 2003 is, is die tyd tans by uitstek ryp vir die genoemde struktuurverandering van bestaande opleidingsprogramme in die gevangeris. Juis dit word met hierdie navorsing en spesifieke kurrikulering wat beoog word, ten doel gestel.

Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk dien as 'n motivering om gevangenes tot die besef te bring dat daar wel 'n geleentheid is om hul vermoëns tot aktualisering te bring en dus om 'n lewenstandaard te vestig en te bevorder. Die waarde van die strukturering tot uitkomsgebaseerdheid van kursusse kan dus nie onderskat word nie. Die kwaliteit van opleiding in die gevangeris kan verhoog word deurdat spesifieke uitkomste daarvoor gedefinieer word. Bestaande opleiding, op alle terreine, kan behoorlik gestruktureer en/of aangevul word met nuwe inisiatiewe wat nuwe uitkomste of beter omskrywing van die bestaandes insluit.

Wanneer die gevangene haar vonnis uitgedien het en na die samelewing terugkeer, kan sy baat by die geleentheid om die opleiding en ontwikkeling wat sy in die gevangeris meegebaar het, in werking te stel. Sy kan dus sodoende 'n beter kans staan om vir 'n geleentheid vir 'n werk in die gemeenskap te kwalifiseer en/of self entrepreneur te wees

Die rol van die bedryf in die akkreditering en/of krediettoedeling van leeruitkomste in die vorm van eenheidstandaarde kan nie onderskat word nie. In die Jaarverslag van die Korrektiewe Dienste (1997:18) word genoem dat bouopleiding vir gevangenes deur die Boubedryfopleidingsraad geakkrediteer word. In die lig van die bogenoemde Nasionale Kwalifikasieraamwerk en erkenning vir vooraf leer sou uitkomste wat tydens gevangeskap bemeester is, beslis erken kon word. 'n Daadwerklike aksie vir wat vroue bemeester, behoort egter dermate aandag te kry. Die haarkapperybedryf, maar ook ander onderwysvoorsieners soos byvoorbeeld dié wat opleiding verskaf vir sekretariële dienste en rekenaaropleiers, behoort artikulasie en akkreditering te ondersteun

#### **4.3.2 Andragogies-didaktiese verantwoordbaarheid**

Die universele realiteit van menslike werklikheidsaspekte, hoewel enigsins teoreties, is en sal altyd die kompleksiteit van menswees beklemtoon. Persone in 'n gevangenis, hetsy mans of dames, is en bly 'n menslike werklikheid. Leergeleenthede van watter aard ook al en op watter vlak ook al, behoort dié genoemde werklikheidsaspekte te akkommodeer. Daar is in die afdeling oor die keuse van leerinhoude daarna verwys en die model is in tabel 3.5 uiteengesit. Daar word dus aanbeveel dat alle samestellers van opleidingsprogramme aan hierdie aspekte gehoor gee.

Samevattend word die aspekte vermeld en die verwesenliking daarvan met betrekking tot programontwerp simplisties, soos volg voorgestel:

**TABEL 4.1: Menslike werklikheidsaspekte**

ASPEK	KRITERIA VIR PROGRAMONTWERP
► Geloofs	'n Leergeleenthed moet vertroue kweek.
► Etiese aspek	Leerders moet aan 'n leeretiek en/of werksetiek blootgestel word sodat hulle dit bewustelik of onbewustelik kan aankweek.
► Juridiese aspek	Leerders moet bewus word van die rol van reg en geregtigheid, billikheid en wetsgetrouwheid in die leerervaring.
► Estetiese aspek	Binne die leerervaring moet die mooi, die kunstige, kunssinnige, skeppende en netjiese verwerklik word.
► Ekonomiese aspek	Programme moet leerders deurentyd instel en rig op die ekonomiese, besparende en die wins-en-verlies van proses en produk.
► Linguistiese aspek	Taalverkenning en taaluitdrukking moet vir die leerder moontlik wees in die leerervaring.
► Kultuurhistoriese aspek	Dit is wenslik dat leergeleenthede, van watter aard ook al, 'n geworteldheid in 'n spesifieke kultuur en geskiedenis sal erken en akkommodeer.
► Logiese of analitiese aspek	Logiese denke en handeling wat daarop volg, behoort in enige leermilieu moontlik gemaak te word.
► Psigiese aspek	Gevoelens en uiting daarvan is en bly werklikheid. Leerder en opleier word daardeur gekenmerk en moet mekaar probeer verstaan.
► Biotiese aspek	Lewe is nie werklik sonder groei, voortplanting en veroudering nie. Leergeleenthede vind binne hierdie werklikheid plaas. Leerders kan en sal byvoorbeeld moeg word en veroudering sal plaasvind. Hiermee moet beide leerder en opleier rekening hou.

**Bron:** Dreckmeyer (1985:17) en Schoeman (1975:133)

#### **4.3.3 Diversiteit, verskeidenheid en behoeftegerigtheid**

Die verskeidenheid van informele leergeleenthede wat veral vir manlike gevangenes beskikbaar gestel word, is aanbevelenswaardig.

‘n Nuwe era van menseregte is met die nuwe grondwet van 1994 ingelei. Dit geld ook vir gevangenes. Daar word dus aanbeveel dat daar ‘n behoeftapeiling wat op keuses met betrekking tot watter leerbehoeftes bestaan, gedoen word voor opleiding ‘n aanvang neem. Uit die aard van die saak en om verskeie redes sou die Departement van Korrektiewe Dienste nie oorboord kan gaan nie, maar die geldigheid van en die motivering vir opleiding sal net verhoog word wanneer leerders kan kies en self besluit watter leergeleenthede hulle wil benut. Dit sal ook die bereiking van uitkomste dermate beïnvloed.

#### **4.3.4 Holisme en balans in leerprogramsamestelling en -aanbieding**

Vir hierdie doel kan leergeleenthede in drie basiese kategorieë geplaas word, naamlik die **kognitiewe, affektiewe en die psigo-motoriese**. Genoemde drie terreine beslaan die totale menswees en as vrouegevangenes uit die volgende areas leergeleenthede kon identifiseer, sou dit die versekering van holistiese opleiding kon bied:

**Tabel 4.2: Leergeleenthede**

KOGNITIEF	AFFEKTIEF	PSIGO-MOTORIES
Programme wat oorwegend dinkwerk insluit	Skeppende werk met ‘n emosionele strekking	Oog-hand-koördinasie - temas met klem op ; ioefening en herhaling

Indien die totale kurrikulum vir vrouegevangenes bogenoemde klassifikasie in ‘n gebalanseerde mate kan weerspieël, sou dit beslis kon meedoen aan die verwerkliking van die missie van die Departement van Korrektiewe Dienste.

Daar word dus aanbeveel dat 'n sisteemfilosofie met betrekking tot programsamestelling en -aanbieding as't ware gevolg word. "Sisteem" in hierdie konteks sou dus impliseer dat verskeie programkomponente interaktief en simbioties figureer. Een komponent moet dan nie ten koste van 'n ander(e) oorbeklemtoon word nie. Te veel stokperdjietipe opleiding sou dus nie ten koste van 'n meer kognitiewe-tipe aktiwiteit aangebied word nie. Terselfdertyd sou programme met 'n affektiewe strekking in 'n gebalanseerde mate aandag kry. Dames sou dus blootgestel en/of bekendgestel kan word aan doelgerigte, uitkomsgerigte leergeleenthede in die kritiese, generiese lewensvaardighede soos byvoorbeeld:

- Onderhandelingsvaardighede
- Probleemplossing
- Om in 'n groep te kan werk en saamwerk
- Entrepreneurskap
- Omgewingsbewustheid en -bewaring
- Die benutting van tegnologie op 'n normatiewe manier
- Selfbewustheid en selfhandhawing
- Respek vir die self en ander
- Kommunikasievaardighede met meerderes sowel as minderes

#### 4.4 TEMAS VIR VERDERE NAVORSING

Studietemas wat voortvloeи uit die teks kan soos volg geïdentifiseer word.

- Die opleiding van opleiers (in 'n gevangeniskonteks)
- 'n Verdere situasie-analise met betrekking tot die moeder-kind-verhouding met spesifieke verwysing na die ontwikkeling en versorging van babas en kleuters
- Faktore wat die seleksie van leerinhoude vir die opleiding van vrouegevangenes beïnvloed.

- Die strukturering en formulering van leergeleenthede in ‘n gevangenis om aan die vereistes van die SAQA te voldoen en om in die Nasionale Kwalifikasieraamwerk te kan inpas.
- Die skryf van eenheidstandaarde vir leeraktiwiteite binne ‘n gevangenis.
- Krediettoedeling enakkreditering van leergeleenthede vir gevangenes.

#### 4.5 SLOT

In die aanvangsgedeeltes van hierdie teks het die navorsing die doel met hierdie projek uitgespel: verbeterde opleidings- en/of leergeleenthede vir vroue in die gevangenis. Namate die navorsing gevorder het, en veral na die voltooiing van die empiriese studie en die bevinding wat daaruit gespruit het, het dit duidelik geword dat vir vrouegevangenes, daar eintlik net van **leergeleenthede** sprake is, in teenstelling met hul manlike “ewekniee”, omdat daar van **opleidingsgeleenthede**, dit wil sê formele en meer kognitiewe, gestruktureerde opleidingskursusse, min sprake was.

Daar word met erkentlikheid en waardering kennis geneem van die Departement van Korrektiewe Dienste se Onderwys-en opleidingsmissie en die implementering daarvan en almal wat bydra tot die uitvoering van opleidingsvoornemens in ‘n gevangenis. Die navorsing bied egter hierdie ondersoek en die aanbevelings wat daaruit voortspruit tot die beskikking van almal wat hierdie missie moet realiseer. Die vertroue word uitgespreek dat die wenke wat aan die hand gedoen is, toepassing sal vind in bogenoemde missie en doelverwerkliking. Dit is **eenvoudig, prakties, lewensvatbaar en uitvoerbaar**, maar kan ‘n beduidende verskil maak: nie alleen vir die vrou in die gevangenis nie, maar ook vir die persoon wat die leergeleenthed moet bestuur. Ook vir diegene wat na die psigiese welsyn van gevangenes omsien, dit wil sê dié persoon(e) wat tot die positiewe ingesteldheid en die aanvaarding van die situasie deur die gevangene moet bydra, en trouens, vir almal wat deel vorm van ‘n gevangene se leefwêreld.

## BIBLIOGRAFIE

- Bruyn, HJ. 1995. **Departement van Korrektiewe Dienste: Jaarverslag, 1995.** Parow, Kaapstad.
- Calitz, LP., Du Plessis, SJP. en Steyn, IN. 1982. **Die kurrikulum: 'n handleiding vir dosente en onderwysers.** Durban, Butterworths.
- Cawood, J. 1976. **Die Voorbereiding en Voortgesette Opleiding van Onderwysleiers in Andragogies-didaktiese perspektief.** D-Ed -proefskrif. Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch.
- Cawood, J., Muller, FB. en Swartz, JFA. 1982. **Grondbeginsels van die Didaktiek** Kaapstad: Nasou.
- Curzon, LB. 1985. **Teaching in Further Education An Outline of Principles and Practice.** Derde Uitgawe. Londen: Holt, Rinehart & Winston.
- Davies, IK. 1976. **Objectives in Curriculum Design.** Londen, McGraw-Hill.
- De Corte, E., Geerligs, CT., Lagerweij, NAJ., Peters, JJ. en Vandenberghe, R. 1981. **Beknopte Didaxologie.** Vyfde druk. Groningen. Wolters-Noordhoff.
- Die Burger, 10 Augustus 1998, Kaapstad.
- Die Burger, 6 April 1996, Kaapstad.
- Die Burger, 9 Maart 1996, Kaapstad.
- Doll, RC. 1986. **Curriculum Improvement: Decision Making and Process.** Sesde Uitgawe. Boston: Allyn and Bacon.
- Dreckmeyr, M. 1985. **Didaktiek BEd. Studiegids 1 vir OD1402-D.** Pretoria: Unisa.
- Dreckmeyr, M. 1989. **Didaktiek.** Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika (Enigste studiegids vir ODI401-C).
- Duminy, PA. & Söhnge, WF. 1981. **Didaktiek: Teorie en Praktyk.** Kaapstad: Longman Penguin.
- Du Toit, H.C. **Outcomes-based education and training and the implications of NQF principles for curriculum development at higher education institutions.** Lynwood Ridge: Certification Council for Technikon Education, 1999.

- Finch, CR. & Crunkilton, JR. 1984. **Curriculum Development in Vocational and Technical Education.** Boston: Allyn-Bacon.
- Fox, V. 1977. **Introduction to Corrections**, Tweede Uitgawe. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall.
- Fraser, WJ., Loubser, CP. en Van Rooy, MP. 1992. **Didactics for the Undergraduate Student.** (Tweede Uitgawe), Kaapstad: Butterworths
- Gagné, RM. 1985. **The Conditions of Learning and the Theory of Instruction.** Vierde Uitgawe, New York: CBS Publishing.
- Gagné, RM. & Briggs, LJ. 1979. **Principles of Instructional Design.** Tweede Uitgawe, New York: Holt, Rinehart & Winston.
- Gronlund, NE. 1971. **Measurement and evaluation in teaching.** Tweede Uitgawe, New York: Macmillan.
- Guilford, JP. 1967. **The Nature of Human Intelligence.** New York: McGraw-Hill
- Hill, JS. 1974. **Kriteria vir die seleksie en ordening van kurrikuluminhoud.** D Ed -proefskrif. Pretoria, Universiteit van Pretoria.
- Kaufman, R. & English, FW. 1979. **Needs assessment. Concept and Applications.** New Jersey, Educational Technology Publications.
- Kelly, AV. 1977. **The Curriculum: Theory and Practice.** Londen, Harper & Row
- Krüger, RA. 1980. **Beginsels en kriteria vir kurrikulumontwerp.** Pretoria, HAUM
- Landman, WA. 1985. **Fundamentele Pedagogiek en Kurrikulumstudie.** Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- McNeil, JD. 1990. **Curriculum: A comprehensive introduction.** Vierde Uitgawe, Boston: Little and Brown.
- Merton, RK. & Nisbet, RA. 1977. **Contemporary Social Problems** s. New York: Harcourt.
- Moser, CA & Kalton, G. 1971. **Survey methods in social investigation.** Tweede Uitgawe, London: Heinemann Educational.
- Mostert, JM. 1985. **Situasie-analise en die doelstellings vir vakkurrikula.** Pretoria. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Verslag 0-285.
- Nadler, L. 1998. **Designing training programs. The critical events model.** Tweede Uitgawe. Massachusetts: Addison-Wesley
- Nadler, L. 1982. **Designing training programs. The critical events model.** Massachusetts : Addison-Wesley.

- Neser, JJ. [Red.] 1989. **Penitensiére Psigologie: Perspektief en Praktyk.** Johannesburg: Lexicon.
- Odendal, FF., Schoonees, PC., Swanepoel, CJ., Du Toit, SJ. en Booyen, CM. 1985. **Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.** (Tweede Uitgawe), Johannesburg: Perskor-Uitgewery.
- Oosthuizen, R. 1994. **Die ontwikkeling en evaluering van 'n opleidingsprogram in Selfinsig.** M. Comm (Bedryfsielkunde), Universiteit van Stellenbosch.
- Ornstein, AC. & Hunkins, F. 1993. **Curriculum. Foundations, Principles and Theory.** Tweede Uitgawe, Boston: Allyn & Bacon.
- Patrick, J. 1992. **Training: Research and Practice.** Londen: Academic Press.
- Perkins, HV. 1974. **Human Development and Learning.** Tweede Uitgawe, Belmont: Wadsworth.
- Phillips, JJ. 1987. **Handbook of Training Evaluation and Measurement Methods.** Houston: Gulf.
- Rabie, A. 1996. Direkteur, Departement Beleidmaking, Korrektiewe Dienste,  
**Informele samespreking gehou op 21 Oktober 1996, Skool vir Onderwysersopleiding, Kaapse Technikon.**
- SAQA - South African Qualifications Authority 1997. Bulletin 1(1), Mei/Junie
- Schoell, WF. & Ivy, TT., 1982. **Marketing: Contemporary concepts and practices.** Boston: Allyn and Bacon.
- Schoeman, PG. 1975. **Grondslae en Implikasies van 'n Christelike Opvoedingsfilosofie.** Bloemfontein: Sacum.
- Sitole, K. 1995. **Departement van Korrektiewe Dienste: Jaarverslag 1996.** Parow, Kaapstad.
- Sitole, K. 1997. **Department of Correctional Services: In Review 1997.** Pretoria.
- Slabbert, BR. 1982. **Die voorbereiding en voortgesette didaktiese opleiding van dosente aan tersiére onderwysinstellings.** D Ed-proefskrif. Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch.
- Söhnge, WF. & Dreckmeyr M. 1993. **Kurrikulering.** Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (Enigste studiegids vir ODI442-M).
- Strydom, AH. 1981. **Die Didaktiek as deeldissipline.** Bloemfontein: Sacum.

- Suid-Afrika. 1998. Wet op Korrektiewe Dienste, Wet no.111 van 1998.  
Pretoria, Staatsdrukker.
- Taylor, CA. & Young, RH. 1985. **‘n Werkskema vir die bepaling van doelstellings vir Geskiedenisonderrig op skool.** SA Tydskrif vir Opvoedkunde, (5), 203-207.
- Toch, H. 1976. **Peacekeeping: Police, Prisons and Violence.** Massachusetts: Lexington.
- Tracey, WR. 1992. **Designing Training and Development Systems.** Derde Uitgawe.  
New York: Amacom.
- Van der Stoep, F. & Louw, WJ. 1982. **Inleiding tot die Didaktiese Pedagogiek.**  
Pretoria: Academica.
- Van Dyk, PS., Nel, PS. en Loedolff, P. v. Z. 1993. **Training Management.**  
Kaapstad: Southern Book Publishers.
- Van der Horst, H. & McDonald, R. (1997). **OBE Outcomes Based Education: A Leader’s Manual.** Kagiso Publishers, Pretoria.
- Vrey, JD. 1992. **Die opvoeding in sy selfaktualisering.** Universiteit van Suid-Afrika,  
Pretoria.
- Weigand, JE. 1971. **Developing Teacher Competencies.** New Jersey: Prentice Hall.
- Welgemoed, SM. 1989. **Die Professionalisering van die Toeristebegleier in Suid-Afrika: ‘n Didaktiese studie.** D Ed-proefskrif Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika.
- Witskrif, 1995. **Onderwys en Opleiding Witskrif, 1995.**
- Zais, RS. 1976. **Curriculum: Principles and Foundations.** New York Harper & Row.

## **BYLAAG A**



8 March 1999

Provincial Commissioner : Gauteng  
Private Bag X393  
PRETORIA  
0001

Fax: (012) 3256986

**ATTENTION: Mr T E Nxumalo**

Dear Sir

**RESEARCH QUESTIONNAIRE**

When contacted, the Deputy Director, Education and Training referred us to you as the relevant person to assist in having a research questionnaire completed.

The questionnaire accompanying this letter features as part of a study towards a Masters degree in Technology: Education and arises out of a research interest in training programmes offered to women in prison. The quantitative data obtained by means of this questionnaire will serve as a basis for conducting an analysis of learning opportunities for this specific target group with a view to making recommendations on their possible reinforcement. Once this analysis is complete, you are welcome to a copy of any recommendations bases on this questionnaire.

We would therefore greatly appreciate your co-operation and support in having this questionnaire completed and returned to us by fax, as soon as possible, but not later than 26 March 1999. Please fax the attached questionnaire for **attention to Prof M Welgemoed** at the above fax number.

Yours faithfully

YVETTE BASSON-REGUE  
pp Prof M Welgemoed

**Please provide detail regarding the Training Programmes offered at your institution on this template**

Name of Institution	Type of programme	Participants (learners)	Numbers (estimated)	Duration	Facilities	Outcome of training	Contents	Testing of results/award
EXAMPLE: Polsmoor	Sewing needlework	Ladies age 20-50	10-15	10-20 sessions	Tea room sewing machines, other equipment	*make a skirt	*Cutting out * seams *attach band *hems	Completed article Means pass No certificate

**NB    You may complete more than one template – it will be welcomed**

# **TRAINING PROGRAMMES FOR WOMEN PRISONERS:**

## **A NEEDS ANALYSIS**

Please provide as much information as possible on the questions below. Your support will enable us to structure the Training Programme Design which forms part of the research undertaken.

Kindly write the detail into the block provided.

QUESTIONS (to be answered on the template provided. An example is included for your convenience)

- Which programmes are currently offered to women prisoners?
- What is the duration of such a programme or programmes respectively?  
(How long do they take?)
- Where (venue) are these offered? Which facilities are available?
- Who takes part in these learning opportunities? What prior knowledge do they have? What can they already do in this context? How many learners are involved?
- Do they specify the outcome of a course i.e. do learners know what they should be able to do at the completion of the programme?
- More or less – what content is included in the programme(s) mentioned?
- Do you assess (test) whether learners have actually achieved (mastered) what they were supposed to learn? How do you assess this?
- Do you issue a certificate or other award as proof of the learning outcome?

Thank you very much. You may also attach any additional documentation you may have available.

## **BYLAAG B**



G 127

SAARVANGENISDienste DEPARTEMENT VAN KORREKTIWE DIENSTE  
SAARVANGENISDienste DEPARTMENT OF CORRECTIONAL SERVICES

POYNTONSENTRUM/CENTRE  
WESBLOK/WEST BLOCK  
KERKSTRAAT 124 CHURCH STREET  
PRETORIA  
0001

P/Sak X136  
P/Bag

207-9111

"KOMVANG"

Teleks 322396  
Telex

Me Y C Basson  
Kaapse Technikon  
Posbus 652  
KAAPSTAD  
8000

U verwysing Your reference.....	19.....
My verwysing My reference.....	8/7/1 19.....
Navrae Enquiries.....	Marizané Rousseau 3072261 Tel. No. ....

Geagte Me Basson

NAVORSINGSAANSOEK : EVALUERING VAN NIE FORMELE ONDERWYSPROGRAMME VIR  
VROUEGEVANGENES

U aansoek om die bogenoemde navorsing in die Departement van Korrektiewe Dienste te onderneem is goedgekeur en Mev Anette de Vries by die Brandvlei Jeugsentrum is as interne begeleier vir die projek aangewys.  
U kan haar kontak by telefoonnummer (0231) 94010.

Hierby aangeheg is 'n onderneming waarin die voorwaardes vir u navorsing vervat is. Hierdie onderneming moet asseblief deur u onderteken en aan hierdie kantoor terug gestuur word.

Kontak asseblief hierdie kantoor indien u enige navrae het.

Met vriendelike groete

namens KOMMISSARIS: KORREKTIWE DIENSTE  
ASD/NAVORSINGSADMINISTRASIE  
K A LEAK

1927IMR.RH

Rig alle korrespondensie aan die Kommissaris van Gevangenisse en nie aan individuele lede nie. Meld asseblief my bogemeide verwysingsnommer in u antwoord.

Address all correspondence to the Commissioner of Prisons and not to individual members. Please quote my above reference number in your reply.

O N D E R N E M I N G

ONDERNEMING AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN:

DEPARTEMENT VAN KORREKTIEWE DIENSTE

EN

ME. YRETTE C BASSON  
(NAVORSER)

## 1. ONDERNEMING

Ek Me Yvette Basson  
 het by Kaapse Technikon ingeskryf  
 ter verwerwing van MTECH ONDERWYS graad.  
 Ter verwerwing van bogemelde graad moet ek 'n verslag/skripsie/  
 verhandeling/ proefskrif indien onder die titel  
EVALUERING VAN DIE FORMELE ONDERWYSPROGRAMME  
VIR VLOUEGEVANGENES

---



---

Ek verlang om navorsing in die Departement van Korrektiewe Dienste (SA) te doen. Ek onderneem om die inligting wat ek aldus bekom op 'n gebalanseerde en verantwoordelike manier en met inagneming van die perspektiewe en praktiese realiteite van die Departement van Korrektiewe Dienste (hierna genoem "die Departement") in my gemelde verslag/ skripsie/ verhandeling/ proefskrif te gebruik. Ek onderneem verder om my by die volgende voorwaardes te hou:

1.1 Optrede in die Gevangenis

- 1.1.1 Die navorsing moet nie die normale roetine van die gevangenis ontwrig nie en moet binne kantoorure plaasvind.
- 1.1.2 Dokumentasie mag nie uit leers verwyder word, of sonder vooraf goedkeuring van die Kommissaris van Korrektiewe Dienste gereproduseer word nie.
- 1.1.3 Wanneer die betroubaarheid van die meetinstrument tydens toesing nie in gedrang sal kom nie, moet dit binne sig en gehoor van 'n lid of lede van die Suid-Afrikaanse Korrektiewe Dienste plaasvind, andersins buite gehoor.
- 1.1.4 Kantoorruimte vir die afneem van toetse en onderhoude moet in oorleg met die betrokke Hoof van die Gevangenis bepaal word.
- 1.1.5 Enige probleem wat tydens die ondersoek ondervind word, moet onmiddellik by die Hoof van die betrokke gevangenis aanhangig gemaak word.
- 1.1.6 Identifikasie-dokumente moet op aanvraag by die gevangenis getoon word en tydens die besoek aan die persoon gedra word.
- 1.1.7 Wapens of ander ongeoorloofde artikels mag nie in die gevangenis ingeneem word nie.
- 1.1.8 Geld en ander noodsaaklike artikels wat wel aan die navorsers se persoon gedra word, word op eie risiko in die gevangenis ingeneem. Behalwe dit wat nodig is in die proses van navorsing, byvoorbeeld handleidings, vraelys-

te, skryfbehoeftes ensovoorts, mag niks anders aan gevangenes oorhandig word nie.

1.1.9 Navorsers moet gevangenes omsigtig benader betreffende hul voorkoms en optrede en moet bedag wees op manipulering deur gevangenes. Die betrokke Hoof van die Gevangenis se beslissing in die verband is deurslaggewend.

1.1.10 Geen gevangene mag onder die indruk gebring word dat sy/haar samewerking persoonlike voordeel sal/kan inhou nie.

1.2 Algemene bepalings wanneer navorsing in gevangenissoeke gedoen word

1.2.1 Die navorsing moet op so 'n wyse deurgevoer word dat dit nie later gebruik kan word om vir die Departement van Korrektiewe Dienste/ lede van die Departement/gevangenes/ Korrektiewe toesiggevalle of hul gesinne in die verleenheid kan stel nie.

1.2.2 Deelname aan die navorsing deur lede/ gevangenes/ Korrektiewe toesiggevalle en hulle gesinne moet vrywillig wees en sodanige bereidwilligheid moet skriftelik aangedui word.

1.2.3 Gevangenes/ Korrektiewe toesiggevalle of hulle gesinne mag nie op enige wyse geïdentifiseer word, of kan word nie.

1.2.4 Vraelyste/skedules vir onderhoude moet voor gebruik aan die Assistant-Direkteur Navorsingsadministrasie by Hoofkwartier voorgelê word vir goedkeuring.

1.2.5 Ten einde die Departement in staat te stel om tydig insette te kan lewer om sy behoeftes te ondervang moet die verslag/skripsie/verhandeling/proefskrif verkieslik soos wat dit voltooi word hoofstuk vir hoofstuk aan u interne begeleier voorsien word.

1.2.6 Navorsingsbevindings of enige inligting bekom tydens die navorsing mag nie sonder skriftelike magtiging van die Kommissaris van Korrektiewe Dienste gepubliseer word of op enige ander wyse bekend gemaak word nie. Tot tyd en wyl goedkeuring verkry is:

- Berus die eiendomsreg en kopiereg van al bogenoemde geskrifte en dokumente by die Departement van Korrektiewe Dienste wie hom die reg voorbehou om 'n beperking op die gebruik van die inligting te plaas.

- Mag gemelde skrifte en dokumente op geen wyse hoegenaamd gebruik of gepubliseer word deur die navorser nie of enige ander persooon of instansie nie.
- 1.2.7 Die navorser moet twee maande voordat hy die verslag-/skripsie/verhandeling/proefskrif by die Universiteit vir beoordeling inhandig, die volledige ongebinde dokument aan die Assistent-direkteur Navorsingsadministrasie beskikbaar stel, sodat die Departement kan kyk na die korrektheid van die inhoud. Die navorser moet dan wag vir skriftelike goedkeuring vanaf die Departement van Korrektiewe Dienste voordat hy sy verslag/skripsie/verhandeling/proefskrif by die Universiteit mag indien vir beoordeling.
- 1.2.8 Van die navorser word verwag om te verklaar dat die bevindinge waartoe hy/sy gekom het onafhanklik is en nie noodwendig die mening van die Departement van Korrektiewe Dienste is nie.
- 1.2.9. 'n Eksemplaar van die finale verslag/skripsie/verhandeling/proefskrif moet vir verdere gebruik aan die Departement voorsien word.
- 1.2.10 Na voltooiing van u navorsing kan daar van die navorser verwag word, om 'n artikel te skryf, vir moontlike publikasie in 'n plaaslike of internasionale tydskrif. Enige geld betaalbaar in hierdie verband sal aan die outeur gaan.
- 1.2.11 Tesame met hierdie ooreenkoms moet die navorser 'n skrywe van sy promotor aanheg waarin die promotor spesifiek vermeld dat hy kennis geneem het van die inhoud van hierdie onderneming, waarin hy moet aandui indien hy enige probleme met die voorwaardes voorsien.
- 1.2.12 Navorsing ter verwerwing van kwalifikasies geskied op eie tyd en koste behalwe waar dit uitdruklik anders gematig word tydens die aanvanklike goedkeuring van die navorsing.

## 2. INTERNE BEGELEIER

Die navorser aanvaar dat 'n Interne Begeleier aangestel deur die Departement van Korrektiewe Dienste op 'n deurlopende basis tydens die navorsing kragtens die volgende riglyne begeleiding sal verskaf. Sy taak gaan dus wees om:

- 2.1 Te help met die vertolking van beleidsriglyne. Hy sal moet toesien dat die navorser vertroud is met die beleid oor die funksionele terrein van die navorsing.
- 2.2 Te help met die interpretasie en gebruik van informasie/statistieke en terminologie van die Departement waarmee die

navorser dalk onbekend is.

- 2.3 Sensitiewe inligting wat vir die Departement verleentheid kan inhoud te identifiseer en om aanbevelings te maak oor die benutting en hantering van sulke inligting het sy dit verkry is uit dokumentasie of deur onderhoude met gevangenes.
- 2.4 In oorleg en in vennootskap met die navorser, aanbevelings aan die Departement van Korrektiewe Dienste se Bestuur te maak oor die verdere benutting en gebruikmaking van navorsingsresultate, publikasiemoontlikhede of moontlike beperkings op die publikasie daarvan, asook oor die moontlike implementering van die bevindings en aanbevelings van die navorser.
- 2.5 Skriftelik 'n volledige vorderingsverslag oor die navorsing aan te vra, waaraan die navorser binne veertien dae vanaf ontvangs van die versoek moet voldoen. (Deurlopende skakeling en betrokkenheid van die interne begeleier sal noodsaaklik wees). Die navorsing bly egter die navorser se eie werk en die interne begeleier mag dus nie voorskrywend wees nie. Sy taak is hulpverlening en nie om die navorser 'n bepaalde denkrichting te dikteer nie.

### 3. SKADELOOSTELLING

Die Navorser doen afstand van enige eis wat hy teen die Departement van Korrektiewe Dienste mag hê en vrywaar die Departement teen enige eise, insluitende regskostes op 'n prokureur en kliënte skaal wat teen laasgenoemde ingestel mag word deur enige ander persoon, insluitende 'n gevangene.

### 4. KANSELLASIE

Die Kommissaris van Korrektiewe Dienste behou die reg voor om te eniger tyd magtiging tot navorsing terug te trek en te kanselleer, indien die bovenoemde bepalings nie nagekom word nie en/as die navorsing nie die verwagtinge bevredig nie. In so 'n geval of in geval waar die navorser besluit om die navorsing te staak, moet alle informasie en data verkry deur skakeling met die Departement, terugbesorg word aan die Departement en sulke informasie en data mag op geen manier gepubliseer word in enige publikasie sonder die goedkeuring van die Kommissaris van Korrektiewe Dienste nie. Die Kommissaris van Korrektiewe Dienste behou ook die reg om dié navorsing aan 'n ander navorser toe te ken.

### 5. VOORSTELLINGS

Die Navorser erken dat daar geen voorstellings, behalwe as dié in hierdie Onderneming vervat, gemaak is wat geleid het tot die sluiting van hierdie Onderneming nie.

**ONDERTEKENING**

Geteken by Kaapse Technikon op 11 de  
dag van September 19 96

Bosman  
NAVORSER

**GETUIES:**

Bogenoemde navorser het hierdie Onderneming in my teenwoordigheid onderteken.

M.S. Kotzen

Datum: 11/9/96  
Datum: 11/9/96

## **BYLAAG C**

*Tel.: (021) 460 3579 (w)  
(021) 905 5474 (h)  
Fax.: (021) 461 0890 (w)*

Koöperatiewe Onderwys  
Kaapse Technikon  
Posbus 652  
KAAPSTAD  
8001

5 Junie 1996

Me Geraldine Frazer-Moleketi  
Minister van Welsyn en Ontwikkeling  
Privaatsak X9141  
KAAPSTAD  
8000

Geagte Me Frazer-Moleketi

Ek is 'n student aan die Kaapste Technikon, besig met my Meeestersgraad in Naskoolse Onderwys. My navorsingsprojek is gebaseer op Opleiding vir vroue in die gevangenis. Ek sou graag 'n studie wou maak van vroue in die gevangenis, die opleiding wat daar aangebied word, indien enige.

Probleme soos werkloosheid, onbetrokkenheid in die gemeenskap ens. kan moontlik deur so 'n studie opgelos word. Die feit dat daar baie min opleidingsgeleenthede vir die vrou geskep word, veral die onbereikbare vroue soos bv. gevanganisse, ens. Om die vrou erkenning in die samelewing te gee. Om die vrou die geleentheid te gee om haar omstandighede te verbeter om haar in staat te stel omanneer sy haar vonnis uitgedien het, haarself konstruktief besig te hou. Die gemeenskap speel 'n baie belangrike rol in hierdie verband, alhoewel die gevangene haarself bewys het en gereed is om haar lewe konstruktief te benut, hang dit totaal van die gemeenskap af of sy aanvaar sal word al dan nie.

Daar is huidig gevanganisse wie betrokke is by die opleidingsprogramme, maar daar is 'n behoefte by die vroue om te kan kommunikeer en prakties betrokke te raak. Hulle moet saamlewe met die feit dat hulle hul kinders in die gevangenis moet opvoed.

Met hierdie agtergrondkennis, wil ek u vra vir enige inligting wat my kan help met my studie. Inligting in verband met kinders en vrouens sal hoog op prys gestel word.

Ek sal baie graag wil weet watter opleidingsprogramme u gebruik vir die vrou en wat dit alles behels.

Ek hoop dat u my sal kan ondersteun in hierdie verband.

By voorbaat dank.

Groete

Yvette Basson (Me)  
NAGRAADSE STUDENT: KAAPSE TECHNIKON  
MANAGEMENT



ADJUNKMINISTER VIR WELSYN EN BEVOLKINGSONTWIKKELING  
MOTLATSA-TONA WA PABALLO LE THLABOLLO YA SECHABA  
ISEKELA LIKA NGQONGQOSHE WEZENLALAKAHLE NOKUTHUTHUKISWA KOMPHAKATHI

Republic of South Africa  
Republiek van Suid-Afrika

Privaatsak/Private Bag X9141 Kaapstad/Cape Town 8000

Tel. No.: (021) 45 1257 Fax: (021) 45 6439

45 1277

Privaatsak/Private Bag X733 Pretoria 0001

Tel.: (012) 326 5815/6/7 Fax: (012) 323 0089

Reference number:

Verwysingsnommer:

8 | 6

Me Yvette Basson  
Nagraadse Student  
Koöperatiewe Onderwys  
Kaapse Technikon  
Posbus 652  
**KAAPSTAD**  
8000

1996 -06- 14

Geagte me Basson

**OPLEIDING VIR VROUWE IN DIE GEVANGENIS**

Me Geraldine Fraser-Moleketi, Adjunkminister vir Welsyn en Bevolkingsontwikkeling, het my versoek om ontvangs te erken van u brief gedateer 5 Junie 1996.

Hierdie aangeleentheid is die verantwoordelikheid van die Departement van Korrektiewe Dienste en ek het gevolglik die vrymoedigheid geneem om u skrywe na die Minister van Korrektiewe Dienste te verwys.

Vir u inligting word die betrokke adres hieronder verstrek:

Dr SE Mzimela  
Minister van Korrektiewe Dienste  
Privaatsak X9131  
**KAAPSTAD**  
8000

Met vriendelike groete

*Yvette Basson*  
ADMINISTRATIEWE SEKRETARIS



Privaatsak X9131  
Private Bag  
Kaapstad • Cape Town  
8000  
Tel: 462-2314/5/6  
Fax: 45-4375  
Verwysing • Reference

3/A22-8/7  
19 Junie 1996

Me Y Basson  
Koöperatiewe Onderwys  
Kaapse Technikon  
Posbus 652  
KAAPSTAD  
8001

Geagte me Basson

**NAVORSINGSPROJEK : OPLEIDING VAN VROUWE IN GEVANGENISSE**

In opdrag van dr S E Mzimela LP, Minister van Korrektiewe Dienste, erken ek ontvangs van u brief gedateer 5 Junie 1996 wat deur die Adjunk-ministerie vir Welsyn en Bevolkingsontwikkeling na hierdie Ministerie verwys is.

Die aangeleentheid is na die Kommissaris : Korrektiewe Dienste verwys vir sy aandag en u kan derhalwe binnekort 'n verdere mededeling van sy kantoor verwag.

Die uwe

JG SMALBERGER  
ADMINISTRATIEWE SEKRETARIS

**Tel: (021) 460 3579 (w)  
(021) 905 5474 (h)**

**Fax: (021) 461 0890 (w)**

Koöperatiewe Onderwys  
Kaapse Technikon  
Posbus 652  
KAAPSTAD  
8001

5 Junie 1996

Mnr Ebrahim Rasool  
Minister van Gesondheid en Welsyn  
Privaatsak X69161  
KAAPSTAD  
8000

Geagte mnr Rasool

Ek is 'n student aan die Kaapste Technikon, besig met my Meestersgraad in Naskoolse Onderwys. My navorsingsprojek is gebaseer op Opleiding vir vroue in die gevangenis. Ek sou graag 'n studie wou maak van vroue in die gevangenis, die opleiding wat daar aangebied word, indien enige.

Probleme soos werkloosheid, onbetrokkenheid in die gemeenskap ens. kan moontlik deur so 'n studie opgelos word. Die feit dat daar baie min opleidingsgeleenthede vir die vrou geskep word, veral die onbereikbare vroue soos bv. gevangenisse, ens. Om die vrou erkenning in die samelewing te gee. Om die vrou die geleentheid te gee om haar omstandighede te verbeter om haar in staat te stel om wanneer sy haar vonnis uitgedien het, haarself konstruktief besig te hou. Die gemeenskap speel 'n baie belangrike rol in hierdie verband, alhoewel die gevangene haarself bewys het en gereed is om haar lewe konstruktief te benut, hang dit totaal van die gemeenskap af of sy aanvaar sal word al dan nie.

Daar is huidig gevangenisse wie betrokke is by die opleidingsprogramme, maar daar is 'n behoefte by die vroue om te kan kommunikeer en prakties betrokke te raak. Hulle moet saamlewe met die feit dat hulle hul kinders in die gevangenis moet opvoed.

Met hierdie agtergrondkennis, wil ek u vra vir enige inligting wat my kan help met my studie. Inligting in verband met kinders en vrouens sal hoog op prys gestel word.

Ek sal baie graag wil weet watter opleidingsprogramme u gebruik vir die vrou en wat dit alles behels.

Ek hoop dat u my sal kan ondersteun in hierdie verband.

By voorbaat dank.

Groete

Yvette Basson  
**NAGRAADSE STUDENT: KAAPSE TECHNIKON**  
NAK NASKOOL LET

ENQUIRIES  
NAVRAE  
NABUZO

TELEPHONE  
TELEFOON  
IPOWUNI

REFERENCE  
ERWYSING  
SALATHISO

DATE  
DATUM  
UMHLA

MEV S FOLLENTINE

(021) 4103 400

28 JUNIE 1996

PROVINCIAL ADMINISTRATION: WESTERN CAPE

Department of Social Services

PROVINSIALE ADMINISTRASIE: WES-KAAP  
Departement Van Maatskaplike Dienste

ULAWULO LWEPHONDO: INTSHONA KOLONI  
*Icandelo Nenhlala Kahle*

Yvette Basson  
Kooperatiewe Onderwys  
Kaapse Technikon  
Posbus 652  
**KAAPSTAD**  
8001

Geagte Me Basson

### INFORMASIE RAKENDE PROGRAMME AAN VROUE IN GEVANGENISSE

U skrywe van 5 Junie 1996 wat aan Minister E Rasool gerig is, is aan ons verwys vir verdere aandag..

Ongelukkig kan ons u nie baie behulpsaam wees nie aangesien proefbeamptes en/of maatskaplike werkers van die Department van Welsyn geen programme in die gevvangenis aanbied nie. Maatskaplike werkers van NIMRO het egter vir 'n baie kort tyd programme aan verhoorafwagtende jeugdiges in Pollsmoor gevvangenis aangebied. Die programme is egter meer as vyf jaar gelede reeds gestaak weens mannekrag asook toegangsbewyse probleme.

Die personeel van die Departement van Korrektiewe Dienste behoort, na my wete, die programme aan veroordeelde gevangenes, insluitende vrouens, in die gevvangenis aan te bied. Die Department van Welsyn is net verantwoordelik vir verhoorafwagtende jeugdiges, maar nie vir volwassenes nie. Hierdie taak kan ook nie behoorlik deur proefbeamptes uitgevoer word nie, weens tekort aan mannekrag. Daarom word voorgestel dat u by die Department van Korrektiewe Dienste moet gaan aanklop om die beoogde navorsingstudie te onderneem. Hierdie Departement bied ook geen opleidingsprogramme aan vroue

50 BUITEKANT STREET  
PRIVATE BAG X9112  
CAPE TOWN  
8000  
FAX (021) 461-0114

BUITENKANTSTRAAT 50  
PRIVAAKSAK X9112  
KAAPSTAD  
8000  
FAX (021) 461-0114

gevangenes aan nie, en daar is ook geen inligting rakende die kinders en moeders in die gevangenis wat aan u verskaf kan word nie. Hierdie inligting kan ook van die Departement van Korrektye Dienste bekom word.

Die uwe



**SHARON FOLLENTINE**  
**DIREKTEUR: MAATSKAPLIKE DIENSTE**